# Openbaring

## 'n Boek van Hoop



Louis Nel

# Openbaring

## 'n Boek van Hoop

Louis Nel

Voorblad: Ontwerp deur Louis Nel

Julie 2020

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

Voorwoord
1 Boek van Hoop
2 Die Brief
3 Hy Kom op die Wolke
4 Die Visioen
5 Brief aan Efese
6 Staan Vas in Verdrukking
7 Pergamum
8 Isebel van Tiatira
9 Sardis
10 Filadelfia
11 Louwarm Laodisea
12 God se Troonkamer
13 Die Lam van God
14 Ses Seëls
15 144'000
16 Die Ontelbare Skare
17 Die Sewende Seël
18 Sprinkane met Angels
19 Monster-Perde
20 Die Bitter-Soet Boek

21 Twee Getuies
22 Die Sewende Trompet
23 Die Vrou en die Draak
24 Die Draak uit die Hemel Geskop
25 Die Dier uit die See
26 Die Dier uit die Aarde
27 Die Waterval
28 Hemel en Hel
29 Oesdag
30 Die Baai
31 Die Tempel Swaai Oop
32 Sewe Bakke
33 Die Vrou op die Dier
34 Wat Beteken die Dier?
35 Babilon Val!
36 Almal Huil
37 Die Bruilof van die Lam
38 Ruiter op die Wit Perd
39 Satan se Einde
40 Alles Nuut!
41 Die Nuwe Jerusalem
42 Jesus se Wederkoms

# Voorwoord

Was Openbaring maar altyd vir jou ‘n boek wat jy liewer nie lees nie, want jy verstaan hom nie? Dalk maak hierdie omstrede Bybelboek jou bang, of hoor jy van soveel verskillende uitlegte dat jy bang is dat jy dalk die verkeerde een sal lees? Dan is hierdie reeks oordenkinge spesiaal vir jou geskryf, want Openbaring was nooit bedoel om ‘n verborge Boek te wees nie, en die wonderlike hoop wat daaruit straal is balsem vir enige gelowige.

Hierdie reeks is nie bedoel om ‘n volledige Bybelstudie oor Openbaring te wees nie, maar bloot om jou gedagtes te prikkel en om jou te troos en vir jou hoop te gee.

In die tweede uitgawe is daar heelwat veranderinge aangebring. Die veranderinge raak egter geensins die uitleg of betekenis van die visioene nie, maar is bloot kosmeties van aard en meer beskrywend. Daar is ook drie ekstra hoofstukke bygevoeg aangesien

‘n paar hoofstukke in die eerste uitgawe ‘n té groot gedeelte probeer dek het, en pragtige beelde sodoende verlore gegaan het.

My innige bede is dat hierdie reeks oordenkinge vir jou ook soveel sal beteken as wat dit vir my beteken het terwyl ek dit geskryf het.

**Louis Nel**

# Boek van Hoop

## Inleiding tot Openbaring

## Luister

Om te luister na 'n klankopname van hierdie oordenking, klik op die “**Luister**” skakel hier bo.

Openbaring Gee Hoop! So kan ons sekerlik hierdie laaste boek in die Bybel opsom. Inderdaad is dit die mees omstrede boek in die Bybel, en baie mense vermy dit totaal. Dit is só propvol geheimsinnige simboliek, en meeste mense is bang dat hulle deurmekaar gaan raak. Ander weer, wil allerhande sensasionele interpretasies gee oor toekomstige gebeure wat hulle in hierdie boek raaklees. My oupa het Openbaring in ons ou Hollandse Familiebybel skoon stukkend gelees! Hierdie Bybelboek het hom diep aangegryp.

Hoe dit ookal sy: Openbaring het deur die eeue heen gedien as ‘n wonderlike inspirasie

vir menige kunstenaars. Dink byvoorbeeld aan daardie asemrowende komposisie van Händel, Die Messias, wat keer op keer trane in my oë bring as ek luister na die talle aangrypende liedere in die werk. Dink maar net aan die aangrypende Hallelujakoor en “Surely, He hath borne our griefs”. Michelangelo het nét soveel inspirasie uit Openbaring geput toe hy die “Laaste Oordeel” in die Sistynse kapel geskilder het.

Wat sê Openbaring vandag vir die moderne gelowige? Dit is inderdaad ‘n boek van hoop, maar terselfdertyd ook van vermaning. Dit sê vir ons dat God regeer en steeds in beheer bly, al lyk dit dikwels so verskriklik duister. Openbaring bied vir ons gerusstelling, en gee nuwe sin aan ons lewe. Verder reik Openbaring terug na die offer van die Lam in die verlede, en met dieselfde asem reik dit uit na die toekoms, die wederkoms van Jesus. Openbaring hou ons gelowiges ook op ons tone. En soos reuse rampe soos byvoorbeeld die verskriklike aardbewings en tsoenami’s en selfs ons huidige Kovid 19 krisis die

ganse wêreld geskud het, so wil Openbaring ons na God ruk. In Sy hand is die geskiedenis van die wêreld soos klei, en ons kan alleen tot Hóm ons toevlug neem. Uit Openbaring sien ons dat die geskiedenis nuwe betekenis kry.

Die outeur noem homself “Johannes”, wat beteken dat dit moontlik die Apostel Johannes kon wees, of dalk Johannes van Patmos. Daar is gladnie konsensus hieroor nie. Vir praktiese doeleindes neem ons aan dat dit wél die Apostel was. Hy noem Openbaring ‘n profetiese boek in 1:3. Dit is egter eerder ‘n onthullingsgeskrif of apokalips. Hy skryf hierdie boek terwyl hy in Klein-Asië is, ongeveer in die jaar 95 nC.

Die eerste lesers van die boek is die sewe gemeentes in Klein-Asië. Op daardie stadium het hulle geweldige vervolging ervaar onder die Romeine. Christene is beskou as ateïste omdat hulle geweier het om die ander gode te vereer. Dit sou glo die harmonie versteur tussen die mense en die gode, en

natuurrampe tot gevolg hê as hulle nie die ander gode aanbid nie. Boonop was die keiserverering en vrugbaarheidskultusse in gedrang, en die Romeine was nie gelukkig nie!

Hoe moet ons Openbaring verstaan? Daar is verskeie maniere om na hierdie boek te kyk. Om Openbaring te kan verstaan hoef jy nie elke klein detail te verklaar nie, maar jy moet die groot kontoere van God se boodskap volg. Sommige mense wil Openbaring woord-vir-woord letterlik verklaar. Soos dat die nuwe stad, Jerusalem, letterlik uit die Hemel sal neerdaal, en dat daar slegs 144'000 mense in die Hemel kan wees. In ander kringe word alles in Openbaring weer vergeestelik, en agter elke beskrywing 'n dieper geestelike betekenis gesoek. Ander wil aan Openbaring 'n historiese karakter gee, 'n bloudruk vir die geskiedenis van die verlede sowel as die toekoms. Inderdaad is die historiese faset in Openbaring baie belangrik, maar dit is baie meer as net 'n geskiedenishandleiding.

Om Openbaring werklik te kan verstaan moet ons eerstens besef dat dit ‘n apokaliptiese dramatiese vertelling is met ‘n profeties-eskatologiese gerigdheid. Dit beteken dat dit rekening hou met huidige sowel as toekomstige gebeure, maar gelowiges ook bemoedig en oproep om te glo, veral in moeilike omstandighede. Die kerk verteenwoordig die heerskappy van God op grond van die offer en die oorwinning van die Lam (Jesus). Openbaring is propvol simboliek en beeldspraak, en ons moet dit binne die kontoere van die boodskap lees en verstaan, dat God Sy heerskappy op aarde vestig.

In die voorwoord (1:1-3) sien ons dat hierdie boek ‘n openbaring of bekendmaking is. Meer nog: hierdie is ‘n Goddelike bekendmaking, en die boek het dus Goddelike gesag. Dit word verder beklemtoon deur die verskillende fases van die oorlewering: God gee die openbaring aan Jesus Christus wat Sy engel stuur om dit aan

Johannes bekend te maak en aan die sewe gemeentes as ontvangers.

Ek wil jou nou uitnooi om saam met my vir die volgende maand of twee ‘n ontdekkingsreis te onderneem deur hierdie wonderlike boek van God se openbaringe aan Johannes.

Gebed:

Here, maak asseblief my hart en oë en verstand oop, sodat ek die wonderlike boodskap wat U vir my deur die boek Openbaring wil gee ter harte kan neem.

# Die Brief

## Openbaring 1:1-6

## Luister

Briewe, regte egte briewe, geskryf met die hand deur ‘n geliefde dóér ver iewers, en met ‘n posseël op die koevert! Gróót lekkerte! Nostalgie!

Dis Saterdagoggend, en ek ry saam met Oupa dorp toe, na Waterval Boven om sy rondtes te gaan doen. Eers die bakhuis waar hy ‘n kan melk verruil vir twee kraakvars witbrode. Volgende stop is die hoogtepunt, die poskantoortjie, ‘n pragtige ou klipgebou. Oupa maak die posbus leeg, en nét daar staan hy eers en lees al die briewe smaakvol deur. Hy is só nuuskierig dat hy nie nog kan wag tot hy eers by die huis is nie.

Jare later lê ek in ‘n weermagtentjie naby Potchefstroom in die veld, en ek lees die brief wat ek die dag gekry het stukkend. Ek is vrek verlief, en baie ver van my Mosbolletjie

af. By die flou liggie van die paraffienlantêrn skryf ek weer terug oor al my ervaringe. En natúúrlik oor hoe verskriklik lief ek vir haar is! O, die soet herinneringe, vir altyd vasgevang op papier.

Openbaring is ‘n apokalips, maar anders as enige van die ander soortgelyke geskrif, is dit in brief-vorm, kompleet met briefaanhef en ’n briefslot. Die brief word geskryf aan die sewe gemeentes van Asië, en die skrywer sê dit kom van Johannes af. Daar is dus ‘n baie intieme band tussen die skrywer en die lesers, en hy het hulle omstandighede baie goed geken.

Hierdie brief van Johannes is egter nie sommer maar die gewone ou brief waar daar oor ditjies en datjies geskryf word nie. Reg van die eerste verse af is dit gepak met simboliek. Die getal “sewe” speel ‘n baie groot rol. Byvoorbeeld, sewe gemeentes van Asië, waar die getal “sewe” daarin die volmaakte getal beteken, en dit wil dus sê dat dit aan AL die Christelike gemeentes deur

die eeue gerig is. Dus ook aan JOU gemeente vandag! Ek moet dus besef dat die harde woorde wat gesê word dalk ook op MY van toepassing is, en dit moet my beweeg om introspeksie te doen.

In die voorwoord verduidelik Johannes kortliks waar die brief sy ontstaan gekry het. God het die openbaring aan Jesus gegee. Hy het dit weer vir Sy engel gegee om dit aan Johannes te oorhandig sodat hy dit aan die “sewe gemeentes” kan bekendmaak. Die openbaring gaan oor die dinge “wat binnekort moet gebeur”, die voltrekking van God se oordeel oor die ongehoorsame nasies. Maar dit gaan ook oor die finale vestiging van God se heerskappy.

Dit gaan dus nie net oor oordeel nie, maar ook oor seën vir diegene wat God se Woord ter harte geneem het.

Johannes skryf die brief namens Iemand wat baie groot en almagtig is. “Genade en vrede vir julle”, groet hy namens “Hom wat is en

wat was en wat sal kom". Baie jare tevore het God Homself aan Moses voorgestel as "DIE EEN WAT IS". Johannes gebruik nou dieselfde gedagte om te sê dat die eintlike ware Outeur van die boek God Almagtig is. Johannes wil verder die outoriteit waarmee hierdie brief geskryf is beklemtoon deur te noem van "Die sewe geeste voor die troon", wat God se mag en teenwoordigheid oor die hele wêreld heen uitdruk. Deur die Heilige Gees is God alomteenwoordig. Maar die groet kom ook van Jesus Christus. Hy word deur drie titels beskryf. Eerstens "die Geloofwaardige Getuie." Inderdaad is Hy 'n gewaarmerkte en getroue kommunikeerder van die Goddelike verlossingsbedoeling. Tweedens word Hy genoem, "die eerste wat uit die dood opgestaan het," oftewel die opgestane verheerlikte Christus. Hy het ons voorgegaan om 'n nuwe era in te lei. Derdens word na Hom verwys as "die Heerser oor die konings van die aarde". Deur Sy opstanding het Hy die Heerser en Koning

geword van die heelal. In Matteus 28:18 sê Jesus immers: “Aan My is alle mag gegee.”

Na hierdie groet sing Johannes ‘n lofprysing waarin hy Jesus se lof besing. Drie groot dinge noem Johannes wat Hy gedoen het. Eerstens, Sy liefde is so groot, dat Hy met Sy kosbare bloed vir ons sondes betaal het. Tweedens het Hy ons deur Sy bloed verlos van ons sondes. Derdens het hy ons, nietige mense, Sy Koninkryk en priesters gemaak.

God se groot motivering lê dus in liefde vir ons, en daarom het Hy Sy Seun gestuur om deur Sy dood en opstanding, verlossing en glorie vir ons te bring. Verder is ons as priesters nou namens God tussengangers tussen God en die wêreld. Hiermee het ons dus ‘n baie belangrike roeping, om namens God, die Koning, op aarde te heers en ook in te tree vir ander mense by God. Dit sou natuurlik ook die sending-gedagte insluit, want deur ander na God te lei, tree ons ook as tussengangers op.

Gebed:

Here, saam met Johannes wil ek vanoggend in aanbidding voor U neerval, want U is groot en goed en almagtig. Dankie vir U groot genade oor my as sondige, nietige mens. Gee my asseblief vandag die krag en moed en ywer om my roeping as heerser en priester ten volle uit te leef.

# Hy Kom op die Wolke!

# Openbaring 1:7-8

## Luister

‘n Groot opgewondenheid heers: ons helde is op pad terug na Suid Afrika! Ons Springbokspan het Suid-Afrika trots gemaak! Die wêreldbeker staan weereens op ons rakke! Die manne in groen-en-goud het net weereens gewys dat hierdie onbenullige klein landjie, Suid Afrika, die héél beste Rugbyspan in die wêreld het, selfs beter as Nieu Seeland! Op die lughawe word hulle met groot toejuiging deur ‘n reuse skare rugbygeesdriftiges ingewag, en die vreugdevure brand hoog!

Nou wat het rugby met Openbaring te doen? As die terugkoms van die Springbokke soveel entoesiasme en vreugde uitgelok het, hoeveel meer nog wanneer Jesus weer kom? Ons wag nou al reeds 2000 jaar vir daardie wonderlike dag, en die opgewondenheid is besig om op te bou

onder Jesus se “aanhangers”. Om die waarheid te sê, het Daniël alreeds 600 jaar vroeër van hierdie wonderlike gebeurtenis geskryf in Daniël 7:13. “**Daar het in die wolke Iemand aangekom, iemand soos ‘n menslike wese.**”

Ons lees in die Bybel op talle plekke van Godsverskynings, en elke keer is dit ‘n geweldige dramatiese gebeurtenis. Wanneer God aan Moses verskyn in die brandende doringbos, is dit die keerpunt in Moses se lewe. Hierdie gebeurtenis omvorm hom oombliklik van ‘n hakkelende skaapwagter na die grootste volksleier van alle tye, van ’n vlugteling na iemand wat die magtige Egiptiese Farao aanvat en die wispelturige Joodse volk oortuig dat hulle die woestyn moet intrek.

Nóg ‘n dramatiese Godsverskyning vind plaas met Jesus se geboorte. Die wêreld was in rep en roer, en mense het maande lank gereis om hierdie wonderlike gebeurtenis te kon beleef. ‘n Engelekoor het spesiaal uit die

Hemel neergedaal om luister te verleen aan daardie wonderlike gebeure. Daar was groot opgewondenheid!

Maar daar was ook diegene wat gladnie gelukkig was oor Jesus se geboorte nie. Herodus die Grote, onverskrokke strateeg, was woedend oor hierdie “Indringer” in sy magsryk. Terselfdertyd het hy ineengekrimp van vrees, want hierdie Baba was vir hom ‘n vreesaanjaende bedreiging waarvan hy ten alle koste ontslae moes raak. Die wrede babamoord en die weeklaag van bedroefde moeders wat deur die ganse Israel weergalm het, is geskiedenis.

Dertig jaar later, is daar weer ‘n Godsverskyning wanneer die Heilige Gees soos ‘n duif op Jesus neerdaal en God hoorbaar uit die Hemel praat.

‘n Verdere 3 jaar later, op die tyd deur God bestem, vind daar weereens ‘n Godsverskyning plaas toe Jesus aan die

kruis sterf na spot, teenstand, verwerping, verloëning, verraad en wrede marteling.

Terwyl Hy aan die vloekhout sterf, gebeur hierdie dramatiese Godsverskyning. Die son verduister, ‘n magtige aardbewing breek die klippe rondom Golgota oop, die voorhangsel van die tempel skeur middeldeur, en dooies staan uit hulle grafte op. Selfs geharde Romeinse soldate is só geroer deur hierdie gebeurtenis dat hulle voor almal bely dat Jesus waarlik die Seun van God is!

Nie lank na hierdie gebeure nie, is daar wéér ’n Godsverskyning, op Pinksterdag, toe die Heilige Gees uitgestort word. Só asemrowend aangrypend was hierdie gebeure, dat drieduisend mense nét daar en dan tot bekering gekom het. Die nagevolge van daardie dag het soos ’n tsoenami uitgekring en die ganse wêreld oorspoel, sodat ’n derde van die mense op die aarde vandag die Christelike geloof aanhang, alles as gevolg van daardie Godsverskyning!

Daar was ook ander Godsverskynings opgeteken in die Bybel. God verskyn aan Gideon, Abraham, Jakob, Menoag (Simson se pa) ens. Al hierdie verskynings was egter gerig op enkelinge, of in die geval van Pinksterdag, op ‘n enkele groep mense. Die finale Godsverskyning sal egter totaal anders wees, want op daardie dag sal dit so oorweldigend groot wees, dat elke mens op aarde dit gelyktydig sal kan sien. Dit sal totaal onverwags wees. Vir baie mense sal dit die mooiste, aangrypendste, hartroerendste gebeurtenis wees in die ganse geskiedenis van die skepping. Groot jubeling en blydskap sal heers, want die groot wag is uiteindelik verby en Jesus het gekom!

In Sagaria 12:10 voorspel die profeet dat daar terselfdertyd groot droefheid sal heers. Soos Herodus van ouds, sal mense inmekaar krimp van vrees, want dan sal hulle sien dat hulle onder die oordeel van God staan. Mense sal weeklaag in selfverwyt omdat hulle Jesus verwerp het.

As jy nog nie vir Jesus gekies het, Hom as Verlosser in jou lewe aangeneem het nie, dan is jy deel van daardie skare wat sal weeklaag, want die verskriklike straf wat op sulke mense wag is afgryslik. Ek pleit by jou om na Hom te draai!

Ek sien met groot opgewondenheid en afwagting uit na daardie wonderlike dag. En jy?

**Gebed:**

**Maranatha! Kom gou, Here Jesus, kom gou! Die wêreld smeek om U spoedige koms, want die verdrukking is groot. Ek borrel van afwagting op U wederkoms. Kom, Here Jesus!**

# Die Visioen

# Openbaring 1:9-20

## Luister

Vervolging van Christen-gelowiges was nog altyd met ons. In ons moderne, verligte tye is daar steeds lande waar jy wreedaardig vervolg word bloot omdat jy in Jesus glo. ‘n Paar jaar gelede is ‘n Suid Afrikaanse vrou byvoorbeeld vir ‘n lang tyd in die tronk opgesluit, bloot omdat sy daarvan verdink was dat sy Christelike lektuur uitgegee het. Christen-gelowiges word in lande soos Noord Korea van alle regte ontneem, selfs die reg om kos te mag kry en die reg om te leef. Alle inwoners word daar gedwing om te buig in aanbidding voor die standbeeld van die leier, soos in die tyd van Daniël. Christene wat weier word in die openbaar tereggestel. Ja, vervolging van Christene is dalk nou erger as ooit!

So was Johannes ook genadeloos vervolg, nie eers omdat hy die regering van sy tyd

gekritiseer het nie, maar bloot omdat hy die wonderlike Evangelie van Jesus Christus verkondig het. Hy was nie die enigste nie: Johannes was maar een van derduisende gelowiges wat wreed vervolg is oor hulle geloof, veral in Rome deur die wreedaard Nero. Uiteindelik is hy verban na ‘n klein eilandjie genaamd Patmos, 96 km suidwes van Efese in die Egeïse see. Daar sou hy “veilig” wees, want daar kon hy mos nie die volk “opsweep” met sy “radikale teologie” nie. Maar die regering het nie rekening gehou met God nie, en hulle het skoon vergeet dat Johannes met ‘n pen en papier die Woord van God nét so effektief, indien nie dalk baie beter nie, kon uitdra as wat hy kon doen as hy vir ‘n gemeente sou preek.

Hoe ironies, dat Zimbabwe se opposisieleier destyds juis die ganse wêreld se aandag gekry het toe hy deur Mugabe se soldate papgeslaan is, maar voor daardie gebeurtenis wou niemand na hom luister nie.

Terwyl Johannes vir sy gemeente gepreek het, het hy slegs ‘n klein groepie mense rondom hom bereik. Toe hy egter verban word, gaan ‘n hele nuwe wêreld vir hom oop, en hy skryf die mees omstrede boek in die Bybel. Dit wys jou net weereens dat ‘n mens nie moet sit en kerm as die “ongeluk” jou tref nie, maar dat jy moet jubel in die Here, selfs in haglike omstandighede, want dikwels is dit júís uit sulke situasies waar die Here jou op ‘n wonderlike manier gebruik.

Toe die inperkings ons tref as gevolg van die Kovid 19 virus, wou ek ook in sak en as gaan sit. Die kerk is immers gesluit! Maar toe maak die Here splinternuwe deure oop, en met preke wat op YouTube geplaas word, bereik ons skielik báie meer mense as voorheen. Skielik versprei die Woord nou vinniger as die virus! Ek kry ook talle nuwe intekenaars vir die dagstukkies. Die swaarkry maak mense honger vir die Woord. En dit is ‘n algemene tendens by al die kerke.

En daar sit Johannes eensaam op die eilandjie op ‘n Sondag (die dag van die Here). Skielik kry hy hierdie wonderlike visioen van Iemand wat met ‘n groot stem agter hom praat. Die stem beveel hom om van sy Geestesvervoering aan die sewe gemeentes te skryf. Hy moes hulle vertel wat die Here hom wys.

Wanneer hy omdraai om te sien waarvandaan die harde stem kom, sien hy die wonderlikste gesig: Tussen sewe goue staanlampe staan “Iemand soos die Seun van die mens”. Die sewe staanlampe is ‘n voorstelling van die sewe gemeentes aan wie hy moes skryf, en die Persoon wat daar staan is natuurlik die verhoogde en verheerlikte Jesus Christus, nét soos wat Hy ook geskilder word in Daniël se visioen. (Lees gerus Daniël 7:13-14). Die klere wat Johannes beskryf, het ook simboliese waarde:is ook Die lang kleed is dié van ‘n Hoëpriester of hoogwaardigheidsbekleër. Die goue band is nie om Sy heupe nie, maar om Sy bors, wat aandui dat Hy sy werk

afgehandel het. Die wit hare straal wysheid en heerlikheid uit, en die vlammende oë dui op geestelike insig. Die geelkopervoete simboliseer standvastigheid, en die "stem soos die gedruis van 'n groot watermassa" getuig dat Hy groot gesag het. Die sewe sterre in sy regterhand verbeeld die leraars van die sewe gemeentes. Die swaard is die onweerstaanbare Goddelike woorde, en veral dan ook die oordeel wat Hy uitspreek.

Wanneer Johannes hierdie wonderlike gesig sien, is hy gevul met groot ontsag. Hy val voor Jesus se voete neer in aanbidding en afhanklikheid. Dan raak Jesus gerusstellend aan hom: "**Moenie bang wees nie, dit is Ek!"** Hierdie wonderlike woorde is soos balsem op Johannes se gemoed. En dan kry hy die opdrag om te skryf.

Johannes was gehoorsaam aan Jesus se opdrag, en sy pennevrug was reeds vir baie miljoene mense oor die afgelope 2000 jaar soos 'n koel, verfrissende waterstroom van hoop.

**Gebed:**

**Here Jesus, ons loof en prys U wonderlike Naam, vir die aangrypende visioen wat U so lank gelede vir Johannes gegee het. Dankie vir die wonderlike boodskap wat dit vandag ook vir my inhou.**

# Brief aan Efese

# Openbaring 2:1-7

## Luister

Johannes kry opdrag van die "Hoogste Gesag" om sewe briewe te skryf aan die sewe gemeentes. Hierdie is geskryf as een enkele bundel, en as 'n geheel voorgelees aan al sewe die gemeentes. Dit is dus nie noodwendig sewe aparte briewe nie, maar een enkele boodskap. Hierdie gemeentes aan wie die boodskappe gerig is, lê in 'n perdehoef op die Romeinse hoofpad in Asië, maar eintlik is hulle simbolies van die hele Christelike kerk.

Wanneer ons hierdie sewe briewe lees, vorm hulle saam ook 'n eenheid, en terselfdertyd sluit hulle aan by hoofstuk 1. Ons kan hulle nie los hiervan lees nie. In elkeen van hierdie briewe begin die Here deur te sê: "Ek ken....." of "Ek weet alles wat julle doen" en dan volg 'n beskrywing van die situasie in die gemeente, hetsy goed of sleg.

Die brief word telkens afgesluit met ‘n oproep om te luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Daar is telkens ook ‘n belofte aan diegene wat oorwin. Hiermee praat die Heilige Gees nie alleen met die sewe gemeentes nie, maar met elke gelowige, en daar is dus wonderlike beloftes vir elkeen van ons opgesluit in hierdie sewe briefboodskappe, en terselfdertyd ook vermanings.

Die eerste gemeente aan die beurt is Efese, ‘n pragtige stad met ‘n kwartmiljoen inwoners, geleë op die punt waar drie handelsroetes bymekaar kom. Hierdie stad was ‘n baie groot en effektiewe handelsentrum. Dit was uitgelê rondom ‘n riviermonding en dit was geseën met ‘n groot natuurlike hawe.

Wat kultuur betref, was Efese die stad wat kon spog daarmee dat die Pan-Ioniese spele daar plaasgevind het. Hierdie gebeurtenis het natuurlik derduisende besoekers gelok. Dan was daar natuurlik ook die

asemrowende tempel van Artemis, oftewel Diana, soos dit in Latyn bekend gestaan het. Hierdie verruklike bouwerk was beskou as een van die sewe wonders van die wêreld. Hierdie was ook nie die enigste tempel nie. Daar was talle soortgelyke bouwerke waarvan die oorblyfsels vandag nog, tweeduisend jaar later gesien kan word. In sommige van hierdie tempels was keiserverering beoefen, waar die keiser as ‘n god aanbid is. Noord Korea is dus g’n nuwigheid nie!

In die brief aan die gemeente van hierdie welvarende stad, word hulle onvermoeide arbeid asook hulle volharding aangeprys. Hulle het uit hulle pad gegaan om die boodskap van die Evangelie suiwer te hou, en die werk van vals profete is summier aan die kaak gestel. Paulus het in sy afskeidsgesprek met die ouderlinge van Efese gepraat van die “wrede wolwe”, waarskynlik Nikolaïete.

Ongelukkig het die gemeente se ywer om hierdie dwalings uit te snuffel ook ’n prys gehad. Hulle het soveel aandag hieraan gegee, dat daar ’n baie belangrike deel van hulle verhouding met die Here verlore gegaan het - hulle liefde vir Christus het begin verflou!

Dit kan baie gevaarlik wees om heeldag te probeer sensor speel, want dit kan lei tot ‘n soort selfverheffing, wat jou liefde vir Jesus, en saam daarmee ook jou liefde vir jou naaste kan aantas.

In die brief word die gemeente dan ook vermaan om te gaan dink oor hoe ver hulle al agteruitgegaan het in hulle liefde, die einste liefde wat eintlik hulle Christelike leefstyl tot stand gebring het. Hulle moet hulle bekeer en wegdraai van daardie sonde af, en hulle denke totaal vernuwe. Maar dan moet hulle ook gaan en weer doen wat hulle reg aan die begin gedoen het, toe die Evangelie soos ‘n vars briesie deur hulle lewens gewaai het. Hulle geesdrif vir Christus moet weer gloei en

sigbaar word in hulle lewens. Hulle moet weer luister na die Gees van God.

Inderdaad praat die Woord van God vandag met elkeen van ons, net soos met die Efesiërs. Dikwels raak ons so behep met sekere dinge, dat ons begin vergeet van dít wat rêrag saakmaak. Gaan dink maar watter dinge jou gedagtes oorheers. Dis nie noodwendig slegte dinge nie, en dikwels baie edele sake. Dalk is dit jou passie vir die behoud van ons pragtige taal. Moontlik is dit die misdaad in ons land wat jou ‘n ywer gee om dit met al jou mag te bestry. Dalk stry jy daarvoor om pornografie en Godslastering op TV te stop.

Daarmee is niks verkeerd nie, en dit is alles reg en baie edel, maar daar moet ‘n balans in jou lewe wees. As jy hierdie dinge doen, en die liefde, wat jou lewe móét oorheers, is nie meer sigbaar nie, dan het jy liederlik gefaal in jou Christelike plig. Die belangrikste van alles - liefde - mag nóóit in jou lewe vervaag nie.

Johannes sluit hierdie briefgedeelte af met die wonderlike belofte dat die Here diegene wat oorwin, sal laat eet van die Boom van die Lewe. Dit is beeldspraak wat sê dat ons deel sal hê aan God en aan die Lam. Wat ‘n wonderlike vooruitsig!

Gebed:

Here, vul my lewe weer vandag opnuut met U allesoorheersende liefde.

# Staan Vas in Verdrukking

# Openbaring 2:8-11

## Luister

Mev. Chang, ‘n bejaarde dame in Sjina, was alreeds as jong meisie wreed vervolg vir haar geloof. Toe sy vir die eerste keer in isolasie in die tronk beland, word sy in die pikdonker sel in die haglikste omstandighede opgesluit. Nie alleen was sy stoksiel alleen nie, maar die sel was vieslik vuil. Menslike uitwerpsel van die vorige gevangenes lê besaai op die vloer. Mev. Chang het baie hard gebid, en vir die Here gesê dat sy so graag vir Hom wou werk. Haar begeerte was om die wonderlike Evangelie met ander mense te deel, maar in haar sel was sy sonder enigiemand om eers mee te kon praat.

Skielik kry sy ‘n gedagte. Sy roep die bewaarder, sê hom dat sy gesien het hoe verskriklik vuil die tronk was. Die rioolstelsel het nie altyd so lekker gewerk nie, en die gevolg was dat die riool gereeld deur die

tronk gespoel het. Sy sê vir die bewaarder dat sy bereid is om die tronk vir hulle skoon te skrop, as hy net vir haar ‘n skropborsel en ‘n emmer water kon bring. Nie baie lank daarna nie, kry sy haar borsel en emmer, en Mev. Chang vertrek op haar knieë op haar reis deur die tronk, en sy skrop dat die biesies bewe. Maar so ver as wat sy deur die selle beweeg vertel sy vir die gevangenes van Jesus, en keer op keer gebeur dit dat geharde gevangenes op hulle knieë vir Jesus aanneem as verlosser.

En so werk Mev. Chang haar pad deur die ganse tronk, totdat elke gevangene die boodskap van Jesus gehoor het. En toe maak die tronkowerhede ‘n baie groot flater: hulle stuur Mev. Chang na ‘n ander tronk! En daar kon sy natuurlik van voor af weer haar sendingaksie begin!

Johannes se tweede brief is gerig aan die gemeente van Smirna, die enigste van die sewe stede wat vandag nog bestaan. Dit staan vandag bekend as Ismir. Dit was ‘n

skatryk handelstad met ‘n groot en besige hawe. Keiserverering was hier ‘n groot en gewilde aktiwiteit, en daar was van al die inwoners verwag om deel te neem. Die Christene het egter geweier, want daar is net één Here wat hulle ken en aanbid. Die gevolg was dat hulle daagliks vervolging in die oë gestaar het.

Hulle het egter ook teenstand uit ‘n totaal ander oord gekry: Daar was ‘n klomp Joodse kwaadstokers wat die lewe vir die Christene baie moeilik gemaak het. Hulle het die Christene by die Romeinse owerhede beskinder, beswadder en aangekla. Só erg het hierdie kwaadstokery handuit geruk, dat die Christene geweet het dat dit hulle voorland was om in die tronk te beland. En die lewe in ‘n Romeinse tronk was nou nie juis as ‘n partytjie bestempel nie!

Ten spyte van die rykdom van die stad, het die Christene nie deel daarin gehad nie, en meeste van hulle was maar brandarm. Boonop moes hulle gedurig gebuk gaan

onder uitlokking en teistering van alle kante af, heidene sowel as die Jode.

Dan kom die woorde van hierdie brief, en spoel soos ‘n koel lafenis oor hulle gemoed, wanneer die Sender van die brief Homself voorstel as “Die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewendig geword het.” Ja, natuurlik ken Hy hulle verdrukking, Hy het immers sélf daardeur gegaan, en Hy weet presies wat dit behels! En Hy ken hulle armoede, Hy was sélf in daardie bootjie. Ook die vervolging van die Jode, dié het Hy baie goed geken. Hoe het hulle nie gesoek na iets om Hom by die Romeine in onguns te bring nie! Hy bied hulle troos en bemoediging, hulle moes net vasbyt! Alles sou uiteindelik oor en oor die moeite werd wees. Inderdaad kon die vervolging selfs hulle dood beteken, maar die oorwinning daarna was die alles-oortreffende ewige lewe wat hulle as kroon sou kry.

Vandag is die verdrukking van Christene in sekere lande moontlik nog baie erger as in

Johannes se tyd. Slegs ‘n baie klein persentasie van Christene wêreldwyd leef in die vryheid wat ek en jy ken. By verre die grootste gedeelte, ongeveer 80% van die Christendom word wreed vervolg vir hulle geloof, en kan nie in vryheid aanbid nie. Baie moet in die strengste geheimhouding hulle geloof beoefen. En die meeste van hulle het nog nooit eers die voorreg gehad om ’n Bybel in die hand te hou nie! Hierdie mense het my en jou gebed nodig om hulle deur hulle beproewings te dra!

Kyk gerus na Geopende Deure se webwerf, opendoors.org.za waar nuus oor die kerk in die verdrukking verskyn. Jy sal verstom staan oor wat Christengelowiges vandag in ons verligte eeu moet deurmaak!

Maar weereens sluit Johannes af met die wonderlike belofte: diegene wat bly volhard en glo, sal dalk deur die eerste dood getref word, maar die tweede, geestelike dood - die ewige verdoemenis, sal hulle nie ken nie!

Gebed:

Here, dankie dat ek U in vryheid mag aanbid. My hart gaan vanoggend uit na miljoene Christene wat wreed vervolg word vir hulle geloof. Skenk aan elkeen van hulle asseblief U vrede wat alle verstand te bowe gaan, sodat hulle staande kan bly.

# Pergamum

# Openbaring 2:12-17

## Luister

Johannes se boodskap aan Pergamum stuit jou teen die bors, want baie gou kom jy agter dat dit in daardie stad gegons het van Satansbedrywighede. Pergamum het oorgenoeg mooi dinge gehad om mee te kon spog, soos ‘n asemrowende biblioteek met 200’000 bronne, ‘n setel vir regspraak, opvoedings instellings, en natuurlik talle asemrowende tempels vir ‘n verskeidenheid van gode. Dit was die hoofstad van Klein-Asië. Maar dit was “die troon van Satan!” Dáár het dit behóórlik gekook en geborrel van sonde!

Wat het in Pergamum aangegaan wat haar die titel van die “troon van Satan” kon gee? Daar het allerhande soorte onheilighede in die pragtige stad aangegaan. Sy was pragtig van buite, maar binne was dit vrot!

Pergamum het gespog met die "genesingswonder" van die Asklepion, die tempel vir Asklepios, die god van gesondmaking. Mense het van heinde en verre gekom om deur hierdie afgod genees te word van alle soorte kwale. Hierdie grieselige tempel het gewemel van slange. Om genees te kon word, moes jy 'n nag in hierdie tempel deurbring. As die slange aan jou sou raak, sou jy gesond word, so het hulle geglo. Die slang was simbool van Asklepios, maar terselfdertyd ook die simbool van Satan.

Daar was ook die tempel van Zeus. Hy was in die Griekse mitologie die oppergod, die heerser van die berg Olimpus en die god van die lug en donderweer. In hierdie tempel het die offerrook ter ere van Zeus heeldag lank opgeborrel van die reuse altaar af.

Pergamum was egter ook die hoofsetel van keiserverering in Asië. Daar was dan ook 'n tempel opgerig wat spesiaal gewy was aan die staat Rome, en dáár is die keiser vereer

as ‘n god. Die Christen-gelowiges van Pergamum was op Satanistiese wyse vervolg, en dit was direk die gevolg van keiseraanbidding.

In die middel van al hierdie Satansdinge staan daar ‘n Christen-gemeente, ‘n gemeente wat getrou gebly het aan die opgestane Jesus Christus. Wanneer die Here met hulle praat deur hierdie brief, sê Hy vir hulle hoe bly Hy is dat hulle steeds aan hulle geloof bly vashou, ten spyte van al die gruwel wat rondom hulle aangaan. Selfs toe medegelowiges rondom hulle doodgemaak is vir hulle geloof, het hulle steeds staande gebly en bly vashou aan die Here.

Alles is egter nie heeltemal pluis in die gemeente nie, en daar is sommige gemeentelede wat hulle skuldig maak aan die meedoen in die heidense offerandes en wat onsedelik leef. Johannes skryf van die gelowiges wat hulle daaraan skuldig gemaak het dat hulle afgodsoffervleis eet.

Nou moet ons versigtig wees om nie die baba met die badwater uit te gooi nie. As jy lees wat Paulus skryf in 1 Kor. 8 en 11 oor die eet van afgodsoffervleis, dan kom jy agter dat dit hier gladnie gaan oor die uiterlike nie, maar dat dit iets baie dieper raak. Paulus verduidelik baie mooi dat daar niks mee verkeerd is om die vleis van afgodsoffers te eet nie, want dit kan jou nie skade aandoen nie - nie fisies nie en ook nie geestelik nie. Ons moet mooi besef, dat om offervleis te eet, nie as sodanig sonde is nie, maar as jy jou daardeur laat assosieer met die offerpraktyk, dan heul jy met die duiwel! Maar daar is ook ’n ander aspek betrokke, want as jy by ongelowiges eet, en hulle is bewus daarvan dat dit ’n afgodsoffer is, dan kan jy dalk die boodskap aan hulle oordra dat afgodery maar reg is, as jy saam die offermaal geniet.

Wanneer ons in vers 14 lees van mense wat die leer van Bileam aanhang, dan moet ons dit simbolies verstaan. Bileam was ‘n Moabietiese profeet wat die heidense koning

Balak beïnvloed het om sy volk se vroue te gebruik om die manne van Israel seksueel te verlei. Dit het gruwelike sedelike verval onder Israel tot gevolg gehad. En daar was gelowiges in hierdie gemeente wat hulle ook skuldig gemaak het aan soortgelyke praktyke!

Jesus roep hierdie mense op tot bekering. Dit is nog nie te laat nie. Enigiets wat te doene het met afgodery, moet hulle dadelik los!

Vir diegene wat staande bly te midde van al die goddeloosheid, en sodoende die oorwinning behaal, is daar die spierwit klippie, die "toegangskaartjie" tot die wonderlike bruilofsmaal. En op hierdie klippie is daar 'n splinternuwe naam gegraveer. Dit is waarskynlik die wonderlike Naam van die opgestane, verheerlikte Jesus Christus! Ek en jy, die gelowiges, is Jesus se "witklippiemense" in hierdie bose wêreld! Die klippie wat ons om die nek het, is die blydskap en liefde en vrede wat Jesus ons gee, wat uit ons gesigte straal.

**Gebed:**

**Dankie Here, vir daardie "wit klippie" wat U ook vir my gegee het. Ek bid vir soveel mense, en veral jongmense, wat steeds vasgevang is in die duiwel se strikke van drank, dwelms en losbandigheid - duisende jongmense wat na ons strande stroom om hulle te kom oorgee aan hulle begeertes. Here, bring asseblief 'n nuwe bewustheid van Jesus se reddingskrag, veral onder ons land se jongmense.**

# Isebel van Tiatira

## Openbaring 2:18-29

## Luister

“Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding.” Pragtige woorde aan die gemeente in Tiatira!

Tiatira was ‘n handelsentrum waar tekstielwerkers, leerlooiers, skrynwerkers, wewers en pottebakkers gewerskaf het. Lidia, die Purperverkoopster van wie ons in Handelinge 16 lees, was uit Tiatira afkomstig. Die stad het nie natuurlike beskerming soos berge of riviere gehad nie, en was hulle maar baie kwesbaar teen enige militêre inval. Gevolglik het die inwoners in onsekerheid geleef.

Die gemeente se geloof was egter kerngesond. Al die mooi deugde van geloof was uitstaande kenmerke van die gemeente, en dit het nie ongesiens by die Seun van

God verbygegaan nie. Hy deurgrond immers alles en almal. Wat meer is, hulle bly nie stagnant nie. Hulle is gedurig besig om steeds te groei in hulle geloof, presies die teenoorgestelde van wat in Efese aan die gang was. Wat ‘n wonderlike getuienis van ‘n gemeente!

Tóg is daar iets in die gemeente wat nie kosjer was nie: Isebel! Hulle laat hierdie vrou, Isebel toe om haar duistere dinge te doen. Soos met Bileam in die brief aan Pergamum, moet ons Isebel ook sien as ‘n simboliese figuur. Isebel verteenwoordig ‘n heulery met afgode en godsdiensgebruike. Isebel was mos die bose vrou van Koning Agab van Israel. Sy het destyds haar afgode, Baäl en Astarte met haar saamgebring, en uiteindelik die ganse Israel daarmee die afgrond ingelei.

“Isebel” van Tiatira was moontlik ‘n leierfiguur van die Nikolaïete, wat seksuele wanpraktyke en afgodsoffers beoefen het, en dus dieselfde rolmodel gespeel het as die bose Isebel van ouds. Sy word gewaarsku,

dat as sy en haar volgelinge hulle nie van hulle wanpraktyke bekeer nie, sal hulle swaar getref word deur ‘n siekbed en pessiekte. Losbandigheid het dikwels die een of ander verskriklike siekte tot gevolg. Kyk maar byvoorbeeld na die verskriklike gevolge van Vigs, iets wat óók die gevolg is van ‘n losbandige lewe. Onskuldige mense, selfs kindertjies word dikwels getref deur iemand anders se onverskilligheid!

Hoe tragies, dat sulke dinge vandag dalk nog veel meer voorkom, dikwels selfs in lewendige gemeentes. Die gemeentelid wat losbandig lewe word nie vermaan nie, al weet almal daarvan. Die persoon word maar gelos om met die bose dinge voort te gaan. Dikwels is dit “onskuldige” dingetjies wat subtiel ingevoer word, en die gemeente word verlei om sodoende te heul met die duiwel. Kom ek noem ‘n voorbeeld: Iemand sê vir my ná die erediens, waar die verjaarsdae van die week afgelees is: “O, ek sien jy is ook ’n Leo!” (onder die sterreteken van Leo gebore.) En skielik flits gevaarligte, want talle

mense, selfs gelowiges, volg die voorspellings van die sterre slaafs na. Hierdie is niks anders as okkulte duiwelspraktyke nie, en onskuldig word gelowiges ingesleep in die okkulte bedrywighede.

Nog ‘n voorbeeld is die vrou wat ‘n paar jaar gelede die program op TV aangebied het oor kontak met afgestorwenes. Dit was so pragtig geestelik ingeklee, dat talle gelowiges daarvoor geval het. Dit word in die Bybel beskryf as “’n gruwel in God se oë”, en dit is ook duiwelspraktyke! Bly weg van sulke dinge af, dit is bitter gevaarlik vir jou geestelike lewe.

Hierdie is maar enkele voorbeelde van die “diep geheimenisse van Satan” waarvan Johannes praat in vers 24.

Daar is egter ook ‘n pragtige getuienis oor die gemeente van Tiatira: Baie van die gemeentelede het hulle nie laat verlei deur hierdie verloklike booshede nie. Hulle moet

vasstaan in hulle geloof in die opgestane Jesus Christus. Aan elkeen wat so vashou aan Jesus in die geloof, word die koningsheerskappy oor die nasies saam met Christus gegee. En elkeen wat volhard sal die môrester as geskenk kry. Ons kan die môrester sien as die aanbreek van die nuwe daeraad van die Messias, die nuwe Dawid se ryk. Die môrester is beskrywend van die "ster uit Jakob", Jesus Christus. As jy Hom ontvang, beteken dit dat jy die nuwe lewe kry.

As ek op 'n Sondagoggend my oë oor die gemeente laat dwaal, sien ek 'n see van stralende gesigte, en ek weet: hulle het elkeen reeds die "môrester" as geskenk ontvang. Alles in hulle lewens wys dit - hulle ywer vir koninkrykswerk, hulle stralende liefde. Maar dan is daar ook die enkele "Isebels" tussen-in, goed gekamoefleer, en hulle beteken net moeilikheid! Jesus se dringende pleidooi uit hierdie brief is, dat as jy dalk 'n "Isebel" is, bekeer jou baie dringend! Nie alleen lei jy jouself oor die

afgrond nie, maar jy trek ‘n klomp mense met jou saam.

**Gebed:**

**Dankie, Here Jesus, dat U ook vir my die nuwe lewe gegee het. Hou my asseblief styf vas sodat ek nie swig voor “Isebel” se verleiding nie, en dan wil ek ook bid vir elkeen wat ‘n “Isebel” in ‘n gemeente is, dat U haar (of hom) asseblief tot besinning sal ruk.**

# Sardis

# Openbaring 3:1-6

## Luister

Die pragtige stad Sardis was rondom ‘n hoë heuwel gebou, wat strategies vir hulle uitstekende militêre sekuriteit verleen het. Dit was bitter moeilik vir enige vyand om dit in te neem. Juis hierdie feit het gemaak dat die inwoners op hulle louere gerus het, en nie behoorlik wag gestaan het nie, gevolglik is die stad by twee geleenthede verower deur ‘n vyand! Maar ‘n vyand van ‘n totaal ander aard oorval die stad in die jaar 17nC toe sy getref word deur ‘n verwoestende aardbewing. Dit was chaos! Die stad was in puin. Keiser Tiberius en Klaudius het egter weer die stad herbou, en dit het uiteindelik herrys uit die puin.

Sardis het ‘n groot Joodse gemeenskap gehad.

Sardis laat my in soveel opsigte dink aan Ballito. Inderdaad het die inwoners van Ballito oorgerus geraak. Natuurlik is dit lekker om by die see te bly, en as jy só naby kan bly dat jy amper die branders op jou voorstoep het, dan is dit nog soveel lekkerder. En as daar nooit iets groot met die see gebeur nie, dan raak jy oorgerus, en jy bou al nader en nader aan die see. Maar dit is nie al nie: As jy na ‘n natuurlike strand-opset gaan kyk, dan sien jy ‘n baie spesifieke patroon van plantegroei, van uiters geharde pioniersplante wat die “bossies” agter hulle beskerm. Hierdie “bossies” is dikwels verdwergde rooimelkhoutbome, wat ‘n honderd jaar oud kan wees, maar lyk soos struike. Ongelukkig versper hierdie “onooglike” plante jou uitsig na die see, en stadigaan word hulle uitgeroei om die eiendom groter waarde te gee. Was hierdie uiters belangrike plante ongeskonde gelaat, dan was Ballito se strandgebied steeds beskerm!

En toe, een skrikwekkende nag, op 19 Maart 2007, tref ‘n verwoestende storm die kus totaal onverhoeds. Niemand is ooit vooraf gewaarsku van ‘n moontlike oorstroming nie. Maar daardie nag slaan reuse golwe etlike huise, woonstelblokke en restourante op die strand aan flarde. Rioolpype word losgeruk en die vuil besoedel die see. ‘n Pragtige wandelpad verdwyn totaal, verwoes deur die geweld.

Ek het na my asem gesnak toe ek daardie verskriklike oggend op die strand kom en die chaos en verwoesting sien. Van sommige woonstelle het slegs ‘n leë dop oorgebly. Van die pragtige goue strande het niks oorgebly nie, net aaklige kaal rotse. Ballito is verwoes!

Soos Sardis weer herbou is na die verskriklike ramp, so het die see uiteindelik weer die sand terug gegee om Ballito se verwoeste strand te herstel. Ballito se pragtige goue strande is weer ongeskonde. Die rioolpype, wandelpaaie, geboue, gapende afgronde en afskuwelike hope

rommel het egter jare geneem om weer te restoureer tot hulle ou glorie.

Daar is egter ‘n ander aspek van Ballito wat my ook aan Sardis herinner: Wanneer Johannes in opdrag van die Heilige Gees aan die gemeente skryf: “**...julle het die naam dat julle lewe, en tog is julle dood….**”, dan noop dit ‘n mens om diep introspeksie te doen. Ballito is op die oog af ‘n borrelende vakansiedorp. Dis ‘n skatryk dorp, met paleise van miljarde rande, wat hang teen die heuwel, wat eintlik ’n hoë sandduin is.

Ook die kerk is aan die gang op verskeie terreine, hier is nie minder nie as 56 kerke in Ballito! As jy op Kersoggend hier ‘n kerkdiens wil bywoon, moet jy ure voor die tyd reeds daar wees om ‘n plekkie te kry.

Maar as jy egter ‘n bietjie gaan delf, kom jy agter dat daar diep binne ‘n doodsheid is, selfs in die kerk, net soos Johannes beskryf. Op die oog af sien jy mooi dinge wat gedoen

word in die verskillende gemeentes. Maar dit word deur slegs ‘n handjievol lewende lidmate verrig. Elke keer is dit maar weer dieselfde ou paartjies wat alles doen - die res is stagnant, dikwels morsdood! Hulle ry maar net saam as passasiers.

Liewe leser, ek skryf oor Ballito, want ek ken die dorp en die gemeenskap. Hierdie rykmansdorp is vrot van binne! Maar wat van die gemeenskap waar jy bly? Hoe lyk jou dorp, jou gemeenskap van binne? En hoe lyk jou gemeente? Is dit nie daar maar presies dieselfde nie?

Johannes skryf dat dit egter nog nie te laat is om sake reg te stel nie. “**...bekeer julle …. word wakker…**”. As jy dalk vanoggend weet dat jy een van hulle is wat stadigaan wegdryf, dan is die dringende boodskap ook aan jou om wakker te word en om te draai, terug na God toe. Johannes dra die wonderlike belofte van Jesus oor aan elkeen wat getrou bly: “**Elkeen wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam**

**uit die boek van die lewe haal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort.**” Wat ‘n wonderlike belofte! Daardie belofte is vir jou en my. Gryp dit aan!

**Gebed:**

**Here, maak my asseblief lewendig vir U Koninkryk, en gee my die ywer om altyddeur U liefde prakties en met passie uit te leef.**

# Filadelfia

## Openbaring 3:7-13

## [Luister]

Filadelfia! Wát ‘n pragtige naam vir ‘n stad! Dit beteken “Broederliefde”. Filadelfia het ook bekend gestaan as “die Poort na die Ooste”, want dit was die deur na die plato van Klein-Asië. Gevolglik het die stad ‘n florerende sakelewe gehad. Maar Filadelfia was ook baie swaar getref deur dieselfde verwoestende aardbewing wat Sardis getref het in 17nC. Elf ander stede van Klein-Asië is tydens daardie verskrikking met die aarde platgevee. ‘n Verskriklike ramp! Ten spyte van die aardbewing, het die landbou van die streek egter baie goed gedoen, want die vrugbare vulkaanlae het boerdery daar baie lonend gemaak.

Na die ontstellende brief wat ons gister gelees het, is hierdie een soos die lafenis van ‘n koel, verfrissende bergstroompie na ‘n warm dag se stap. Die brief begin met ‘n

pragtige simboliek, waar Jesus - die Heilige, die ware God - in besit is van die sleutels van die lewe, of soos Johannes dit noem, “die sleutel van Dawid.”

Christus is die Een wat die deur tussen die mens en God is. Vir gelowiges sluit Hy hierdie deur oop, en gee vrye toegang tot God. Vir ongelowiges sluit Hy egter hierdie deur dig toe. Alhoewel ongelowiges dikwels onder die indruk verkeer dat hulle toegang tot God het, is dit ‘n mite. Dis ‘n drogbeeld wat die duiwel hulle gee. Ek het al soveel keer gehoor dat ‘n ongelowige vertel van hoe baie hy bid. ‘n Gebed sonder geloof in Jesus is egter nutteloos!

Christus sê aan die gemeente in Filadelfia dat Hy ‘n deur voor hulle oopgesluit het wat niemand kan toesluit nie, selfs nie eers die Jode nie. Inderdaad kon die Jode die deure van die sinagoge vir hulle toesluit, maar nét daar eindig hulle mag. Die deur wat Christus oopsluit, is egter baie groter as die deur wat die Jode toesluit. Dink maar aan die deur na

die heidenlande in Frigië, waar ‘n braakland oopgelê het vir die verspreiding van die Evangelie.

Vandag sluit Jesus steeds deure oop, waar mense dink dat hulle dit dig toegesluit het. As jy gaan kyk na die verhale wat vertel word deur Geopende Deure, waar gewone mense Bybels insmokkel in geslote lande, dan slaan jy jou hande saam in verwondering. Stefan v d Bergh het my eenmaal vertel dat gelowige toeriste dikwels tasse vol Bybels saamneem na hierdie lande waar Bybels totaal verbied is. Wanneer hulle by die doeanebeamptes kom, word die tas oopgemaak, en die man sien net eenvoudig nie die Bybels raak nie, of hy kyk weg op die oomblik dat dit deur die X-straal masjien gaan. Wonderwerke gebeur daagliks daar omdat Jesus in besit is van die sleutels. As jy dus, natuurlik eers nadat Kovid 19 verby is, beplan om ‘n reis te onderneem na een van hierdie lande, kontak gerus vir Geopende Deure, en neem ‘n paar Bybels saam vir ‘n gemeente waar ‘n enkele Bybel

dikwels deur ‘n paar duisend mense gedeel moet word.

Die brief aan Filadelfia borrel oor van beloftes, nie net vir daardie gemeente nie, maar ook vandag vir jou en my. Nie alleen sluit Jesus deure oop nie, maar Hy het selfs die mag om “die Sinagoge van Satan” - die Jode wat steeds dink dat hulle die uitverkore volk is - voor Hom te laat buig. En wanneer daar verdrukking en beproewings kom, hoef ons nie moedeloos te raak nie, want Jesus sal ons styf vashou.

Ons leef in ‘n tyd van verskrikking, waar misdaad, geweld, bedrog - noem maar op - floreer rondom ons. Niemand ontsnap die onreg wat oor ons spoel nie. En nou sit ons boonop met die verskriklike virus wat ons van alle kante beperk en bedreig! Maar wéét dan dat ons nie alleen is nie, en dat Jesus ons selfs deur hierdie nagmerrie styf vashou. Ons sug dikwels moedeloos omdat misdadigers beskerm word, en die regverdiges uitgelewer word aan geweld. Dalk is dit so, maar Jesus

het presies deur dieselfde dinge gegaan, en nog baie erger. En Hy staan by ons deur elke trauma, skaking, inbraak, rooftog en inperking. Ons hoor dikwels van wonderlike verhale van gelowiges wat deur die diepste nag gedra is deur die liefde van Jesus. Die verhaal van Louis en Hettie Brittz het byvoorbeeld die wêreld aangegryp, toe hulle die nag aangeval is en Hettie verkrag is. Die Here het hulle egter styf vasgehou in Sy hand van liefde, en só wonderlik gedra dat hulle selfs die aanvallers totaal kon vergewe! Talle soortgelyke verhale speel daagliks af, waar gelowiges net kan getuig van hoe hulle op wonderbaarlike wyse gedra is dwarsdeur hulle grootste beproewing.

“Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie”, sê Jesus vandag vir jou en my. In die Hemel wag daar groot belonings vir diegene wat bly vashou aan hulle geloof, dié wat die oorwinning behaal. Ek en jy is meer as oorwinnaars deur Jesus wat ons die krag daarvoor gee. Elkeen wat oorwin sal ‘n stewige pilaar in die nuwe

Jerusalem wees, en geen aardbewing sal dié pilaar ooit laat wankel nie.

Gebed:

Ek jubel en juig in U, Here, want U het reeds die oorwinning vir my behaal. Hou my altyd styf vas, en as ek wil losruk om my eie paadjie te loop, ruk my asseblief terug na U, want alleen in U is ek veilig.

# Lou-warm Laodisea

## Openbaring 3:14-22

## Luister

Die brief aan die gemeente in Laodisea is die laaste van sewe briewe. Laodisea was die rykste stad in Frigië. Die stad was veral beroemd vir sy florerende tekstielnywerheid, sy banksentrum en sy mediese skool wat wêreldberoemd was vir sy oog- en oorsalf. Sommige van die gemeentelede het skatryk geword in hierdie bruisende stad.

Wat was hierdie welvarende gemeente se reaksie toe hulle hierdie brief ontvang? Ek weet wat mý reaksie sou wees! Een van totale misnoë! Want anders as Filadelfia, waarvan daar net mooi dinge gesê is, is daar geen lof vir hierdie gemeente nie. Hulle word hard oor die vingers getik, want hulle is lou - nie koud nie, ook nie warm nie, lou!

My eerste vroeë koppie stomende boeretroos elke oggend, is ‘n groot lekkerte. Daardie

heerlike warm kôfetjie laat my hele liggaam eintlik gloei van lekkerkry. Heerlik! Maar uit my kindertyd was daar ‘n ander gróót lekkerte wat totaal die teenoorgestelde was as stomende koffie, die fontein op ons plaas! Menigmaal het ek plat op my maag gaan lê by die fontein, en die heerlike soet, yskoue water wat daar onder die reuse ou granietrotse uitborrel opgeslurp totdat ek trommeldik gedrink was. Ek kon net eenvoudig nie genoeg daarvan kry nie.

Maar het jy al ooit louwarm water probeer drink? Dis jiggie! En veral as dit nog so ‘n vrot-eier klankie daaraan het. By die oog van Badplaas het ek jare gelede met ‘n blikemmertjie water geskep en sommer vir die aardigheid gedrink. Buiten nou vir die aaklige reuk, het die water boonop ook goor gesmaak, deels omdat dit louwarm was.

Wat maak Laodisea se mense so jiggie-louwarm? Dalk was dit hierdie skatryk mense se rykdom wat hulle selftevrede gemaak het. “Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer

nodig nie!” - dit was die mense se oortuiging. Hulle het begin dink dat hulle totaal selfversorgend en onafhanklik was, en hulle het nooit besef dat hulle in werklikheid ellendig, beklaenswaardig, arm, blind, kaal was nie! Hulle het begin vergeet van hulle totale afhanklikheid van Jesus, en vanwaar hulle rykdom werklik vandaan gekom het.

Nee, dis nie verkeerd om ryk te wees nie. Ek ken skatryk mense wat baie naby aan die Here leef, en steeds hulle afhanklikheid van Hom, die Gewer van alle dinge besef, en boonop hulle rykdom vir Koninkrykswerk aanwend. Dit is egter so maklik, wanneer jy ryk is, om van Jesus te vergeet. ‘n Ryk mens moet dus dubbel so hard werk aan sy geloof om brandend vir Christus te bly.

Johannes skryf dat Jesus sê dat hulle die regte dinge met hulle rykdom moet koop: goud wat deur vuur gelouter is, wit klere, en oogsalf. Die goud wat Christus louter of suiwer is geestelike geloofsrykdom wat deur die waarheid gelouter is. Die mense van

Laodisea weet alles van die tekstielbedryf af, dus kon Johannes nie veel vir hulle sê as hy praat van wit klere nie. Hierdie klere is egter anders, want wit klere simboliseer reinheid en suiwerheid, en daarsonder kan hulle nie voor God verskyn nie.

Hulle verstaan ook waarvan gepraat word as Jesus sê dat hulle oogsalf moet koop, want is dit dan nie wat hulle stad wêreldberoemd gemaak het nie? Maar hierdie oogsalf waarvan Jesus praat is baie anders, in dié sin dat dit hulle nie fisies laat sien nie, maar geestelik. Sonder Jesus se oogsalf sal hulle geestelik blind wees.

Om te koop beteken ook nie dat hulle met hulle fisiese rykdom hierdie dinge kan bekom nie, maar hulle moet alleen in geloof die geestelike voordele aanvaar wat Jesus reeds verdien, en baie duur gekoop het.

Jesus het hard met hierdie gemeente gepraat, en seer getrap op ‘n hele paar liddorings. Dit beteken egter nie dat Hy hulle

afgeskryf het of verstoot het nie, al het hulle Hom bitter teleurgestel. Inteendeel, Hy het hulle steeds lief, en Hy tug hulle juis om hulle terug te wen. Hy staan gereed met ‘n heerlike feesmaal vir die dag wanneer hierdie afvalliges gehoor gee aan Sy pleidooi om vir Hom oop te maak.

Jesus praat deur hierdie brief, nie alleen met die gemeente van Laodisea nie, maar met elkeen wat lou geword het, diegene wie se geloof afgekoel het. Hy wil hê dat jy weer warm gloei en vol geesdrif jou geloof uitleef. Dié wat oorwin, sal saam met Jesus heers op die troon.

Die sewe briewe wat Johannes opgeteken het, is gedikteer deur Jesus persoonlik Sélf! Hulle moet elke gelowige dwing tot selfondersoek en ‘n bekering tot die verheerlikte Jesus Christus. Hulle het my met splinternuwe oë na Openbaring laat kyk. En jy, wat van jou?

**Gebed:**

**Dankie Here Jesus vir hierdie briewe wat spesiaal aan my gerig is. Help my asseblief om die dinge wat U daarin van my vra, uit te leef met my hele hart.**

# God se Troonkamer

# Openbaring 4

## Luister

Watter jong seun soek dan nou nie avontuur nie? In 1960 vertel iemand ons van ‘n grot iewers in die Laeveld, en ons gesin besluit om te gaan kyk. En so lei hierdie gids, ‘n klein Swazi seuntjie, ons daardie oggend na die gat bo in die berg. Wat ek daar in die ingewande van die aarde gesien het in die flou lig van ons flitse, het my laat snak na my asem. Skielik was ons in ‘n reuse saal wat gestrek het tot in die oneindigheid, gevul met talle asemrowende kalksteenformasies. Later is die grot ontwikkel as ‘n toeriste aantreklikheid, die Sudwala grotte.

God gee ons in Openbaring 4 die onbeskryflike voorreg om so ‘n klein kykie te kry in die asemrowende Hemelhof. Vir Johannes was dit ‘n reuse probleem om die dinge wat hy gesien het in mensetaal te probeer oordra, want hoe beskryf jy iets wat

niemand nog ooit gesien het nie? Hoofstukke 4 en 5 is die aanloop tot die eindgebeure. Sy beskrywing loop oor van beeldspraak, en jy moet dus baie fyn luister wanneer jy hierdie gedeelte lees.

Mense het geglo dat daar ‘n hek is na die Hemel. Vandag word daar steeds grappenderwys gepraat van die hemelpoorte waar Petrus as hekwag sit. Johannes sien die deur na die Hemel egter bloot in die sin dat God die Hemel oopgemaak het vir ‘n wyle sodat ons ‘n ietsie daarvan kan sien.

In ‘n Geesvervoering word Johannes die wonder van die troonkamer van God gewys. Hy probeer dit dan beskryf deur van bekende dinge gebruik te maak, want alles is so wonderlik en oorweldigend en anders. Hy sien daar vir God op die troon sit, vanwaar Hy regeer en regspraak lewer. Hy beskryf God nie direk nie, maar sê dat Sy voorkoms soos opaal en karneool was. Opaal is ‘n deursigtige edelsteen wat suiwerheid simboliseer. Karneool het ‘n rooi glans en

simboliseer oordeel. Die reënboog met die glans van smarag rondom die troon is simbool van God se genade en goedheid.

In Esegiël 1:4-28 word ‘n soortgelyke visioen beskryf. Dis ‘n aangrypende gesig, en Johannes vind dit baie moeilik om te beskryf. Baie opvallend, is die sirkels. Vier lewende wesens wat die troon omsirkel, die reënboog wat God omsirkel, die 24 ouderlinge wat in ‘n sirkel op trone sit, die engele wat die troon omsirkel. Simbolies kan ons dit beskryf, dat God die middelpunt en sentrum van alles en almal is.

Die ouderlinge stel die kerk, die gelowiges voor. Hulle het wit klere aan, wat sê dat hulle regverdig verklaar is om voor God te verskyn. Hulle het goue krone op, wat wys dat hulle regeer. Die getal 24 simboliseer die twaalf stamme van Israel en die twaalf apostels, wat beteken dat dit die somtotaal van al die gelowiges is.

Dit wat Johannes ervaar gaan gepaard met oorweldigende natuurverskynsels soos weerlig, dreunings en donderslae. Sulke dramatiese natuurgebeure maak dat jy in aanbidding voor die grootheid en heerlikheid van God neerval.

Die sewe Geeste van God is simbool van God se alomteenwoordigheid deur Sy Heilige Gees. Die see voor die troon kan ook vertaal word as die see van glas, en dit beskryf die onuitspreeklike heerlikheid van God.

Die vier lewende wesens is simbole van God se skepping. Hulle het oë voor en agter, wat sê dat niks hulle wakker aandag ontglip nie. Eerstens die leeu, volgens Joodse tradisie die sterkste van die wilde diere. Dan 'n bul, sterkste van die mak diere, 'n arend, sterkste van die voëls, en 'n mens, magtigste van die hele skepping. Hulle verteenwoordig dus die ganse skepping. Elkeen het ses vlerke vol oë. Dit simboliseer hulle wakker bereidwilligheid om met groot spoed God se bevele uit te voer.

Die ganse skepping loof en prys God dag en nag met die woorde: “**Heilig, heilig, heilig is die Here!**” Natúúrlik is God heilig! Hy is so totaal anders as Sy skepping, en daar is geen grens aan Sy mag en krag nie. Hy is die Almagtige, en Hy is tydloos, van ewigheid af en tot in alle ewigheid.

Die ouderlinge kniel voor God, en sit hulle goue krone voor Hom neer wanneer hulle Sy lof besing. Hiermee sê hulle dat hulle totaal afhanklik is van God, en dat hulle heerskappy slegs geleen is. Dit behoort immers aan God! Dan dwing dit my en jou ook vanoggend om in aanbidding voor Hom neer te val en saam met die ganse skepping uit te roep: “**Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom!**”

As ek so deur my kantoorvenster na buite kyk, en ek sien die wonder van God se skepping in die blommetjies, die pragtige lowergroen bome, die voëltjies wat in hulle takke baljaar, dan kan ek verstaan wat

Johannes beleef het, want ons God is groot en goed en almagtig. Kom ons aanbid Hom met alles wat binne-in ons is.

**Gebed:**

**Almagtige Vader, Skepper van die heelal, al my lof, dank en aanbidding gaan tot U alleen. Dankie ook dat U hierdie wonderlike visioen deur Johannes laat opteken het. Dankie dat ek vanoggend kan weet dat ek 'n Lewende, Alomteenwoordige en Almagtige God kan aanbid.**

# Die Lam van God

# Openbaring 5

## Luister

‘n Baie dramatiese toneel speel af rondom God waar Hy sit op Sy troon. In Sy regterhand hou Hy ‘n verseëlde boekrol vas, maar daar is niemand wat dit kan oopmaak nie. Johannes raak diep bedroef omdat niemand waardig is om die boekrol oop te maak nie. Wat gaan hy tog doen? Dan draai ‘n ouderling na Johannes toe en troos hom. Daar is tóg Iemand wat dit kan oopmaak - die Leeu uit die stam van Juda, die Oorwinnaar.

Die visioen bereik ‘n klimaks wanneer die LAM, wat tussen die Troon en die ouderlinge staan, in plaas van die Leeu, die boekrol in ontvangs neem. Dan volg 'n huldebetoning van almal wat die Troon omring - die ouderlinge en die lewende wesens. Hulle bring hulde aan God en die LAM met siters en wierook uit goue bakke (die gebede van die gelowiges). En hulle sing ‘n splinternuwe

lied: “**U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met U bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. U het hulle ‘n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.**”

Die vraag is: wat beteken al hierdie dinge dan? Dis tog nie maar net ‘n mooi droom nie! Inderdaad het elke klein detail groot waarde. Die hele toneel is propvol gepak met simboliek.

Kom ons begin by God se regterhand. Dit simboliseer Sy krag en almag waarmee Hy die skepping regeer.

Die boekrol is simbool van die ganse geskiedenis. Inderdaad moet daar nog baie dinge gebeur. Hierdie boekrol bevat God se Meesterplan vir die wêreldgeskiedenis.

Die feit dat die boekrol verseël is met 7 seëls, sê vir ons dat dit volkome geslote en

ontoeganklik is. Belangrike Romeinse dokumente was só opgerol en verseël.

Die vraag is, waarom maak God dan nie Self die boekrol oop nie? Natuurlik kon Hy dit self oopmaak, maar hier gaan dit nie oor ‘n **Magsdaad** nie maar oor ‘n **Middelaarsdaad**. Verder moes die Een wat dit oopmaak ook uitvoering gee aan die inhoud van die boekrol.

Wanneer niemand gekry kan word wat die boekrol kan oopmaak nie, raak Johannes bitterlik bedroef, en hy bars in trane uit. Waarom? Dit is trane van teleurstelling en ontsteltenis. As God se Raadsplan nie uitgevoer word nie, dan is daar geen beskerming vir Sy kinders nie. Daar sal geen oordeel wees oor die wêreld wat die kerk so wreed vervolg nie. Maar Johannes word getroos deur een van die ouderlinge wat, soos ons gister gesien het, die kerk verteenwoordig: Die Leeu uit die stam van Juda, die Oorwinnaar, Hy sal die boekrol oopmaak.

Nou word die Lam wat geslag was, beskryf: Hy het sewe horings en sewe oë. Die horings dui simbolies op Jesus Christus se volkome Mag en Heerskappy. Die oë dui op Sy volkome gesigsvermoë, oftewel Sy Alwetendheid. Die sewe oë word ook beskryf as die 7 Geeste van God, met ander woorde die Heilige Gees. Die verwysing na die Lam wat geslag was sê dat Jesus Christus God se Paaslam is. Hy het in ons plek op Golgota gesterf. Jesus Christus is alreeds die Oorwinnaar, maar vir ons is Sy heerskappy dalk nog nie volledig sigbaar nie. Met Sy wederkoms sal elke oog Hom egter sien en Sy koningskap sal dan volledig sigbaar wees.

Die groot oomblik breek aan wanneer die Lam die boekrol neem. Die ouderlinge en die lewende wesens kom kniel voor Hom neer, en dan weerklink die hemelse klanke van ‘n nuwe lied. In die eerste strofe word die waardigheid van die Lam besing, en ons as vrygekooptes kan alreeds deel in die heerskappy. Ons kan leef as mede-oorwinnaars in Christus. In die tweede strofe

besing miljoene der miljoene engele die waardigheid van die Lam: Mag, rykdom, wysheid, sterkte, eer, heerlikheid en lof, almal God se eienskappe, word nou aan die LAM toegedig. Die derde strofe is die klimaks van die nuwe lied. Hierin bring die ganse skepping lof aan God en die Lam, as die grootste loflied van alle tye deur die hemelruim weerklink.

Vandag kan ek en jy as God se vrygekoopte kinders jubel en juig en in Dankbaarheid en Aanbidding neerval voor Hom, die Koning van die Konings, die Geslagte Lam. Inderdaad het Hy ook vir jou en my uit die duisternis van die sonde geruk tot Sy Wonderbare Lig! Ons troos is dan ook, in hierdie tye van verskrikking en misdaad, oorlog, verdrukking, massamoorde, rooftogte, verkragtings, bedrog en nou nog boonop die verwoestende Kovid 19 virus wat so oor ons land en oor die ganse wêreld spoel, dat wat ookal gebeur, niks vir jou en my ooit van Jesus se liefde kan skei nie!

Watter wonderlike troos, sekerheid en vrede is dit nie!

**Gebed:**

**Ek val vanoggend voor U neer in aanbidding, Here Jesus, want U is waardig! Aan U kom toe, al my lof en dank en aanbidding.**

# Ses Seëls

## Openbaring 6

## Luister

Jesus, die Lam van God het die boekrol ontvang. Dit was verseël met sewe seëls, en nou begin Hy die seëls oopmaak. Soos hulle oopgemaak word, hoor ons van allerhande oordele wat die aarde tref. Hierdie is egter nie die finale oordele van God nie, maar slegs inleidende plae wat die mensdom tref voordat die finale oordeel van God plaasvind.

Die vraag wat ons instinktief wil vra, is waarom daar dan 'n oordeelsvoltrekking nodig is? Die rede is eintlik voor-die-hand-liggend. As jy maar net dink aan die verskriklike sonde waarin die wêreld verval het, dan is dit heeltemaal te verstane. Die nasies volhard in sonde, en God kan dit net eenvoudig nie duld of ongestraf laat bly nie. Vandag borrel en kook die wêreld absoluut oor van sonde, en elke dag word jy geskok deur die allergruwelikste gebeure.

Wanneer ons van hierdie oordeel van God lees, dan wil jou hart inmekaar krimp, want ons verwag net ellendes. Maar gelowiges word júís gedurigdeur herinner aan God se groot genade oor ons, en dat ons bestemming alreeds deur die verlossing van die Lam geborg is. Let byvoorbeeld op, dat wanneer Johannes skryf oor die oopmaak van die sewe seëls, daar eers ‘n tussenspel is na die sesde seël, waar gelowiges verseker word van hulle verlossing voordat die sewende oopgemaak word. Dieselfde geld ook later vir die sewe trompette.

Die Lam maak self die eerste seël oop, en dan verskyn daar ‘n wit perd wat die simbool is van oorwinning. Daar is nie eensgesindheid oor die verklaring van hierdie seël nie: volgens die Bybellennium is dit die vals profete wat ‘n oorwinningstog oor die wêreld voer. Dr. Jan Blignaut se mening was weer dat dit die Simbool is van Jesus Christus as die Oorwinnaar, met die Oorwinningstog van die Evangelie deur die hele wêreld. Vergelyk dit gerus met parallelle

gedeeltes in Matteus 24:14 en Openbaring 19:11-21. Die uitdra van die Evangelie gaan die eindoordeel vooraf. Persoonlik glo ek ook dat hierdie uitleg van Jesus die Oorwinnaar die korrekte een is.

Ná die uitdra van die Evangelie, word nóg seëls oopgemaak. Die tweede seël laat ’n ruiter op ’n vuurrooi perd vry. Dit spel oorlog en bloedvergieting, en hy beroof die aarde van sy vrede.

Die derde seël laat ‘n ruiter op ‘n swart perd vry. Die gevolge van oorlog is gewoonlik uiterste hongersnood en inflasie wat handuit ruk. Die opmerking oor die olyfolie en die wyn, het te doen met die feit dat soldate gewoonlik die wingerde en oflyfboorde vernietig het in oorlogstyd, en hierdie is ‘n pleidooi om dit asseblieftog te laat staan.

Die vierde seël laat ‘n vaal perd vry, eintlik vaalgroen, die kleur van ‘n lyk. Een van die gevolge van ‘n oorlog is allerhande siektes veroorsaak deur hongersnood. So ook

werkloosheid, geweld, moord en mense wat op groot skaal doodgaan. 'n Kwart van die mense wat die aarde bewoon word deur die dood weggeruk, maar tog begrens of beperk God hierdie slagting. God bly steeds in volle beheer! Hierdie is dan ook 'n simboliese uitdrukking van God se groeiende toorn en Sy oordeel oor die goddeloses.

Die klem op die vernietiging, dood en oordeel is slegs die voorspel tot die finale oordele van God. Maar ons moet ook in gedagte hou dat die ewige teenwoordigheid by God direk hierop volg vir almal wat kinders van God is. Dit is ons troos in lewe en in sterwe! Dit is duidelik dat die oordele van God die goddeloses tref! Vir die gelowiges het Jesus Christus as die LAM VAN God versoening en vrede met God gebring deur Sy bloedoffer. Wat ookal, niks kan ooit weer hierdie versoening en vrede vernietig nie.

Die vyfde seël handel oor martelaarskap. Inderdaad het baie mense reeds gesterf as gevolg van hulle geloof, en dit gebeur

vandag nog steeds. Die troos is egter dat hulle aan die voet van die altaar, dus naby God is. Hulle gebed is dat God se oordeel gou moet kom sodat geregtigheid kan geskied. Hulle ontvang lang wit klere wat reinheid en geregtigheid voor God simboliseer. Hulle oorwinningsklere is in die bloed van die Lam gewas. Hulle moet egter nog ‘n klein rukkie wag, want God se groot plan moet eers ten volle uitgevoer word.

Wanneer die sesde seël oopgemaak word, breek die oordeelsdag aan. Die vernietiging van die heelal is deel van God se oordeelsvoltrekking. Groot aardbewings, die son en maan wat soos bloed word, sterre wat val, die Hemel wat verdwyn, berge en eilande verdwyn. Hierdie dinge beteken dat God se groot dag aangebreek het. Die groot vraag is: wie sal staande bly? Die volgende hoofstuk is ‘n tussenspel. Hier word die vraag beantwoord. Gelowiges weet immers dat Jesus diegene wat aan Hom behoort vashou gedurende hierdie verskriklike tyd van

beproewing wat die hele aarde oorspoel. Watter wonderlike troos!

**Gebed:**

**Dankie Here, dat ek vandag kan weet dat ek ook in U geborge is, en dat U my vashou tydens die verskrikking wat kom. Kom, Here Jesus, kom gou!**

# 144’000

## Openbaring 7:1-8

## [Luister]

Twee-twee kom hulle die straat afgestap, ‘n pakkie pamflette in die hand wat hulle van huis tot huis uitdeel. Hulle klop aan my voordeur, en voordat ek nog ‘n dwars woordjie kan inkry, vra hulle die vraag wat hulle die afgelope week geleer het: “Wat dink jy van die huidige situasie van aardverwarming? Waar gaan dit eindig?” Eintlik stel hulle nie die minste belang in my opinie nie, maar dis net ‘n aanknopingspunt om ‘n voet in die deur te kry. En natuurlik word alles haarfyn uiteengesit in die pamflet wat hulle die week verkoop of weggee. Voordat ek nog kan sê dat ek nie belangstel in hulle propaganda nie, nooi hulle sommer hulleself binne, en neem die gesprek oor.

Maar dan speel ek my troefkaart: “Onthou julle vir Oom Gert?” Uiteindelik het ek ‘n woordjie ingekry toe die vrou asemskep.

Natuurlik onthou elke Jehovah's Getuie vir Oom Gert, want hy was een van die "heilige" manne onder hulle, en baie hoog gerespekteer. Toe hy nog die aarde bewandel het, was Oom Gert en my pa broers. "Oom Gert was my oom, en hy het dikwels by my tuisgegaan wanneer julle konferensies in Durban hou, en ons het baie diep gesprekke gevoer. Hy kon my nog nooit van julle geloof oortuig nie! Hoe sal júlle dit dan ooit regkry?" En daarmee draai hulle dan gewoonlik teleurgesteld om en loop druipstert weg. Sien, Oom Gert, so glo hulle, is een van die 144'000 uitverkorenes, moontlik die héél laaste een ooit! Want die getal is afgesluit. Niemand kan verder nog in die Hemel kom nie!

Openbaring 7 was al vir baie mense 'n groot probleem. As daar dan uit al die biljoene Christene maar net 144'000 is wat die saligheid kry, dan is dit mos 'n ramp! Waar pas ek dan in? Help dit dan ooit dat ek nog probeer om vir God te lewe?

In Johannes se visioen is die vernietiging van die aarde op hande, en die engele wat dit moet voltrek staan gereed. Maar eers moet hulle wag sodat die uitverkorenes ‘n seël op die voorkop kry. Hierdie seël is ‘n simboliese merk om te sê dat hulle eg is, en aan God behoort. Later sien ons dat die ongelowiges ook ‘n soortgelyke simboliese merk kry. Johannes verneem dat daar 144’000 mense is wat die seël kry. Maar wat beteken dit? Waarom so ‘n snaakse getal?

Hier is een verduideliking, wat die simboliese samestelling van die getal 144’000 verduidelik.

Ons begin met die getal 3, wat dui op die Drie-eenheid van God. Tweedens die getal 4 wat dui op die hele skepping, die 4 windrigtings van die aarde. Vermenigvuldig die twee met mekaar, en jy kry die getal 12. Wanneer die Drie-eenheid die verlossingswerk op aarde voltooi, vind ons in die Ou bedeling die 12 aartsvaders en in die nuwe bedeling die 12 Apostels. Om nou by

die Kerk van die Ou en die Nuwe bedeling uit te kom, moet die twaalftal met 12 vermenigvuldig word = 144. Ons lees ook later in Openbaring 21 van die Nuwe Jerusalem met 12 poorte met die name van die 12 stamme en 12 fondamente met die name van die 12 Apostels daarop geskrywe. Om daarop klem te lê dat die Kerk in sy totaliteit, volkomenheid, met ander woorde die strydende kerk op aarde en die triomferende kerk in die Hemel bedoel word, word 144 met 10x10x10 (‘n volkome kubus) vermenigvuldig, wat dui op dubbele volkomenheid.

Wanneer Johannes dus hoor van die 144’000 verseëldes, dan is dit die totale Strydende Kerk op Aarde, uit die Ou sowel as die Nuwe bedeling, al die dienaars van God. Hulle is wél onderworpe aan die groot verdrukking, vervolging en lyding, maar hulle bestemming is gewaarborg, al is die reis ook hoe onstuimig. God verseker dat elkeen wat aan Hom behoort, nie alleen staande sal kan bly gedurende die voltrekking van Sy verskriklike

oordele oor die Goddeloses nie, maar ook Oorwinnend sal triomfeer in die NAAM van die LAM.

Johannes word meegedeel dat die 144’000 uit twaalf stamme bestaan. Maar as ons mooi kyk, sien ons ‘n paar onreëlmatighede in die samestelling van die stamme. Waarom?

Juda en nie Ruben nie (oudste seun) verskyn bo aan die lys. WAAROM? Omdat Jesus Christus uit die stam van Juda gebore is. Manasse en Josef is by die lys ingesluit, maar Dan en Efraim is weggelaat, waarskynlik vanweë hulle latere afgodediens. Dit is dus duidelik dat ons die verseëldes uit die 12 stamme nie letterlik kan interpreteer nie, maar dat hierdie stammelys wys op die simboliese Volk van God, die Kerk van Christus as die Nuwe Israel, die Nuwe Volk van God van die eindtyd, wat die Nuwe Uittog na die nuwe Jerusalem onderneem.

Die vraag is dus: is ek en jy, die gelowiges deel van daardie 144’000? En die antwoord is ‘n onomwonde “Ja! Verséker!”

Gebed:

Dankie Here, dat ek, en saam met my ‘n reuse skare van gelowiges, U seël op ons voorkoppe kry, en dat ons bemoedig en vertroos kan word dat U ons staande hou deur die groot verdrukking. Dankie dat U ons uitverkies het.

# Die Ontelbare Skare

# Openbaring 7:9-17

## Luister

Dalk moet ek net eers weer beklemtoon dat hierdie nie ‘n volledige Bybelstudie van die boek Openbaring is nie. Hierdie is slegs ‘n reeks oordenkings, en dit moet jou stimuleer om verder te gaan Bybelstudie doen oor die onderwerp. Lees gerus goeie kommentare oor hierdie wonderlike, soms omstrede Bybelboek.

Ek moet jou weer herinner dat die eerste ses seëls oopgemaak is. Dan volg daar eers ‘n tussenspel voordat Johannes die oopmaak van die sewende seël beleef. Gister het ons gehoor van die 144’000 uitverkorenes wat verseël is. Dit is deel van hierdie tussenspel wat voortduur wanneer Johannes vertel van ‘n ontelbare menigte wat die vervolging deurgemaak het en reeds in die hemelhof bymekaargekom het.

Wie is hierdie mense tog? Eintlik dieselfde as die 144’000, maar vanuit ‘n totaal ander perspektief gesien. Die 144’000 is uit ‘n aardse perspektief, en die ontelbare skare uit ‘n hemelse perspektief. In Openbaring 7:l-8 is die 144’000 gelowiges op aarde verseël met die oog op die naderende verdrukking, terwyl die “groot menigte” die Triomferende Kerk in die Hemel is, hulle wat die groot verdrukking alrééds deurstaan het. Hierdie visioen wil al die gelowiges wat nog steeds op aarde is, bemoedig. Moontlik staan jy op die oomblik in die verdrukking, soos mense in lande soos Noord Korea waar gelowiges wreed vervolg word. Of dalk moet jy nog die donker uur van beproewing wat voor die einde gaan kom, trotseer. Dan bemoedig hierdie visioen jou, en gee aan jou 'n visie op die ewige heerlikheid voor die groot wit Troon van God en die Lam!

Kom ek verduidelik dit só: In hierdie grendeltyd is jy ingeperk in jou huis. Dag-vir-dag is jy vasgekeer tussen vier mure, en jy smag daarna om nét ‘n bietjie te kan

wegbreek onder hierdie donker wolk uit. Dan kry jy ‘n e-pos wat jou meedeel dat ‘n wonderlike, idilliese vakansie iewers op ‘n tropiese eiland vir jou wag. Die foto’s is asemrowend! Sodra grendeltyd verby is, kan jy op die vliegtuig klim en vlieg. Alle kostes is alreeds betaal! Skielik is ál jou donker wolke weg, en jy sien opgewonde met groot afwagting uit na daardie dag. Op dieselfde wyse moet hierdie visioen jou as gelowige opgewonde maak vir dít wat op ons wag.

Hierdie hemelse perspektief op die regverdiges is aangrypend. In Johannes se visioen sien hy die verheerlikte kerk wat voor die troon van die Lam stelling inneem. Dit is duidelik dat hulle die aardse stryd voltooi het, want hulle het wit klere aan - simbolies van hulle reinheid en geregtigheid om voor God te mag verskyn. Hulle hou palmtakke vas. Die Jode het gedurende die Tabernakelfees palmtakke versamel as simbool van hulle oorwinning na die 40 jaar in die woestyn. In Johannes se visioen kan die palmtakke dus

gesien word as simbool van ‘n oorwinningsfees na ons aardse woestyntog.

Die engele, ouderlinge en lewende wesens, met ander woorde die kerk en skepping, kniel voor die troon terwyl hulle ‘n oorwinningslied sing. En dan vra een van die ouderlinge vir Johannes wie hierdie mense in die wit klere is? ‘n Snaakse vraag, want hy weet mos! Dalk wou hy Johannes net nuuskierig maak! As Johannes sy skouers optrek, dan beantwoord die ouderling sy eie vraag: “Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom.” Dan beskryf hy hoedat hulle klere gewas en witgemaak is in die bloed van die Lam. Hulle het met ander woorde die offer van die geslagte Lam deur geloof aanvaar, en hierdie sekuriteit het hulle die hele tyd gedra voor Jesus se wederkoms. In Eksodus 19:10,14 lees ons dat die Israeliete ook hulle klere moes was voordat hulle voor God verskyn het by Sinai.

Al die aardse sorge, honger, dors, hartseer ens. is nou iets van die verlede, en nou is

hulle in die absoluut volmaakte teenwoordigheid van God, waar hulle Hom dag en nag dien. Johannes beskryf hier ‘n situasie van volkome saligheid, waar die Lam wat regeer hulle herder is, en hulle lei na die fonteine van water van die lewe. Hy droog hulle trane af. Al die droefheid en swaarkry wat hulle op aarde ondervind het is vir ewig verby.

Hierdie tussenspel wat Johannes beskryf gee aan jou en my, wat nog die bitter stryd op aarde moet stry, nuwe moed. Ja, hier gaan ons nog gebuk onder siektes, swaarkry, armoede, verdrukking en die spot van die goddeloses. Hier moet ons nog elke dag veg teen die talle aanslae van die bose.

Maar één ding moet ons weet: ons behoort aan God! Ons is verseël en ons uiteinde is triomfantlik in die volmaakte diens aan Hom, waar ons in die direkte teenwoordigheid van God en die Lam sal wees. Wonderlike troos wat hierdie hoofstuk ons bied!

Gebed:

Here, God-Almagtig, ons loof en dank U vanoggend dat U vir ons ‘n plek in die Hemel berei het - ‘n plek waar ons aan U voete kan sit en U wonderlike teenwoordigheid kan ervaar. Dankie dat U reeds die volle prys betaal het, en ons vrygekoop het met die kosbare bloed van die Lam.

# Die Sewende Seël

## Openbaring 8:1-13

## Luister

Wanneer jy sekere dele van Openbaring lees, dan is daar ‘n gevaar dat jy in ‘n depressie kan verval, want jy sien net dood en verwoesting en oordeel. Daarom moet jy dit altyd in die regte konteks lees. Jy moet met ander woorde die groot boodskap van Openbaring altyd in jou agterkop hou. As kinders van God moet ons dus positief daarna kyk, en verby die verskrikking die genadige God sien wat my en jou kom red het uit die verskriklike oordele. Ons moet ook ‘n genadige God sien wat selfs terwyl die oordeel aan die gang is, die sondaar nóg ‘n kans gee om tot bekering te kom.

Die Lam maak die sewende seël oop, en in die Hemel kom daar skielik ‘n doodse stilte. Almal hou asem op vir die verskrikking wat gaan volg. Selfs die engele wat besig is om

God te loof bly vir ‘n halfuur lank stil, terwyl die spanning opbou.

Dan verskyn daar sewe engele, elkeen met ‘n trompet. Enige oomblik nou gaan die verskriklike oordele die aarde tref. Maar voor dit kan gebeur moet daar eers nóg ‘n engel kom met ‘n wierookbak. Hy gaan staan by die altaar en gooi kole en wierook saam, sodat die heerlike geur daarvan die vertrek vul.

Het jy al ooit in die veld gesit by ‘n kampvuurtjie, en dan laataand, as die naguiltjies vir jou sing, dan gooi jy ‘n paar droë takkies van ‘n Sekelbos op die gloeiende kole? Of ’n stukkie Mopanie? Die heerlike, asemrowende geur van die Sekelbos vul die bos rondom jou. Dis hemels! Dan lyk die nag nog soveel mooier, en die sterre soveel helderder, en dan kan jy nie anders nie as om die Skepper van dit alles te loof en prys in ‘n jubellied wat jou hart laat galop.

Die geur van die wierook het saam met die gebede van die gelowiges die hele vertrek gevul. Bid ek en jy nie ook maar elke dag dat die verskriklike ongeregtigheid wat die wêreld oorheers, al die geweld en misdaad, moord en oorloë tot ‘n einde moet kom nie? Ons gebede val nie op dowe ore nie! God hoor ons gebed, want dit styg op na Hom soos die geur van daardie wierook (of die Sekelbos).

Die eerste engel tree na vore. Hy lig sy trompet en blaas. Dit is die aankondiging van God se eerste oordeel. Die onbeskryflike verwoesting en verskrikking wat hierop volg omklem jou hart. Maar vir die gelowiges, en veral diegene wat so verskriklik gely het onder die verdrukking, is die geluid van hierdie trompet die mooiste musiek óóit! Hael gemeng met vuur en bloed verwoes ‘n derde van die aarde. Verskriklik! Maar selfs hierin sien ons nog God se groot en liefdevolle genade, want twee derdes van die aarde word nóg ‘n kans gegee om tot besinning te kom.

Wanneer die tweede trompet weergalm, word ‘n derde van die see getref, en dit word bloed. Dit herinner ‘n mens aan die dodelike rooigety wat soms die Weskus tref, waar die see letterlik rooi word van ‘n sekere tipe plankton wat alles vergiftig. Johannes se visioen is iets soos ‘n brandende berg wat in die see gegooi word. Klein-Asië was goed bekend met vulkane, waar die gloeiende lava teen die berghange afrol. Dink maar aan die verwoesting wat so ‘n vulkaan aan die stad Pompeii aangerig het, waar al sy inwoners ‘n gruweldood gesterf het. Hoeveel groter gaan hierdie oordeel van God nie wees nie! Maar weereens is God se genade steeds daar, want twee derdes van die aarde word nog ‘n kans gegun.

As die derde trompet weerklink, val ‘n brandende ster uit die Hemel, en ‘n derde van al die varswaterbronne word besmet. Onwillekeurig dink jy aan die groot kommer wat die suurwater veroorsaak wat in die ou myne opstyg en al die waterbronne bedreig.

Selfs die fondasies van die groot geboue kan in die slag bly.

Net so terloops, die ster wat hier genoem word se naam is Wildeals, of in Engels, Wormwood. Sommige doemprofete het beweer dat ‘n onsigbare planeet genaamd Wormwood Desember 2012 die aarde sou verwoes. Dit het toe nie gebeur nie.

Selfs die hemelruim word nie gespaar nie, en as die vierde trompet weerklink, word die son, maan en sterre getref sodat duisternis soos ‘n swart kombers oor die aarde hang. Maar steeds is daar genadetyd, want weereens is dit net ‘n derde van die dinge wat getref word.

Dan vlieg die arend hoog in die lug en waarsku al die bewoners van die aarde, oftewel die ongelowiges, van die angswekkende dinge wat nog gaan kom. God se oordeel is teen die ongelowiges gerig, en die arend wat hoog vlieg is vir almal sigbaar, sodat niemand kan sê dat hy nie

gewaarsku is nie. God se besliste oordeel is opvallend, maar Sy verdraagsaamheid en genade, om steeds die ongelowige te probeer oorreed om tot besinning te kom, is nog soveel groter.

**Gebed:**

**Here, my gebed styg vanoggend saam met dié van miljoene ander gelowiges op tot U soos ‘n heerlike wierook: kom gou, Here Jesus, en maak ‘n einde aan die verskriklike ongeregtigheid op aarde.**

# Sprinkane met Angels

## Openbaring 9:1-12

## Luister

Mosbolletjie gee ‘n gilletjie, en ek spring om haar te red van die groot gevaar wat haar bedreig. En daar sit Tá in die kombuis, pikswart en stert in die lug, angel dreigend!

‘n Skerpioen is een van die skrikwekkende dinge wat meeste mense koue rillings gee. Laat jy hom egter met rus, dan sal hy jou nie sommer bydam met sy pynlike angel nie. Nee, ek is nog nooit deur een van hierdie giftige gediertes gepiets nie, ten spyte daarvan dat ek hulle al dikwels teëgekom het. Ek het selfs ‘n groot bewondering vir hierdie pre-historiese gediertes.

Perdebye het my al dikwels gesteek, en dis ‘n steek wat jy onthou! Ons jongklomp gaan kamp een naweek op Oribi Gorge, en terwyl ons deur die veld stap, loop ek deur ‘n perdebynes in die lang gras, en hulle steek

my dat ek nie weet hoe oud ek is nie. Net die volgende dag wil ek ‘n foto neem van my maters wat oorkant die kloof staan. Om ‘n beter posisie te kan kry vir die foto, moes ek afklim tot op ‘n nou rotslysie teen die krans van honderde meter hoog. En toe sê die perdebye: “Hoezit!” en hulle takel my van alkante af. Al wat ek op daardie oomblik aan kon dink, was om van die goed af weg te kom, en ek voer daar ‘n paar danspassies uit op die randjie van die dood, wat Michael Jackson na ‘n amateur sou laat lyk!

Nou-ja, ek weet presiés hoe ‘n perdeby se steek voel, en hulle sê dat ‘n skerpioen s’n tien keer so erg is. Gelukkig vlieg skerpioene nie! Wel, Johannes het ook so gedink, totdat hy daardie visoen gehad het van die “vlieënde skerpioene,” oftewel sprinkane met angels!

In die antieke tye is geglo dat die bose geeste ‘n blyplek onder die aarde het, en dat daar êrens ‘n skag is na hulle “nes” toe. Johannes sien hoedat die deur van die skag

na die onderwêreld op dramatiese wyse oopgesluit word deur ‘n engel nadat die vyfde trompet weergalm het. Uit die rokende gat borrel daar ‘n reuse swerm sprinkane met skerpioen-angels wat oor die aarde versprei.

Die gesig laat jou nogal dink aan die vulkaan-uitbarsting destyds in Ysland, wat die ganse Europa tot stilstand gedwing het, toe sy swart wolk rook duisende kilometer ver die lug verduister het.

‘n Sprinkaanswerm is alreeds ‘n skrikwekkende gesig! Soos ‘n pikswart wolk verduister hulle die aarde, en vreet alles op wat voorkom. Hierdie sprinkane was egter anders, hulle het nie gevreet nie, maar mense aangeval en gesteek. Ek kan my die verskrikking voorstel as jy deur ‘n swerm skerpioen-sprinkane aangeval moet word. Die angswekkende, ondraaglike pyn wat jy moet verduur. So erg is die pyn dat jy smag daarna om dood te gaan, maar die genadige dood ontglip jou. Hierdie verskrikking duur ‘n

volle vyf maande, die normale leeftyd van ‘n sprinkaan.

Tóg word nie almal getref nie. Die gelowiges word die verskriklike pyniging gespaar, en dis slegs die ongelowiges wat geraak word. Die bordjies is nou skielik verhang! Waar dit voorheen die gelowiges was wat moes ly onder die aanslae van die bose, is dit nou die goddeloses wat die spit moet afbyt. Hierdie dinge vind plaas onder God se opdrag.

Wanneer Johannes die sprinkane beskryf, dan maak dit byna nie sin nie, want hulle tree op soos skerpioene, lyk soos oorlogperde, dra goue krone en hulle het mensegesigte. Hulle het lang hare, tande soos leeus, borskaste soos ysterharnasse en sterte met angels soos skerpioene. Dit klink na iets uit ‘n Star Wars-fliek! Die samestelling van die sprinkane klink nie logies nie, maar dit beskryf hulle as vlugvoetig, pynigend, intelligent, lewenskragtig, verorberend (soos leeus), en onvernietigbaar. In een woord: afgryslik-skrikwekkend! Die naam wat aan

hierdie monsters gegee word is Abaddon, wat Verwoester of Vernietiger beteken.

Die feit dat die goddeloses nie doodgemaak word nie, moet ons sien as genade van God, want hulle word nogeens ‘n kans gegun om tot bekering te kom. Hulle pyniging is nie alleen die fisiese pyn wat die steek van die gediertes se angels veroorsaak nie, maar ook geestelik, die angs wat hulle deurleef. Mooipraat het nie gehelp om hulle tot bekering te lei nie - moontlik sal hierdie foltering hulle beweeg om hulle toevlug tot God te neem!

En deur dit alles bly die gelowiges absoluut ongeskonde - hulle word deur God beskerm.

Hoe ver moet God nie gaan met sommige mense nie! Hy soebat hulle om hulle tot Hom te wend. Hy het die prys vir verlossing ten volle betaal - jy moet dit net aanvaar. Waarom is dit vir sommige mense so verskriklik moeilik om net die geskenk van die ewige lewe aan te neem?

**Gebed:**

**Dankie, Here, dat U vir my ook die geskenk van die ewige lewe gegee het. Daar is egter so baie mense wat ek elke dag mee te doene kry wat weier om daardie geskenk te ontvang - werk asseblief ook in hulle harte sodat hulle kan sien dat U die enigste Verlosser is.**

# Monster-perde

## Openbaring 9:13-21

## Luister

Ek het al so baie gewonder oor waar die vervaardigers hulle inspirasie vandaan kry vir die gruwelike monsters in fiksie-rolprente soos Lord of the Rings en Star Wars? Dikwels spoeg die gedrogte vuur, en die blote aanskoue van sommige van daardie goed is genoeg om enige geharde soldaat se knieë te laat verkrummel. En dan is hierdie monsters se bose vernietigingskrag gewoonlik so groot dat mense soos vlieë doodgaan wanneer hulle in hulle hordes die mensdom stormloop. As jy Openbaring 9 lees, dan wonder jy of hulle nie dalk hulle inspirasie uit die Bybel kry nie!

Johannes sien presies ook nét sulke gedrogte in sy visioen! En asof ‘n enkele wreedaardige monster nie genoeg is om ‘n mens die horries te gee nie, is daar miljoene van hulle!

Alles begin wanneer die engel die sesde trompet lig, en die klanke daarvan weerklink oor die aarde. Die tyd het aangebreek dat die vier demoniese engelewesens losgelaat word om hulle vernietigingswerk op die aarde te gaan doen. Hierdie is bose engele, en hulle is by die Eufraatrivier vasgemaak. Die plek het natuurlik ook ‘n sterk simboliese betekenis, want die Eufraatrivier was die oostelike grens van die Romeinse Ryk. Anderkant die grens het die gevreesde Partiërs gewoon. Hulle het selfs die magtige Romeinse Ryk aangeval! Simbolies beteken dit dus dat die onheil, die skrikwekkende verwoestende leërmag vanaf die gebied oorkant die Eufraat kom. Die Eufraatrivier is die simbool van Assirië en Babilon, met ander woorde die goddelose, verdorwe wêreld. Hierdie Bose magte word uit die onderaardse diepte losgelaat.

Ons moet ook daarop let dat hierdie bose magte nie sommer op eie inisiatief hulle vernietiging begin nie, maar dat God die tyd daarvoor bepaal. God is met ander woorde

steeds in volle beheer - selfs oor die bose magte!

Johannes hoor ‘n stem wat van die altaar se kant af kom, en wat vra dat die engele losgemaak moet word. Hierdie is die stem van die gelowiges wat roep om God se oordeel ter wille van Sy eer en geregtigheid. Let wel: hulle roep nie om wraak nie! Vandag roep ons ook so dringend, dat geregtigheid in ons land sal geskied. Ons vra dat die regering optree teen misdaad, nie om ons te wreek op die misdadigers nie, maar dat geregtigheid sal plaasvind, en dat die slagting van onskuldige mense sal ophou.

Wanneer die vier bose engele losgelaat word, bring hulle hulle skrikwekkende leërmag saam. Die gedrogte is suiwer demonies, en angswekkend. Ons sien perde met leeukoppe waaruit swael, vuur en rook borrel Hulle sterte is soos slange wat almal pik en pynig wat hulle teëkom. Die ruiters se uitrusting is vuurrooi, donkerblou en skelgeel, en dit beklemtoon die vuur, rook en swael uit

die perde se bekke. Hulle getalle is duiselingwekkend - “miljoene der miljoene en nog ‘n keer soveel”. Die doel met die enorme getal is om te beklemtoon hoe oorweldigend hulle aanslag is. Inderdaad word ‘n derde van die mense op die aarde vernietig. Jy sal seker onthou dat die “mense op die aarde” slegs die goddeloses of ongelowiges is.

Weereens sien ons God se genade in hierdie hele episode, want die oorblywende twee-derdes word steeds tyd gegun om tot bekering te kom. Sékerlik moet hulle deur hierdie vernietiging en verskrikking daartoe gedryf word om hulle tot God te wend, om hulle harte vir Hom oop te maak. Ons sien egter dat dit nie gebeur nie, en hulle hou aan om teen God te sondig. Hulle gaan bloot voort om bose geeste en afgode te aanbid. Hulle hou ook aan om teen die mens te sondig, moord, towery, onsedelikheid en diefstal. Hulle goddeloosheid en sondigheid is selfvernietigend.

God se onbegryplike verdraagsaamheid word egter nogeens beklemtoon wanneer ons die volgende hoofstuk van hierdie baie dramatiese en spanningsvolle verhaal lees, want daar sien ons hoedat die evangelieverkondiging steeds voortgaan in die hoop dat daar nog mense is wat tot bekering sal kom. Inderdaad sien ons keer op keer dat Openbaring nie ‘n boek is van God se oordeel nie, maar eerder van Sy groot, gróót genade en liefde. Ons sien telkens hoedat Hy die goddelose mens probeer red van sy eie selfsugtige selfvernietiging.

Trouens, God se genade oor die mensdom is só groot, só lief het Hy die **wêreld** gehad - dat Hy Sy enigste Seun gestuur het om te ly en die verskriklike dood aan die kruis te sterf vir sondaars - ongelowiges, moordenaars, skelms, bedrieërs. Hy sê dat as hulle slegs in Jesus glo, dan sal hulle nie verlore gaan nie, maar dan sal hulle gered word en selfs die wonderlike ewige lewe kry! (Johannes 3:16)

**Gebed:**

**Here, U is groot en almagtig, en uit hierdie aangrypende hoofstuk kon ek weer U mag sien, selfs oor die bose. Dankie Here, dat ek ook weereens U groot genade hier kon ondervind - U groot genade ook oor my, nietige mens.**

# Die Bitter-Soet Boek

## Openbaring 10:1-11

## Luister

Johannes moet ‘n Boek opeet. Dit smaak heerlik soet, maar dit is bitter (suur) in die maag.

Na die sesde trompet kom ons nou by ‘n dubbele tussenspel, die klein boekie en die twee getuies. Die aanloop tot hierdie boekie wat Johannes moet eet, begin by ‘n engel wat Johannes uit die Hemel sien neerdaal. Anders as die engele waarvan ons in Vrydag se dagstukkie gelees het, wat demoniese engele was, is hierdie een in diens van God, en sy hele beeld straal dit uit.

Terloops, jy behoort natuurlik sommer dadelik 'n gelowige te herken aan die beeld wat hy uitstraal! Die vraag is: hoe lyk die beeld wat jy uitstraal? Hierdie engel is deur God gestuur om ‘n boodskap van hoop te kom bring vir die verdrukte kerk. Ons sien dat hy

wydsbeen gaan staan oor die land en see. Dit is natuurlik 'n simbool van sy omvattende posisie.

As ons terugdink aan die begin van Openbaring, waar God beskryf word, dan is daar nogal ‘n ooreenkoms in die beskrywing van hierdie engel, wat die beeld van God uitstraal. Dink maar aan die wolk om hom, die reënboog bokant hom, sy gesig wat blink soos die son en sy bene soos vuurpilare. Dit is voorwaar ‘n asemrowende figuur wat getuig van groot krag en gesag. Sy sending dra dus Goddelike sanksie.

En dan is daar die oop boekie, eintlik ‘n onverseëlde boekrol wat hy in sy hand hou, soortgelyk aan die groot boekrol wat Johannes beskryf in Openbaring 5:2. Hierdie Boekie is waarskynlik ’n kleiner weergawe van die groot Boekrol. Dit is die testament van die toekomsgebeure.

Die engel praat met groot gesag, en sy stem is baie hard, soos ‘n leeu wat brul. Het jy al

ooit die voorreg gehad om ‘n leeu baie naby te hoor brul? Daardie voorreg was my by ‘n paar geleenthede beskore. En glo my, sy stem is gróót, sommer **BAIE** groot! Hy laat werklik die vensters in jou huis ratel, sodat jy voel jy wil ineenkrimp. Jy voel bitter klein en broos in sulke uitgelese geselskap!

Wanneer hierdie engel praat, antwoord die hemele in sewe donderslae. Dit bevestig natuurlik sy Goddelike gesag. Johannes wil alles neerskryf wat hy hoor, maar ‘n stem uit die Hemel belet hom - dit is nog ‘n geheim. Dan kondig die engel aan dat daar nie meer tyd oor is nie. Die sewende trompet gaan binnekort weergalm, en dit sal die finale einde inlui. Hy bevestig dit met ‘n eed, wanneer hy sy regterhand na die Hemel uitstrek, soos die voorskrif was om ‘n eed af te lê. Die verborge bedoeling, oftewel die volle raad van God, sal dan in vervulling gaan. Die einde is naby!

Wat word met al hierdie dinge bedoel? Alles en almal het nou hulle Godgegewe betekenis

bereik. Dit word duidelik as ons ‘n bietjie verder gaan lees in Openbaring 11:15, wanneer die sewende trompet blaas en God se volmaakte heerskappy aanbreek.

Maar dan kry Johannes daardie moeilike opdrag. ‘n Stem uit die Hemel sê vir hom dat hy die oop boekie by die engel moet neem en dit opeet. Deur hierdie simboliese daad, neem Johannes nou aktief deel aan die eindgebeure. Ons lees in Esegiël 2 van vers 8 af van dieselfde soort ding wat met Esegiël gebeur, waar hy beveel word om ‘n boekrol op te eet. Hierdie boek smaak soet soos heuning, en nadat hy dit geëet het moet hy die Woord van God aan Israel gaan verkondig. Die profeet moet dus eers die boodskap verteer - hy moet dit met ander woorde sy eie maak voordat hy dit kan oorvertel.

Johannes se boek is óók soet soos heuning, maar as dit in die maag kom, is dit bitter. Dit is heerlik aangenaam om die Woord van God te lees en dit te bestudeer, maar wanneer dit

by die verkondiging kom van dit wat jy jou eie gemaak het, dan is dit nie so maklik nie. Om die Woord te verkondig is veeleisend, en gaan dikwels gepaard met bitter moeilike teenstand.

Johannes se opdrag is dan ook om God se boodskap te gaan verkondig. Sy boodskap raak die hele wêreld - volke, nasies, tale en konings. Weereens is dit God se onmeetlike genade wat na vore kom, wanneer Hy die wêreld steeds geleentheid gee om hulle tot God te bekeer voordat die finale oordeel kom.

Dit is asof God vandag ook Sy hand op my en jou skouer plaas, en ons aanspoor om Sy Woord aan elkeen waarmee ons in aanraking kom te gaan vertel. Wat ‘n wonderlike voorreg het ons nie! Ons is gevul met die heerlike soet smaak van die Woord, maar ons moet ons regmaak om ook die bitter van verwerping te kan ervaar, wanneer mense God se Woord in ons gesigte teruggooi.

**Gebed:**

**Dankie vir die heerlike voorreg, Here, dat ek ook u Woord kan versprei oor die hele aarde. Ek wil vra dat U asseblief vir my deure sal oopmaak sodat die Woord wyd en syd sal weerklink, en dat almal sal weet van U groot genade en liefde.**

# Twee Getuies

# Openbaring 11:1-14

## Luister

Die groot vraag wat ons vanoggend vra, is of die kerk ooit staande sal kan bly wanneer die groot verdrukking kom? Iemand het die opmerking gemaak dat daar in Amerika geen kerk sal wees binne die volgende paar dekades nie. Oral rondom ons sien ons met groot ontsteltenis hoedat gemeentes krimp en wegkwyn en selfs totaal verdwyn. In die stad Durban alleen het ek die afgelope twee dekades moes toekyk hoedat groot, florerende gemeentes van die NG kerk gesterf het. Een van hulle is Durban Noord NG Gemeente, waar ek as jong man deel was van ‘n lewendige gemeente met ‘n jeugbeweging wat berge kon versit. Die kerkgebou was dikwels te klein om al die lidmate te huisves. Die gemeente het ontbind en die kerkgebou is verkoop. Dit het gebeur terwyl daar ‘n ongekende groei in die

omgewing plaasgevind het. Die mense het nie minder geword nie, maar die kerk het nogtans gesterf.

Selfs reuse makrogemeentes met duisende lidmate, is besig om weg te kwyn. Is die kerk besig om uit te sterf? Dit gee my ‘n groot beklemming om die hart.

Maar daar is ook ‘n positiewe - daar is wél gemeentes wat besig is om te groei, en waar daar ‘n baie positiewe gees is. Boonop is daar klein huisgemeentes besig om oral op te skiet. Waar Ballito byvoorbeeld jare gelede slegs 4 kerke gehad het, is daar nou sowat 60 kerke!

In Johannes se visioen kry hy ‘n meetstok van riet gemaak, wat soos ‘n septer lyk. Dit is simbolies van sy koninklike optrede. Hiermee moet hy die tempel en sy mense gaan opmeet. Die tempel is simbool van die kerk van Christus, met ander woorde al God se eiendom en die vrug van Sy verlossingswerk. Die kerk sal bewaar word van vernietiging. Jy

merk dat die voorhof nie gemeet word nie. Die voorhof van die tempel was destyds ook toeganklik vir heidene. Die feit dat Johannes dit nie moet opmeet nie, beteken dat ongelowige buitestaanders nie op God se bewaring kan staatmaak nie.

Die twee getuies wat Johannes in sy visioen sien, sinspeel op Moses en Elia. Ons lees in 2 Konings 1:10 en 1 Konings 17:1 dat Elia sy vyand met vuur kon tref en die Hemel toesluit sodat dit nie reën nie. En in Eksodus 7 en 8 lees ons weer van die water wat in bloed verander het en die aarde wat met allerhande plae getref is op Moses se opdrag. Die Joodse verwagting was dat Moses en Elia sou terugkeer voor die voleinding van die wêreld.

Die twee getuies verpersoonlik egter die getuienis van die kerk teen die eindtyd, waar die kerk boeteprediking doen - die volke word opgeroep om hulle te bekeer. Net soos wat Moses en Elia groot bonatuurlike tekens gedoen het, sal die kerk ook tekens doen wat

God se gesag sal demonstreer gedurende die tyd van vervolging.

Eers wanneer hulle getuienis heeltemal klaar gelewer is, kom die dier uit die onderaardse dieptes op om die goddeloses dood te maak. Moet ons nou aanneem dat die kerk finaal vernietig is? Nee, inderdaad nie! ‘n Parallel word gemaak met die dood en opstanding van Jesus. Die kerk se uiteinde is geborg, en dit moet dien as inspirasie om in die vervolging sterk te staan. Inderdaad wil die bose probeer wys dat die kerk waarlik dood is, deur die lyke van die twee getuies vir drie en ‘n halwe dae in die straat te laat lê sodat die hele (goddelose) wêreld hulle kan verheug in die dood van die kerk.

Maar dan gebeur die wonder, wanneer God na die drie en ‘n halwe dae weer lewe en asem gee aan die kerk, en hulle triomfantlik in ‘n wolk na die Hemel opgeneem word terwyl hulle vyande dit sien. Dit herinner nogal aan Esegiël se doodsbeendere in Eseg. 37.

Direk na die groot triomf van die kerk, kom daar ‘n groot aardbewing en duisende mense sterf ‘n aaklige dood, wanneer ‘n deel van die stad inmekaar stort. Weereens is dit God se genade wat hieruit skyn, want 90% van die mense oorleef om nógeens ‘n kans te kry. Die oomblik is so groot en skrikwekkend dat die oorlewendes besef dat die dinge deur God se toedoen is, en “aan God die eer gee”, met ander woorde dat hulle tot bekering kom.

Ja, dikwels moet God ‘n mens eers baie hard ruk voordat jy tot jou sinne kom en jou tot God wend. Hoeveel keer gebeur dit nie dat ‘n misdadiger eers die verskrikking van die tronk moet ervaar voordat hy tot bekering kom, of dat jou geliefdes eers op ‘n wrede manier van jou weggeneem word voordat jy jou tot God wend?

As jy dalk hierdie dagstukkie lees, en jy het nog nie by Jesus uitgekom nie, dan wil ek jou vandag smeek om Sy geskenk van die ewige lewe te aanvaar, voordat jy dalk geskud word om tot jou sinne te kom. Of dalk baie erger,

dat jy moontlik later nóóit weer die kans sal kry om die ewige lewe te kan sien nie. Die besluit is joune alleen!

**Gebed:**

**Dankie Here, dat ek vanoggend kan weet dat U sélf U kerk in stand hou, en al lyk die prentjie vir ons soms so duister, kan ek ook weet dat U in beheer is en dat U betyds sal ingryp.**

# Die Sewende Trompet

# Openbaring 11:15-19

## Luister

Uiteindelik tree die sewende engel na vore en laat sy trompet weergalm. Die sewende trompet word ook met gemengde gevoelens aangehoor. Die eerste ses trompette was die simboliese voorstelling van die oordeelsvoltrekking, en die goddelose mense word elke keer daardeur opgeroep en gewaarsku dat hulle tot bekering moet kom.

Die sewende trompet is egter hééltemal anders: dit verkondig God se koningskap! Ja, natúúrlik weet ons mos dat God alreeds heers van die begin van alle tye af. Maar ons kan dit eenvoudig nie genoeg herhaal nie. En boonop is dit nie almal wat Sy heerskappy erken nie. Om die waarheid te sê, is daar slegs ‘n handjievol mense wat Hom erken as Koning. Die meeste mense beweer dat God nie werklik bestaan nie, of dat Hy kragteloos is en beslis nie die Koning nie. Of dat hulle

eerder onder ‘n ander “koning” se heerskappy wil wees, en dat hulle Hom dus verwerp.

Wanneer hierdie trompet blaas word Sy koningskap egter só verhoog dat die hele wêreld dit moet erken. Dit beteken dat dit nie alleen die gelowiges is nie, maar elkeen op aarde, ook die ongelowiges, die afgodsaanbidders en selfs die Sataniste!

Onder die gelowiges is daar groot vreugde as stemme uit die Hemel dit uitbasuin: “**Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid.**” Die vier en twintig ouderlinge wat op hulle trone sit voor God, kniel in aanbidding. Simbolies verwys dit natuurlik na my en jou, die gelowiges. Die ouderlinge jubel ‘n lofgebed wat God se koningskap besing, uit. Hulle is baie dankbaar teenoor die Here dat hulle nou Sy groot almag kan aanskou en dat hulle kan sien dat Hy as Koning heers.

Almal is egter nie ewe entoesiasties oor God se koningskap nie, want saam met hierdie trompet van vreugde, is daar ook die geskal van oordeel. Die trompet kondig die finale oordeel aan oor húlle wat hardkoppig geweier het om God se heerskappy te aanvaar. Die nasies, met ander woorde die ongelowiges, is woedend oor die uitslag. Hulle wou eintlik 'n ander leier gehad het! Hulle verkies die Bose as hulle leier! Diegene wat hulle verlekker het om die aarde te vernietig, kry nou 'n groot verrassing: húlle is nou aan die ontvangkant, en nou word húlle vernietig! Hulle loon is afgryslik.

Al hoe meer mense leef vandag asof daar nooit enige oordeel gaan wees nie. Elke dag word daar gekyk hoeveel hulle hulleself kan verryk, of dit nou finansieel is of liggaamlik. Vir hulle bestaan God nie! En ás hulle nog glo aan God se bestaan, dan is Hy vir hulle slegs Iemand wat die lekker uit hulle lewe wil wegneem en hulle wil beroof van hulle aardse plesier. En om daardie rede wil hulle

hulle nie steur aan Hom nie, of wil hulle beslis nie in ‘n verbintenis met God gaan nie.

Die meeste ongelowiges ontken ook die werklikheid van die ewige verdoemenis. Ander verwys spottenderwys daarna as “ou Niek se plek”, asof dit ‘n groot grap is, en net so ‘n fabel soos Kersvader en die tandmuis. Ek het al dikwels gehoor dat iemand traak-my-nie-agtig sê: “Aag, ek gaan seker maar eendag warmplek toe!” Op hulle wag daar egter ‘n bitter onaangename verrassing! Die Hel is ‘n konkrete werklikheid!

Maar wat van die gelowiges? Die loon van die gelowiges, aan die ander kant, is wonderlik! Of jy nou ‘n doodgewone Christen is, en of jy ‘n Billy Graham of Andrew Murray is - elkeen kry sy loon. Hierdie loon is deur Jesus Christus verdien aan die kruis.

Na die trompetgeskal gebeur daar ‘n wonderlike ding: God se tempel wat in die Hemel is gaan oop sodat die verbondsark sigbaar word. Hierdie is ‘n selfbekendmaking

van God. Soos wat die verbondsark in die Ou Testament die simbool van God se teenwoordigheid was, so word hierdie nou ook die simbool van God se ewige teenwoordigheid. Dit is ‘n wonderlike bemoediging vir alle gelowiges, want dit verseker hulle dat die Verbondsgod getrou bly aan al Sy verbondsbeloftes. Inderdaad word die goddeloses wel vernietig, hulle word verteer in die ewige verdoemenis. Die gelowiges word verlos om vir ewig in heerlikheid saam met God te wees!

Sien jy ook so uit na daardie groot heerlikheid om vir ewig saam met Jesus te wees?

**Gebed:**

**Here, dankie vir die wonderlike versekering, die belofte wat U ook vanoggend aan ons as gelowiges gee, dat U getrou bly, en dat ons eendag aan U voete sal kan sit.**

# Die Vrou en die Draak

# Openbaring 12

## Luister

In die volgende gedeelte van Openbaring word die agtergrond geteken van die stryd tussen die bose en die kerk deur die geskiedenis. Die bose trio, dit is die draak, die dier uit die see en die dier uit die land, vervolg die kerk. Hierdie Sataniese drie-heid staan teenoor die Goddelike Drie-eenheid. In die visioene wat volg word die verlede, hede en toekoms onthul. Hier word beskryf hoe die bose veroordeel word en hoe die gelowiges die nuwe Hemel en aarde tegemoet gaan.

Openbaring 12 vertel van die vrou, die draak en die kind wat gebore word. Die vrou waarvan hier geskryf word is die Messiaanse moeder, oftewel die hemelse Israel. In verstaanbare taal beteken dit bloot dat dit die gelowiges is, oftewel die kerk. Die kerk se oorsprong is natuurlik by God in die Hemel.

Johannes beskryf die vrou as ‘n stralende persoon. Sy het die son as haar kleed, wat haar stralende, verhewe en onaantasbare posisie beklemtoon. Die maan onder haar voete sê dat sy heers. Sy dra ‘n kroon van twaalf sterre, wat haar mag beklemtoon. Dit is, met ander woorde haar oorwinnaarskroon. In Openbaring 17 lees ons óók van ‘n vrou, maar dán is dit die onsedelike vrou van Babilon. Die vrou waarvan ons lees in Openbaring 12 staan in skerp kontras met haar.

Johannes vertel dat die vrou egter swanger is, en op die punt om geboorte te skenk. Sy skree wanneer haar geboortepyne begin. Dit is tóg interessant dat Israel dikwels in die Ou Testament beskryf word as ‘n vrou met geboortepyne. Lees byvoorbeeld Jesaja 26:17 en Miga 4:10.

Wanneer die vrou se geboortepyne op hulle ergste is, verskyn ‘n ander figuur op die toneel. Uit die Hemel tree ‘n groot vuurrooi draak na vore. Hy het sewe koppe en tien

horings, en op elkeen van sy koppe pryk daar ‘n heerserskroon. Hierdie draak is niemand anders nie as die slang van ouds wat destyds vir Eva verlei het, die einste Satan. Hy is ‘n bose, moorddadige, oorlogsugtige heerser met groot krag.

Die Bose word dikwels in die Ou Testament beskryf as ‘n draak. In Psalm 74:14 is hy die Leviatan en in Psalm 89:11 die monster Rahab. Die Babiloniërs het die draak (die bose) geskilder met sewe koppe.

Wanneer Johannes hierdie draak beskryf, is daar ‘n groot klomp simboliek betrokke. Sy kleur is vuurrooi, en dit vertel van sy oorlogsugtige moorddadigheid. Die sewe koppe sê dat hy baie slim was, en goed om bose planne te beraam. Die tien horings vertel van sy mag en dat hy uiters sterk was. Die sewe heerserskrone beskryf sy groot gesag en heerskappy. Met sy stert sleep hy ‘n derde van die sterre saam met hom. Dit kan moontlik die beskrywing wees van hoe Satan ‘n klomp afvallige engele met hom

saamgesleep het in sy opstand teen God. Inderdaad is hy nie alleen nie, en het hy vir hom ‘n groot, bose mag opgebou.

Hierdie drama word tot ‘n hoogtepunt gevoer, wanneer die vrou geboorte skenk. Die draak gaan staan aggressief voor haar, gereed om die kind te verslind. Die Kind wat gebore word is Jesus Christus, die Messias. Die woedende aggressie van die duiwel teenoor Jesus is opgeteken in die Evangelies, waar Jesus telkemale deur hom aangeval is. Dit begin reeds tydens Jesus se geboorte, waar Herodus Hom wou uitroei. Hy word egter weggeruk deur Sy lyding en kruisdood, waar Hy sit aan die troon van God na Sy hemelvaart.

Dan vertel Johannes dat die vrou woestyn toe gevlug het. Dit beskryf die verdrukking wat die kerk moet deurgaan. Nogtans sien ons dat God daar vir haar sorg. Inderdaad sorg God vir Sy kerk ten spyte van die onsimpatieke onherbergsaamheid van die

bose, vyandige wêreld waarin die kerk staan, nét soos jy in die woestyn kry.

In die Hemel is daar egter oorlog, maar hierdie oorlog is reeds gewen. Gelowiges kan hieruit troos en moed kry. Ten spyte van die vervolging wat ons op aarde nou nog verduur, waar ons in ‘n hewige stryd met die bose gewikkel is, kan ons wéét dat die oorlog alreeds in die Hemel gewen is! Die draak is uit die Hemel uitgegooi, en dáár is nou nie meer ‘n spoor van hom nie. Nou probeer hy die kerk op aarde vernietig, maar hy het net ‘n beperkte mag. Die invloed van die duiwel ís ‘n aardse werklikheid! Sy grondpersoneel (by wyse van spreke) is stééds op en wakker, maar hulle kan slegs so ver gaan as wat God hulle toelaat.

Nadat Johannes hierdie stryd beskryf het, volg daar ‘n loflied ter ere van die Lam, maar daaroor sal ons DV môre gesels.

**Gebed:**

**Here, ons loof en prys U groot Naam, want U het die draak oorwin. Dankie dat ons die wete met ons kan saamdra, dat die vervolging wat die kinders van God vandag moet verduur, slegs tydelik is, en dat die duiwel se mag beperk is, sodat hy my nie kan verslind nie, solank ek aan U bly vashou. Gee my asseblief die krag om staande te bly, en om triomferend saam met U die oorwinning te behaal.**

# Die Draak uit die Hemel Geskop

# Openbaring 12

## Luister

Nadat Michael die draak verslaan het, het ‘n stem vanuit die Hemel uit volle bors ‘n loflied gesing tot eer van die Lam. Dit is ‘n lied van versoening. Dit sing van God wat redding bring, Sy mag en koningskap en oor die gesag van sy Gesalfde, Jesus Christus die Messias. Daar is ‘n groot oorwinning behaal deur die bloedoffer van die Lam. Daardeur het God en die Lam se koningskap sigbaar geword, en is die Satan oorwin. Die gelowiges juig, want Satan is uit die Hemel gegooi. In vers 7 lees ons hoedat die engel Michael en sy engel-soldate oorlog gevoer het teen die draak (Satan) en sy engele wat saam met hom teen God in opstand gekom het. Satan is verslaan en hy en sy gevolg is uit die Hemel gegooi.

Die stem uit die Hemel jubel in sy loflied dat almal in die Hemel oorstelp is van vreugde

omdat Satan nou nie meer daar is nie. Maar in dieselfde asem kry hy die bewoners van die aarde bitter jammer, want Satan het na die aarde gekom, en hy is woedend oor wat met hom gebeur het. Nou haal hy dit uit op die bewoners van die aarde.

Die oorwonne Satan wat in die Hemel die onderspit gedelf het, is steeds baie bedrywig hier op die aarde, en sy lis en venyn is hier baie duidelik sigbaar, want hy probeer sy bes om sy nederlaag in die Hemel te wreek deur gelowiges (dis nou die kerk) te teister. Dit is net natuurlik dat hy ál sy verlore aansien wil herwin. Ongelukkig vir hom, besef hy dat sy tydjie baie kort begin raak, en hoe nader dit aan die einde kom, hoe feller is sy aanslag op die kerk.

Inderdaad sê die stem uit die Hemel dan ook dat Satan deeglik besef dat sy tyd bitter min geword het, en juis dáárom probeer hy nou elke moontlike ding om die mensdom te verlei.

Ek dink nie dat ons werklik die implikasies hiervan besef nie. Aan die een kant is ons maar ál te bewus van die aanslae van die duiwel, en soms voel dit selfs vir ons asof God nie vir ons omgee nie, want ons sien net al hierdie geweld, misdaad, losbandigheid en bloedvergieting rondom ons, alles die werk van die duiwel. Die goeie nuus is egter dat dit alles net tydelik is, en dat daar alreeds 'n plek is wat skoongemaak is. Boonop is dáár nie eers meer 'n teken van die duiwel nie. Wat 'n wonderlike gedagte! Hoe wonderlik sou dit nie wees om te kan leef in 'n wêreld waar daar geen sonde, misdaad, oorlog, moord, haat, vyandskap ens. is nie.

Dit mag dalk klink na 'n onmoontlike versugting, maar daardie plek bestaan alreeds! Sien, God het reeds die duiwel en al sy aanhangers, waarvan daar 'n legioen is, uit die Hemel gesmyt, en daar is dit nou skoon. Dit is soos om 'n vuil huis in te stap, en van 'n kant af skoon te maak. 'n Mens maak nie al die vertrekke gelyk skoon nie, maar jy werk dit van een kant af, en agter jou

los jy ‘n sprankelende vertrek. Uiteindelik sal die hele huis silwerskoon wees. Hier op die aarde is dit nog vieslik vuil, maar uiteindelik gaan dit ook hier sprankelend skoon wees. Die groot skoonmaak is nou nie meer ver nie!

In vers 13 tot 17 lees ons dat die draak drie dinge doen om die kerk te probeer vernietig. Eerstens agtervolg hy die vrou. Dit herinner jou aan die uittog van Israel uit Egipte, toe die Farao die volk wou vernietig. Dit het met hulle swaar gegaan, maar God het hulle die woestyn ingelei en hulle gered. God gee aan die vrou, oftewel die kerk arendsvlerke om na die woestyn te vlug. Dit is simbolies van God se uitredding. Daar in die woestyn, waar hulp slegs van Bo kan kom, versorg God haar. Hierin sien ons God se versorging van die kerk in die tyd van verdrukking.

Die tweede ding wat die draak doen, is om ‘n stroom water agter die vrou aan te spoeg om haar mee te sleur. Maar die aarde sluk die rivier van verskrikking in. God kom sy kerk telkens tot hulp en red en verlos waar dit

nodig mag wees. Ons sien dit duidelik in lande waar die kerk wreed vervolg word. Talle verhale wat jou verstom laat staan, speel daar af. Telkens sien ons hoedat God die kerk bewaar, ten spyte van magte wat die kerk probeer uitwis. Inderdaad is die lis van die bose groot, maar God is soveel groter, en Hy gee die bose net beperkte beweegruimte.

Derdens maak die draak oorlog teen die vrou se nakomelinge. Dit verwys na Christene in die algemeen. Hy is woedend, want hy kan nie hond haaraf maak met die kerk nie. Hy kry op sy eie nie veel reg nie, en eintlik voer hy 'n verlore stryd! Daarom gaan soek hy hulp by die "dier uit die see en die dier uit die aarde". Hy gaan wag sy bose trawante in op die seestrand om hom te kom help met sy bose stryd teen die gelowiges.

Maar hier moet ons eers halt roep vir die dag. More sien ons DV wat verder gebeur in hierdie spannende drama!

**Gebed:**

**Genadige Vader, ons harte loop oor van dankbaarheid, want ons het vanoggend die versekering dat U steeds in beheer is, en dat U elke aanval van die duiwel teen ons afweer en ons, U kinders beskerm.**

## Die Dier uit die See

## Openbaring 13:1-10

## Luister

Satan se aanslag teen die kerk het misluk, en nou trek hy versterkings nader, die dier uit die see en die dier uit die aarde. Hulle kry die groot taak om die Satan se saak op aarde te kom propageer.

Die eerste dier kom uit die see uit op. Net soos die "onderaardse diepte" is die see ook simbolies die woonplek van die bose.

In Daniël 7 lees ons van 'n droom waarin Daniël vier diere, oftewel vier wêreldmagte sien wat teen God se volk opruk. Daar is nogal groot ooreenkomste tussen Daniël se diere en dié wat Johannes in Openbaring 13 beskryf.

Die dier in Openbaring 13 is 'n kombinasie van Daniël se diere, en die tien horings, wat simbolies is van die dier se mag, kom ooreen

met Daniël se vierde dier, ‘n vreesaanjaende en baie sterk dier.

Die dier wat Johannes hier beskryf lyk soos ‘n luiperd, wat sy geslepenheid beklemtoon. Dit het die pote van ‘n beer, wat vir ons sê dat die dier oorweldigend is. Verder het hy die bek van ‘n leeu, wat sy geweldige krag impliseer. Die sewe koppe stem ooreen met die draak, en die tien heerserskrone vertel van sy magtige heerskappy. Die godslasterlike name op sy koppe sinspeel op die Romeinse keisers wat vir hulleself goddelike titels toegeëien het, en dat hulle selfs daarop aangedring het om aanbid te word.

Wat beteken hierdie dier? Dit verpersoonlik die Romeinse owerheid wat in Johannes se tyd die kerk van Christus só wreed vervolg het. Hierdie ryk kan met reg aanspraak maak op die titel van Antichris. Sy opdragte ontvang hy van die draak (Satan).

God laat die gesag van die dier toe vir ‘n tydperk van twee en veertig maande, ‘n simboliese tyd van die vervolging van die kerk. Dit is opvallend dat God aan hom die gesag gee, en dat hy toegelaat word om dit uit te oefen, en selfs teen God te laster. Hy word selfs toegelaat om teen die gelowiges oorlog te maak en te oorwin. Ons moet egter onthou dat hierdie oorwinning slegs hulle liggame tref, maar dit maak nie die oorwinning wat die Lam reeds oor die gees behaal het ongedaan nie.

Dit is interessant dat die dier in sekere opsigte die Lam naboots. Ons sien dit in sy mag, heerskappy en groot gesag waarin hy dié van die Lam naboots. Net soos die Lam is hy ook dodelik gewond, maar hy oorleef wonderbaarlik. Eintlik hérleef hy en die wêreld staan in verwondering oor hom.

Daar is ‘n legende dat Keiser Nero selfmoord gepleeg het, maar dat hy weer herleef het (soos die dier?) om verder te kon regeer. Sy “wonde” het glo weer wonderbaarlik

“genees.” Die wêreld het die draak (die duiwel) aanbid, en nou aanbid hulle ook die dier, terwyl hulle die arrogante vraag vra: “Wie kan met die dier vergelyk word?” In alle opsigte lyk dit of daar ‘n parallel is met Christus, maar hierdie is slegs ‘n bose poging tot ‘n parallel. Alhoewel die wêreld die dier aanbid, is dit nie die geval met die gelowiges nie. Hulle word bewaar omdat hulle God se eiendom is wat teen ‘n duur prys gekoop is!

Aan die einde van hierdie perikoop is daar ‘n oproep aan die gelowiges om geestelik wakker te loop. Hulle moet verwag om gevangenskap en selfs die dood tegemoet te gaan, en hulle moet bereid wees daartoe. Dit moet hulle doen met geloof en volharding. Ja, swaarkry sal daar wees, tot die uiterste toe, maar hulle moet aanhou glo en volhard.

Grusame tonele het hulle afgespeel in die tyd van die Romeinse ryk, en veral tydens die regering van die wrede Nero. Talle Christene is vir die leeus gevoer om opgevreet te word

ten aanskoue van ‘n bloeddorstige skare jillende Romeine. Sommige Christene is selfs met teer besmeer en as fakkels aan die brand gesteek om saans die strate te verlig. Ander is wreedaardig gekruisig of summier deur soldate doodgemartel, en dit het gelyk asof dit die einde van die kerk was. Wonderlike dinge het egter plaasgevind, en daar is sielsverrykende verhale van talle gelowiges wat jubelende lofsange gesing het terwyl hulle wreed gesterf het. Hulle het geweet waarheen hulle op pad was, en ek is seker dat talle van hulle die Hemel geopen voor hulle gesien het, met Jesus wat met uitgestrekte arms vir hulle wag, terwyl hulle daar die wrede dood en die tirade van die duiwel in die oë gestaar het!

Vandag gebeur soortgelyke dinge nog steeds. Omdat ons veilig in beskaafde lande bly, hoor ons maar net so af en toe van die vervolging van gelowiges in die geslote lande. Die dier is egter nou desperaat, en hy gaan verwoed voort om gelowiges wreed te vervolg. Kom ons bid gedurig vir hulle.

**Gebed:**

**Here, ons dank en loof U dat U die weg vir ons berei het, en dat ons verseker kan wees van ‘n toekoms saam met U. Waar ons daagliks die dood in die oë staar in ‘n bitter onseker wêreld waar dit lyk of die bose oorheers, wil ons vandag vra dat U ons hande styf sal vashou en ons oë gerig sal hou op Jesus. Gee ons die krag en genade om die aanslae van die bose te kan verwerk sodat ons staande kan bly.**

# Die Dier uit die Aarde

# Openbaring 13:11-18

## Luister

Is ek baie slim om al hierdie ingewikkelde visioene van Openbaring so goed te kan verstaan? Nee, inderdaad nie! My kennis kry ek uit gesagvolle kommentare. Ek maak veral gebruik van die uitleg van die Bybellennium, aangesien dit nie die siening van 'n enkele persoon is nie, maar 'n hele aantal geleerdes wat saamgewerk het, elkeen 'n groot gesag op sy eie gebied. Hulle het baie navorsing oor die studieveld gedoen. Ek wil ook weereens beklemtoon dat hierdie 'n oordenking is, en nie 'n volledige Bybelstudie van die gedeelte nie. Daarvoor moet jy 'n studieboek gebruik wat spesifiek 'n Bybelstudie oor Openbaring doen.

Volgens die Joodse mitologie sou God twee seemonsters op die vyfde skeppingsdag gemaak het. Die Leviatan, die vroulike monster, het in die see gebly. Behemot was

die manlike monster, en hy het in die woestyn gaan woon. Die Jode het geglo dat hierdie twee monsters te voorskyn sou kom nadat die Messias bekend gemaak is. Is dit nie interessant hoe hierdie mitologie ooreenstem met die diere wat Johannes sien nie?

Ons het gister gesien dat die dier uit die see die Romeinse ryk versinnebeeld. Die dier uit die aarde is die vals profeet. Hy kan dus die kultus van keiserverering in die Romeinse tyd verteenwoordig. Hierdie kultus word deur die priesters van die keiserverering bedien.

Ons merk dat die dier uit die aarde die Lam probeer naboots, maar hy is tog onmiskenbaar verbind met die draak. Net soos wat die Heilige Gees die gelowiges besiel om in diens van Christus te staan, so oorreed hierdie dier die goddeloses om die dier uit die see, die Antichris oftewel die Romeinse Ryk te aanbid. Die dier uit die aarde het horings soos die Lam, maar hy praat soos ‘n draak. Hy wil dus maak asof hy

lieflik saggeaard en onskadelik is, maar hy gebruik intussen bose taal om mense te verlei.

Ons sou dus kon sê dat die vals profeet die godsdienstige arm is wat die staatkundige mag van die antichris propageer. Die dier uit die see gee aan die dier uit die aarde die mag om mense te verlei om die dier uit die see te aanbid. Daar word ‘n beeld opgerig van die dier uit die see, en hierdie beeld word lewendig. Dit beteken dat daar beelde opgerig is van die keisers, en dan word daar geoffer aan die gode ten gunste van die keiser. Dink maar byvoorbeeld hoe die gehate Nero by so ‘n prentjie inpas, en die verskriklike aanslag en vervolging wat hy gedoen het op alle gelowiges.

Elkeen wat die dier aanbid, kry ‘n merk op die regterhand of op die voorkop. Die merk op die regterhand simboliseer dat jou werkvermoë beïnvloed is, en dié aan jou voorkop, dat jou denkvermoë geaffekteer is.

Die getal 666 word genoem as die getal van die naam van die dier. In antieke tye is syferwaardes toegeken aan die letters van die alfabet, en jou naam kon dus as ‘n syferwaarde uitgedruk word. Die getal vir Jesus is byvoorbeeld 888. Dit is interessant dat die naam van keiser Nero in Aramese letters (Johannes se moedertaal) die getal 666 oplewer.

Daar is ‘n interessante siening oor die getal 666 - “die getal van ‘n mens” (Op. 13:18). Die getal 7 is die volmaakte getal, en die getal 666 streef daarna om hierdie volmaakte getal van God te bereik, maar vir hom is dit onmoontlik.

Wat sê al hierdie inligting vandag vir my en jou? Natúúrlik kan ons dit ook in ‘n toekomsperspektief sien. Satan is baie slinks, en hy maak gebruik van kamoefleringstaktieke om mense te verlei. Soos hierdie tweede dier, kry hy dikwels die voorkoms van die Lam, wat van die gelowige deurdagte wysheid vra om ‘n onderskeid te

maak. Dikwels hou hy selfs die motief van godsdiens voor om jou te verlei.

Daar is talle kultiese godsdiensgroepe wat selfs die Naam van Jesus opneem in hulle geloofsbelydenis, maar die wortel van hulle godsdiens lê diep gesetel in die duiwel. As jy eers in hulle web vasgevang is, is dit klaarpraat, en jy ontsnap nie maklik nie! Enkele voorbeelde hiervan is Christian Scientology, waar Jesus gesien word as slegs een van vele goeie “leermeesters”. New Age, waar alle gelowe omarm word, en deel uitmaak van die groter geheel, ook die Christelike Godsdiens. Die tradisionele Afrika Godsdienste staan dikwels onder die naam van ’n Christelike kerk, en erken selfs vir Jesus as Verlosser, maar saam daarmee aanbid hulle terselfdertyd ook die voorvadergeeste. Die nuutste is natuurlik die Nuwe Hervormers, wat baie van die basiese Skrifwaarhede betwyfel. Hulle is almal deel van die valse profeet, die Dier uit die Land. In hierdie laaste dae moet ons soveel te meer

die oog gevestig hou op Jesus, die ware Lam van God.

**Gebed:**

**Here Jesus, hou asseblief vandag my hand styf vas sodat ek nie afdwaal van U kudde nie. Hou my oog helder sodat ek die vals profeet sal herken. U alleen wil ek aanbid!**

# Die Waterval

## Openbaring 14:1-5

## [Luister]

‘n Tinteling van opgewondenheid tril deur my liggaam. Voor my, die bek van die treintonnel wat ou President Paul Kruger by Waterval Boven deur die granietrotse laat kap het vir die spoorlyn na Lourenço Marques. Ek is ‘n jong seuntjie, propvol energie, en altyd ‘n bok vir avontuur. Anderkant die tonnel druis die waterval. Ek was al menigmaal by hierdie aanskoulike waterval, maar hierdie keer is dit anders, want die Elandsrivier is in vol vloed.

Om deur hierdie spokerige tonnel te loop, is opwindend. Vir die eerste klompie treë hardloop ons kinders die misterieuse donker gat opgewonde binne, totdat jy naderhand nie meer jou hand voor jou oë kan sien nie. Waterval Boven se beroemde ou tonnel maak ‘n draai deur die berg, gevolglik is dit pikdonker binne. Boonop lê daar ook nog allerhande soorte rommel in die tonnel rond,

stukke treinspoor, klippe, dwarslêers, gemors, gate. ‘n Man moes maar katvoet loop, en as jy oor een van hierdie goed val, dan wil die stofdampe jou verstik. Boonop is daar allerhande stories van spoke en grillerige goeters, mense wat jare gelede in die tonnel deur ‘n trein papgery is!

‘n Yskoue rilling hol agter my ruggraat af, as ‘n vlermuis by my oor verby swiep. Na wat soos ‘n ewigheid voel, begin daar ‘n effense ligskynsel voor in die tonnel kom. Dit word helderder en helderder, totdat ek daar voor die skitterende lig van die tonnelopening sien deurbreek. Die laaste entjie hardloop ons uitbundig uit pure rammetjie-uitnekgeit, totdat ek in die helder sonskyn staan, met die gedonder van die waterval nou sommer baie groot.

Ons klouter oor reuse rotse teen die steil berghang af. Dan is die waterval skielik voor ons in al sy glorie, ‘n skouspel van mag en majesteit. Die voetpaadjie af na die Elandsrivier toe is nou en besaai met reuse

rotse en brandnetels wat jy soos die pes moet vermy, anders sê jy sommer lelik les op. Die dreuning van die waterval word al harder en harder, totdat dit uiteindelik, wanneer ons aan die voet van die waterval staan, ‘n oorweldigende, dreunende gedonder is wat deur jou hele liggaam ruk. “Awesome!” sou vandag se jongmense sê. Maar ten spyte van die geweld, speel ‘n sagte mis met my gesig. God se nabyheid is so geweldig sigbaar, tasbaar.

Ek weet presies hoe Johannes gevoel het in hierdie visioen, waar hy die 144’000 uitverkorenes op die Sionsberg gesien het. Teenoor die gesig van die draak en sy trawante, wat dood en verwoesting saai, word hierdie toneel nou van die Lam geskets. Sommer dadelik kry jy weer nuwe moed vir die lewe. Die Sionsberg is natuurlik die plek waar die tempel gestaan het. Daar het God gewoon, só het die Jode geglo, en dáár, sou die Messias eendag, aan die einde, verskyn.

Die geluid wat Johannes beskryf is intensief-dramaties, soos ‘n waterval in vloed. Of donderweer, gekombineer met die sagte, rustige klanke van siterspelers. En dan, die grootse oomblik wanneer ‘n magtige koor met sy 144’000 koorlede ‘n splinternuwe lied sing. Ek het al ‘n koor met 1’200 stemme beleef, en dit was aangrypend. Kan jy jou so ‘n reuse koor voorstel? Hemelse klanke het die hele lugruim gevul!

Daar is ‘n paar vrae oor hierdie skaar van mense: Is dit net mans? Is dit slegs mense wat nooit getrou het nie? Sommige wil wel so dink. Dit moet egter teen die agtergrond van ‘n manlike leër gesien word. Terwyl daar oorlog gemaak is, was die manne verbied om selfs by hulle eie vrouens te slaap. Dit sou dui op onverdeelde trou aan die land. Op dieselfde wyse sien ons die trou van hierdie 144’000 mense aan Christus, wat hulle nie met goddelose afgodery besoedel nie. Hulle kuisheid lê juis in hulle onverdeelde trou aan die Lam, en hulle volg die Lam. Hulle

gehoorsaamheid aan die Lam word sigbaar in hulle navolging deur woord en daad.

Hierdie mense is losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam (vers 4). Eerstelinge in hierdie sin dui op die eerste vrugte van die oes wat aan God geoffer is, om hierdeur te sê dat die hele oes eintlik aan God behoort. Uit hulle monde het daar nooit ‘n leuen gekom nie. Dit beteken dat hulle God nooit verloën het nie. Hulle het aan die Waarheid vasgehou en in die Waarheid geleef. Terselfdertyd was hulle onberispelik (vers 5). Net soos ‘n offerlam onberispelik moes wees, sonder enige gebrek en geskik vir God se offer, so was hierdie 144’000 in alle opsigte geskik en bruikbaar vir God.

Die vraag is vanoggend, of ek en jy kan aanspraak maak op ‘n plek in daardie koor. Hoe leef ons die Waarheid uit? Hoe onberispelik is ons lewens? Is ons werklik geskik en bruikbaar vir God?

**Gebed:**

**Here, ek moet bely dat daar nog talle tekortkominge in my lewe is. Dikwels kyk ek anderpad wanneer u Naam beswadder word, en soms tree ek liefdeloos op teenoor u kinders. Vergewe my daarvoor, Here, en maak my asseblief bruikbaar vir U Koninkryk.**

# Hemel en Hel

## Openbaring 14:6-13

## Luister

Is die Hemel ooit ‘n werklikheid? Maar natúúrlik! Watter soort vraag is dit? Elke gelowige glo dit met volle oorgawe. Die meeste gelowiges is ook doodseker van die feit dat hulle daarheen sal gaan wanneer hulle die dag te sterwe kom. O ja, daar is wél sommige gelowiges wat twyfel oor hierdie feit, en nie seker is of hulle wél in die Hemel toegelaat sal word nie, maar die Woord is baie duidelik hieroor.

Wanneer daar egter oor die Hel gepraat word, dan is daar nie soveel eenstemmigheid nie. Daar is selfs baie gelowiges (en beslis nog báie meer ongelowiges!) wat die feit betwyfel of daar so ‘n plek soos die Hel is. Sommige gelowiges voer aan dat God tog liefde is, en dat Hy nóóit so ‘n wrede ding sou doen om mense in die Hel te smyt nie.

Ongelowiges sal maar net ‘n tweede dood sterf - so sê hulle.

O ek kan baie goed verstaan waarom baie mense so wil glo: wanneer ‘n geliefde van jou ‘n onverskillige lewe gelei het, en ongelowig dood is, dan wil jy baie graag glo dat hy die ewige straf gespaar sal word. Wat ‘n pynlike gedagte om mee saam te leef, as jou geliefde ongelowig sterf!

Die afgelope paar jaar het ek verskeie begrafnisse bygewoon van gelowiges, en keer-op-keer was dit eintlik ‘n baie mooi en heilsame geleentheid. ‘n Skare van vriende en familie wat hulle geliefde kom vaarwel sê op sy laaste reis. Dikwels was dit op ’n manier eerder ‘n heugelike as ‘n droewige geleentheid. O ja, daar word trane gestort, maar nie van hooploosheid nie, want almal weet presies waarheen hulle geliefde is. Die trane was daar omdat hulle die geliefde sou mis tot eendag se weersiens, amper soos om iemand te groet wat oorsee vertrek vir ‘n onbepaalde tyd.

Johannes vertel van drie engele wat dringende boodskappe van oordeel kom aankondig. Die eerste engel bring ‘n goeie boodskap, dat die Skepper gedien en aanbid moet word, want sy oordeelsvoltrekking het aangebreek. Inderdaad is daar nog steeds genadetyd, en die goddelose kry steeds ‘n geleentheid om tot bekering te kom. God straf nie om te vernietig nie, maar om mense te oorreed om te glo.

Die tweede engel vertel van die val van Babilon, wat bekend gestaan het as die goddelose hoofstad van Mesopotamië. Hier word egter verwys na Rome, waar Christene wreed vervolg is, en waar die bose, afgodiese keiserkultus hoogty gevier het.

Die derde engel beskryf die pyniging wat die aanbidders van die dier sal verduur. God se oordeel sal nie meer verdun word met genade nie. Dit sal onverdun uitgegiet word oor almal wat die offer van Jesus geminag het. Die helse straf sal wees soos wat met Sodom en Gomorra gebeur het, toe hulle met

swael en vuur vergaan het. Dit sal egter nie maar net ‘n eenmalige doodbrand wees nie, hierdie straf sal aanhou en aanhou en aanhou!

Ek onthou, toe ek ‘n jong seuntjie was, toe ons eenmaal ‘n weghol veldbrand moes keer. Dit was al laatnag, toe spook en spartel ons steeds om die vlamme onder beheer te kry. Daardie versengende hitte, die verstikkende rook, die verskriklike dors! Jou armpies is lam geslaan, maar jy durf nie vir een oomblik ophou om die vlamme dood te slaan nie, anders verswelg dit absoluut alles. Jy voel moedeloos en broos wanneer die helse vuur skielik net weer van nêrens af opvlam, en dan begin jy weer van vooraf! Ek stel my die Hel so voor, net nog baie erger as enige aardse wegholbrand. En daar is geen einde daaraan nie!

Daarteenoor skryf Johannes die wonderlike, bemoedigende woorde in vers 13, wat die gelowige soos ‘n koel, helder waterstroompie verkwik. “Geseënd is dié wat in die Here

sterwe …… hulle sal rus vind." Al die vervolging, verdrukking en swaarkry is dan verby, en die wonderlike rus saam met Jesus wag daar."

Jare gelede klim ek en 'n klompie ander jongmense die Drakensberge uit. Vir vier dae lank beleef ons onbeskryflike mooi tonele met asemrowende hoogtepunte. Maar die swaarkry en pyn van daardie ondervinding sal my ook vir altyd bybly. Die blase op ons voete, pynlike spiere, deurgeskaafte skouers, bitter ondraaglike koue en die son wat ons blase gebrand het, sal ek nie vergeet nie. Die laaste dag was die ergste, want die aftog teen die steil hellings was 'n pyniging op my kuitspiere, totdat hulle naderhand gevoel het asof hulle uit my bene geskeur is. Maar ek moes aanhou, vorentoe. En toe, op die einde, toe ek neerval op die heerlike, sagte grasperk, en my seer voete en bene en skouers ontspan en rus - o hoe salig! Elke pynlike tree wat ek gegee het was die moeite werd!

Net so is die lewe ook ‘n pynlike ervaring. Maar as jy, aan die einde van die dag daardie wonderlike ewige rus ingaan, en jy kan terugkyk op jou lewenspad, dan sal jy ook kan sê dat elke pynlike tree die moeite werd was.

**Gebed:**

**Dankie vir daardie wonderlike vooruitsig van die ewige rus, Here. Help my asseblief oor hierdie laaste pynlike bergpas.**

# Oesdag

## Openbaring 14:14-20

## Luister

Soos ‘n ligte deining oor ‘n see van goud, lewe die ryp koringland, swaar gelaai met spekvet koringare, golf-op-golf as die briesie daaroor waai in die laatmiddagsonnetjie op die Vrystaatse vlaktes.

Ek het ‘n boekwinkel in Welkom bestuur, en ons het op ‘n plaas in ‘n grasdak rondawelhuis gebly, ‘n entjie buite die stad. Daardie Vrystaatse vlaktes is genadeloos. Stofstorms was ‘n algemene verskynsel. As so ‘n stofbank oor die vlakte aangerol kom en die lug oor jou toemaak, dan raak dit donker en die verstikkende stof beroof jou van jou asem. In ons grasdakhuisie voel dit amper asof dit reën, soos die korreltjies mynsand en rooi stof stadig deur die dekgras sif en alles in ‘n lagie rooi bedek! Genadiglik gaan so ‘n stofstorm ook verby.

Hierdie is ‘n plek van alle uiterstes. In die somer is die versengende hitte van die Vrystaat byna ondraaglik. Die kurkdroë lug brand jou longe, en die reën bly weg. In die winter is dit weer die snerpende koue wat alles laat vries. Dit is dán wanneer die grond begin kraak, en die huis se mure bars daarmee saam, sodat krake in die mure, so groot dat jy jou hand daardeur kan druk, gevorm word. En die ysige wind loei daardeur!

Maar die grond is vrugbaar, en as die reën net genoegsaam en betyds kom, dan lewer die lande ‘n ryk oes op. Dáárdie jaar was die reën betyds en genoeg, en die lande het hoogswanger gestaan met koringare wat uit hulle nate wou bars. Die verhoog was gereed, en die afwagting en spanning kon jy aanvoel in die lug.

Een mooi oggend, kort voor dagbreek, word ek wakker van ‘n onaardse dreuning wat al harder en harder deur my binneste vibreer. Half deur die slaap spring ek op om te kyk

wat aangaan. ‘n Lang streep stof kom in die plaaspad opgewarrel. Voor die stofbank beur ‘n reuse groen monster uit. Hy het ‘n stel tande wyer as die plaaspad, en in sy stofstreep volg nog ‘n vyftal stropers en vragmotors al stikkende in die rooi stof.

Dadelik is ek opgewonde. Dis oestyd! Vir die volgende paar dae dreun die stropers op en af deur die landerye en spuit hulle ’n goue stroom koringkorrels in die vragmotors se wagtende bakke in, totdat daar uiteindelik net die stoppels oorbly op die kaalgestroopte lande. ‘n Doodse stilte sak oor die plaas toe, en die windjie suis weemoedig oor die geraamtes in die koringland.

In Johannes se visioen sien hy hoedat die tyd vir die groot oes aanbreek, die groot oes van Jesus se oordeel. Hierdie is ‘n wonderlike beeld, tot oorlopens toe volgelaai met simboliek. Dink maar net hoedat ‘n koringkorreltjie in die grond begrawe word, letterlik doodgaan voordat dit begin groei as ‘n tenger koringplantjie. Nét so moes jy as

ongelowige eers doodgaan. Maar dan gebeur die wonder, want God gee jou nuwe lewe as wedergebore gelowige, nog broos in jou babageloof, nés daardie klein koringplantjie. Nét soos wat die koringplant groei, groei die nuwe gelowige ook in sy geloof totdat die are uiteindelik begin vorm en hy vrug dra. Net soos wat die koringplant talle terugslae moet beleef, droogtes, wurms, luise - so moet elke gelowige ook baie storms en terugslae in sy geestelike lewe deurstaan. Wéét egter dat hierdie kastydings jou geestelik sterk maak.

En dan breek die groot oesdag aan! Dis nie ‘n dag om te vrees nie, maar ‘n heugelike dag om na uit te sien vir elke gelowige. Ook in die oes is daar soveel simboliek opgesluit. Dink maar hoedat daardie koringkorrels van die moederplant gestroop word, in reuse silo’s saamgegooi word en dan gemaal word tot ‘n ragfyn meel. Hierdie meel is die grondstof om heerlike, spierwit, stomende brode te bak wat hulle aangename geur versprei. Net so word die gelowige ná die

groot oes omvorm van ‘n “droë koringkorrel” om ‘n splinternuwe verheerlikte liggaam te kry.

Oestyd het egter ook sy droewige kant, want almal word nie soos koring ge-oes nie. Ja, ook die ongelowiges word ge-oes, maar soos druiwe in ‘n parskuip vertrap word, en die rooi druiwesap daaruit vloei, so sal die ongelowige vertrap en vermorsel word en van hulle lewensbloed ontneem word. ’n Dik stroom bloed wat die aarde bedek, borshoogte diep en vir ’n afstand van 1600 kilometer, dui aan dat God se oordeel die ganse skepping sal raak. Dit is vreesaanjaend en wêreldomvattend. Dit gebeur buitekant die stad, weg van die gelowiges af (vers 20). Ja, Jesus moes ook buitekant die stad betaal vir die sondes van almal wat in Hom glo, ook vir jou en my. Daar het Sy bloed gevloei aan die vloekhout. Daarom staan ons vandag op God se koringland, opgewonde-wagtend op die dag van die groot oes!

**Gebed:**

**Here, ek dank U vanoggend dat ek met sekerheid kan weet dat ek nie bestem is vir die parskuip van U toorn nie, maar dat ek, saam met ‘n reuse skare gelowiges, opgewonde kan wag vir die dag van U groot oes. Dankie dat U ook vir my kom red het uit die ewige verderf.**

# Die Baai

## Openbaring 15:1-4

## Luister

Waar presies daardie baaitjie was, kan ek nie onthou nie, want dit was baie jare gelede toe ek nog maar ‘n jong seun was. Maar dit was iewers in die Kaap tydens ‘n vakansie. Die manne wou gaan visvang, en daarvoor het ek nou nie juis lus gehad nie, maar vir die avontuur wou ek opsluit saampiekel.

Een van die plaaslike manne het saamgegaan om ons hierdie eksklusiewe visvangplek te gaan wys. Pa parkeer sy Landrover op ‘n hoogte waar die nou grondpaadjie ophou. Ver onder ons lê die pragtigste baaitjie, halfpad omring deur rotse en hoë kranse, met ‘n klein strokie spierwit sandstrand, en ‘n steil voetpaadjie wat aflei na onder.

My hart klop woes van opgewondenheid, en ek skarrel die paadjie af see toe soos ‘n

wafferse ribbok, terwyl die manne nog spook met al hulle visgerei. Ek verwonder my aan die seelewe in die rotspoeletjies, meeste waarvan ek nog nooit in my lewe gesien het nie. In ‘n groterige poeletjie sien ek ‘n beweging. Dan loer ‘n kat-agtige oog vir my. Ek wink ons gids nader. Dis ‘n verkleurmannetjie-seekat! Hy vertel my in kleurryke taal dat hy met sy eie twee oë gesien het hoedat so ‘n seekat se kind oor die droë rotse hardloop. Ek kyk hom ongelowig aan, ‘n seekat kan mos nie hardloop nie?

“Nei, dis troe sê ek djou! Dit was nét toe die sonnetjie so oenner‘ie sie insak, toe spring daai siekat op en hy hol op die puntjies van sy armpies, soe op sy toontjies, ál oor‘ie klipperse!”

Ek was in ekstase, en ek kon nie wag vir sononder sodat ek ook ‘n seekat só kon sien hardloop nie!

Die manne het ‘n paar blinklywe gevang, en sononder het óók gekom. Maar wat ek daardie dag met sononder beleef het, was selfs baie meer werd as ‘n seekat wat op sy “toontjies” hardloop.

Die son het so skuins na regs oor die baai in die see afgesak. Die fyn detail is diep in my geheue ingebrand, en ek sien dit vandag nog, na al die jare helder en duidelik voor my. Die lug getooi in fyn skakerings van geel en oranje, en soos die son laer sak raak dit al rooier en rooier. Die baaitjie lê daar so glad soos ‘n spieël, met slegs enkele klein golfies wat bloedrooi dartelend glinster in die sakkende son.

Twee dolfyne kom speel in die baai. Die oranje-rooi weerkaatsing van die son op die water omskep die baai in ‘n poel van vuur wanneer die dolfyne uitbundig uit die water spring en speel in die laatmiddag son. Alles lewe in ‘n kaleidoskoop van kleure wat vir géén oomblik dieselfde is nie. Die manne het al lankal opgehou om te hengel, en almal

staan in verwondering oor die Goddelike vertoning, want dit is die enigste beskrywing wat jy daarvoor kon gee.

Dan moet ons baie haastig die steil bult opsukkel voordat die donker ons vang. Die seekat het toe nooit op sy toontjies oor die klipperse gehol nie!

Openbaring 6 het vertel van die sewe seëls wat oopgemaak is, waarin God se oordeelsvoltrekking openbaar gemaak is. Dit was as’t ware die inleiding om te vertel dat dit op pad is. Hoofstuk 8 vertel van die sewe trompette wat die dringendheid van hierdie oordeelsvoltrekking beklemtoon. Nou breek die finale voltrekking van God se oordeel aan oor die goddeloses. Die sewe bakke word uitgegiet. Die spanning bou op!

Hierdie laaste oordeel begin met ‘n groot en wonderbaarlike teken uit die Hemel, ‘n tipiese inleiding tot ‘n nuwe visioen vir Johannes, en dit beklemtoon dat dit van God af kom. Nie alleen sien Johannes die sewe engele wat

die finale plae bring nie, maar hy sien ook ‘n asemrowende mooi toneel van ‘n spieëlgladde see met vuurvlamme wat daarin dans. En by die see staan die mense wat die oorwinning behaal het oor die dier en sy beeld. Hulle speel op siters wat hulle by God gekry het, en hulle sing ‘n lied, die lied van Moses. Dit is ook die lied van die Lam.

Dit herinner my aan wat ek daardie dag by die baai beleef het. Johannes se visioen het dalk ook so gelyk. Die see simboliseer die Rietsee waardeur Israel getrek het om die wraak van die Farao te ontkom, en die vuur daarin, God se oordeel wat voltrek moet word. Net soos Moses en die volk ná hulle verlossing gesing het, sing die oorwinnaars ook nou ‘n lied, die lied van die Lam. Hulle sing hierdie oorwinningslied jubelend en borrelend, terwyl hulle God loof en prys vir sy groot en regverdige verlossingswerk en al Sy dade en optrede. Hulle eer God se heiligheid.

“**Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u**

**optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is.**” Só weerklink die lied.

Gebed:

Here, saam met die oorwinnaars by die see wil ek U loof en prys, want U is inderdaad groot en wonderbaarlik! U is heilig en regverdig en genadig, en daarom val ek voor U voete neer in aanbidding.

# Die Tempel Swaai Oop

## Openbaring 15:5-16:7

## Luister

Na die wonderlike gesig van die spieëlgladde rooi see, verskuif die toneel na die tempel in die Hemel, God se woonplek. Van hier af sal die finale oordeel ge-orkestreer word. Johannes sien hoedat die tempel oopgemaak word. Nou gaan daar gróót dinge gebeur!

Die oomblik wanneer die tempelpoorte oopswaai, kom sewe engele statig uitgestap. Hulle voorkoms is asemrowend, geklee in helder blink klere wat jou opvallend baie aan die klere van priesters laat dink. Hulle taak is om die bediening waar te neem. Die engele het elkeen ‘n goue band om die bors, nét soos die band wat die hoëpriester gedra het. Dit beteken dat hulle ‘n hoëpriesterlike taak het om uit te voer.

Dan tree een van die vier lewende wesens na vore en hy gee aan elkeen van die engele ‘n goue bak. Jy sal seker nog onthou uit hoofstuk 4 dat die vier lewende wesens God se skepping simboliseer.

Die sewe goue bakke waarna hier verwys word, is die skottels waarin die brandende kole vir die wierookoffer gehou is. Hierdie bakke is egter nou gevul met die vuur van God se toorn. Ons moet onthou dat dit nie hier gaan oor ‘n bevrediging van God se woede nie, maar dit gaan oor God se heiligheid wat sonde nie kan verdra nie.

Die hele tempel word gevul met rook. Dit is egter nie die rook wat uit die bakke opstyg wat die vertrek vul nie, maar die heerlike rookgeur van God se heerlikheid en mag. Dink maar net vir ‘n oomblik aan daardie heerlike geur van die rook van Sekelbos of Mopanie wat die atmosfeer rondom jou vul wanneer jy langs ‘n vuurtjie in die bos sit. Dit vervoer jou in ‘n geestelike euforie. Dit vertel jou ook van die wonder van God se

onbeskryflike skepping, en jy ruik daarin die fyn detail waarmee elke insek en grassie en ragfyn veldblommetjie haarfyn beplan is tot in die kleinste besonderheid. Dit is asemrowend salig! Nét so vul die Goddelike rook die tempel en versprei die geur van God in al Sy heerlikheid en mag en majesteit.

Maar eers moet almal geduldig wag, want al het die poorte van die tempel oopgeswaai, kan niemand daar ingaan nie. Die sewe engele moet eers hulle taak voltooi. Die sewe bakke van God se toorn moet eers volledig uitgegiet word.

Skielik roep ‘n harde stem uit die tempel: “Gaan gooi die sewe bakke, gevul met die toorn van God, op die aarde uit!” Dit is die bevel waarop die engele gewag het, en dan tree die eerste engel na vore om sy taak te gaan uitvoer.

Waar die basuin van die trompette die aankondiging was dat slegs ‘n deel van die aarde getref sou word, en dat daar nog

genadetyd oor was, is daar nou ‘n finaliteit in God se oordeel. Die proses kan nie meer omgekeer word nie, en dit loop uit op die finale bloedige oorlog by Armageddon.

Wanneer die eerste bak uitgegiet word, word die navolgers van die dier getref met kwaadaardige en pynlike sere, en hulle verduur baie lyding. Kort daarna volg nog ’n engel met die tweede bak wat die see tref, en dit bloed laat word sodat alle seelewe doodgaan. Die derde beker tref die varswaterbronne en riviere, en maak dit totaal onbruikbaar. Hierdie twee bakke tref die aanbidders van die dier op ‘n baie teer plek: die basiese funksie van alle waterbronne.

Dit is opvallend dat ons op die oomblik besig is om die see en varswaterbronne stadigaan te vergiftig en onbruikbaar te maak op alle moontlike maniere - storting van vullis, riool, nywerheidsafval, en die nuutste natuurlik suur mynwater!

Terwyl hierdie dinge gebeur sing die engel wat oor die water waghou ‘n loflied oor God se oordeel: “U is regverdig, U wat is en was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel voltrek het; want hulle het die bloed van die gelowiges en van die profete vergiet, en U het hulle self bloed laat drink. Dit het hulle verdien.”

Dan “Amen!” die engel wat oor die altaar waghou: “Ja, Here God, Almagtige, betroubaar en reg is U oordele.” Aangrypend!

Die vraag is: is God se oordeel dan onregverdig? Hy is dan ’n God van liefde, hoe kan Hy dan nou sulke verskriklike dinge doen aan die ongelowiges? Ek het al so dikwels die opmerking gehoor dat God nie so “onregverdig” sou wees om ‘n oordeel oor iemand uit te spreek nie. Met die engel se loflied wil hy sê dat die oordele en plae wat God oor die aarde stuur beslis nie onregverdig is nie.

Ons moet onthou dat die mense wat hier getref word deur God se oordeel, almal verkies het om vyande van God te wees. Hulle het die boodskap van God se genade en verlossing gehoor, maar dit afgelag en in die modder vertrap. Boonop het hulle diegene wat God se verlossing aanvaar het gemartel en doodgemaak. Is dit onregverdig dat God hulle veroordeel? Ek glo beslis nie so nie!

Gebed:

Here, saam met die engel wil ek U lof besing, want U is heilig en regverdig en genadig.

## Sewe Bakke

## Openbaring 16:8-21

## Luister

Ek wonder soms of die bestraling van die son oor die afgelope klompie jare nie dalk verander het nie? Het dit dalk feller geraak? Dit wil vir my voorkom of dit beslis die geval is. Toe ek kind was, het ek heeldag lank in die veld geboer, en die son het my nooit skade aangedoen nie. En met vakansies by die strand het die sand soms my voete blase gebrand, maar die son het selde my kaal rug en skouers opgevreet. Ek kon vir ure aanmekaar in die son baljaar sonder enige nagevolge.

As ek egter vandag vir ‘n halfuur in die son kom, het ek probleme! Het ultravioletbestraling dalk drasties toegeneem? As ons dink aan die gevolge van aardverwarming, dan wil dit wél vir my so lyk. Daar is egter ook gedurig berigte van buitengewone aktiwiteite op die son, waar

reuse ontploffings die son ruk en vlamme van baie duisende kilometer hoog op die oppervlak van ons ster gesien word. Die effek hiervan kan chaos op ons aardbol veroorsaak. Sulke sonkolle kan ons kommunikasiestelsels en selfs kragnetwerke onmeetbaar beskadig.

In die gesig wat Johannes sien, staan sewe engele elkeen met ‘n bak vol van God se toorn. Gister het ons gesien hoedat die eerste drie bakke uitgegooi word. Die aarde en water word swaar getref. Vandag sien ons hoe die ander vier bakke uitgegooi word.

Die engel gooi die vierde bak in die lug sodat dit die son tref. Dan raak die vurige hemelliggaam al warmer en warmer totdat dit sy dodelike strale so fel uitstraal dat mense verskroei en verbrand. Vuur simboliseer natuurlik God se oordeel. Die mense kom egter nie tot besinning nie, maar hulle laster God net meer. Dit is nie dat hulle nie weet nie - hulle is baie bewus van presies Wie dit is

wat hulle getref het, en waar die plae vandaan kom.

In die agtergrond van die visioen sien ons weereens baie duidelik die Eksodus motief, waar God die Egiptenare met plae getref het. Kort hierna volg God se wonderlike verlossing wanneer Hy die volk uit Egipte bevry. Op dieselfde wyse wil hierdie beeld ook vir die eerste lesers van Openbaring verseker dat hulle verlossing van die juk van die Romeinse Ryk ‘n blye vooruitsig is sodra die bakke van God se toorn oor Rome uitgegiet is.

Die vyfde bak word op die troon van die dier uitgegiet. Ons het reeds gesien dat die dier die Antichris is. Wanneer die vyfde engel sy bak uitgiet, sak ’n volslae duisternis oor die wêreld. Nou kom die heerskappy wat God die dier toegelaat het tot ‘n einde. Dit is vir die Antichris ‘n pynlike ondervinding, en die mense byt letterlik hulle tonge stukkend soos hulle kreun van die pyn.

Maar steeds sien ons, dat ten spyte van die ondraaglike foltering wat hulle moet verduur, hulle steeds hardkoppig volstrek weier om hulle na God te draai. Dit het 'n refrein geword, dat die navolgers van die dier aanhou om God te laster en dat hulle Hóm kwalik neem vir hulle foltering. As hulle maar net daardie eenvoudige treetjie wou gee na God toe! Hy wag daar vir hulle in Genade!

Die sesde bak word op die groot Eufraatrivier uitgegooi. Hierdie bekende rivier het die oostelike grens van die Romeinse Ryk gevorm. Oorkant hierdie grens het daar regdeur die geskiedenis groot onheil uitgebroei. Daar het onder andere die wrede, woeste Partiërs hulle tande gesit en slyp vir Rome. Wanneer die engel die bak uitgooi, droog die Eufraat op en Rome se vyande kan letterlik droogvoets deurstap om hulle aanslag uit te voer.

Uit die monde van Satan, die Antichris en die vals profeet kom daar bose geeste wat soos paddas lyk. Paddas is natuurlik onrein diere,

en dit herinner ons aan nóg een van die plae van Egipte. Hierdie paddas is duiwelse propaganda wat die konings van die wêreld opsweep met wondertekens om op te trek vir oorlog teen God by Armageddon. Hier sal die finale slag plaasvind.

Uiteindelik word die sewende bak in die lug uitgegooi. Dit vul die atmosfeer, en die engel roep uit: “Dis verby!” Natuurrampe tref die aarde: weerligstrale, dreunings, donderslae, ‘n verwoestende aardbewing soos wat die wêreld nog nooit voorheen beleef het nie en reuse haelstene. Die haelstene word beskryf as 50kg groot, wat beteken dat niemand wat deur hulle getref word kan oorleef nie. Eilande verdwyn onder die see en stede en berge word platgevee deur die geweld van die rampe. Niemand kan vlug of wegkruip vir God nie.

Maar steeds bly die ongelowiges volhard, en in plaas daarvan dat hulle tot bekering kom, laster hulle God. Absoluut niks sou hulle tot

inkeer bring nie! Hulle bly hardnekkig lojaal aan die dier!

**Gebed:**

**Here, hoe verskriklik is U oordeel oor diegene wat weier om U geskenk van die ewige lewe te aanvaar. Dankie dat U ons as gelowiges bewaar van daardie oordeel. Hou asseblief ons oog gevestig op Jesus, waar al ons hulp vandaan kom, en hou ons geborge in U, ons Vader.**

# Die Vrou op die Dier

## Openbaring 17:1-6

## Luister

In die laaste twee dagstukkies het ons gesien hoedat die sewe bakke van God se oordeel oor die aarde uitgegiet word. In die volgende twee hoofstukke gaan ons meer volledig kyk na die uitgiet van die sewende bak. Dis ‘n riller! Die doel hiervan is egter nie om ons as gelowiges bang te maak nie, maar eerder om God se regverdigheid te illustreer, asook die feit dat Hy nie sonde ongestraf kan laat bly nie. Johannes begin deur die val van Babilon eers in besonderhede te beskryf, en daarna die gevolge daarvan, as die sakemanne, konings en seelui in sak en as sit oor haar val.

‘n Engel nooi vir Johannes om te kom kyk hoe die sedelose vrou tot ‘n val kom. Babilon word met ‘n berugte sedelose vrou vergelyk. Dit was algemene praktyk om afgodery met ‘n sedelose vrou te vergelyk, moontlik omdat

afgodery dikwels gepaard gaan met sedeloosheid. Dikwels was prostitute ’n integrale deel van ’n tempel en veral tydens groot feeste. So is stede ook dikwels as vroue beskryf. Jerusalem is per geleentheid ‘n prostituut genoem. In hierdie geval is Babilon simbolies van die stad Rome en al haar goddelose praktyke.

Vandag besef ons nie werklik hoe korrup die stad waarlik was nie. Om maar ‘n paar te noem: die godin Roma, die goddelike aansprake van die Romeine om wêreldheersers te wees, finansiële uitbuiting van almal in haar mag, die keiserkultus, die genadelose vervolging, marteling en uitroei van Christene en nog baie meer. Die stad was totaal sedeloos en korrup, en rugstekery en verraad was deel van die daaglikse lewe. Kortliks kom dit daarop neer dat Rome die hoofsetel was van afgodery en goddeloosheid, en dat sy almal rondom haar óók verlei het.

Johannes word saamgeneem na die woestyn om na die vrou te gaan kyk. Hier is die woestyn die plek van die bose, asook die plek waar die oordeel voltrek gaan word. Die vrou sit op die rug van die helderrooi dier, die Antichris. Ons sien dat die dier oortrek is met godslasterlike name. Dit verwys waarskynlik na die lasterlike aansprake van die keisers, dat hulle goddelik is en redders. Die dier se tien horings en sewe koppe simboliseer sy mag en gesag.

Die vrou se kleredrag laat jou dink aan ‘n Hollywood glansgeleentheid. Die pers en rooi klere getuig van uiterste weelde, want slegs konings kon sulke duur klere bekostig. Ook die goud, edelstene en pêrels praat van rykdom. Die goue beker van losbandigheid wat sy in haar hand hou vertel hoedat sy die nasies verlei. Haar naam, “Groot Babilon” pryk op haar voorkop. Dit was praktyk dat ‘n prostituut haar naam op haar voorkop gedra het. Inderdaad was hierdie vrou die moeder van sedeloses en losbandigheid op aarde. Sy was die oorsprong en voedingsbron van

alle goddeloosheid. Dat die vrou dronk is van die bloed van gelowiges (vers 6) getuig van die bloedige en wrede vervolging van Christene, veral onder die heerskappy van Nero. Dit is egter nie alleen die fisieke vervolging wat Christene so wreed geraak het nie, maar ook sielkundige en geestelike ondermyning.

Vandag beleef ons “Rome” op ‘n ander, meer moderne en dikwels subtiele manier. As ons maar Suid Afrika as ‘n voorbeeld noem: die regering van ons land is alles behalwe Christelik. In die parlement sit Moslems, Hindoes, mense wat openlik voorvadergees-aanbidding bedryf en nog baie meer. Die Christene kan op die vingers van jou een hand getel word. Korrupsie, diefstal, onsedelikheid ens. is aan die orde van die dag. En dan is dit nog maar net die parlement!

Hoe is die mense in ons land nie al verlei deur al hierdie goddelose praktyke nie. Selfs satanisme is ‘n aanvaarde praktyk en

godsdiens! Skakel jy die TV aan, dan wemel dit van onsedelikheid, geweld, bloedvergieting, moord en godslastering. Intussen loop die kerke leeg, en gemeentes gaan bankrot. Christene word verlei deur die glans en glorie van die wêreld, en dié wat hulle nie laat verlei nie, kry dikwels bitter swaar. Leef ons nie dalk in ‘n moderne “Rome” nie? Inderdaad leef ons nog in ‘n vry land, maar in baie lande in die wêreld gaan dit baie erger, en word Christene wreed vervolg.

Hierdie dinge moet ons egter nie moedeloos maak nie. Ons moet ons nie blind staar teen die Sedelose Vrou op die dier, en al haar glorie nie. Sy is net tydelik van aard, en bestem tot die ewige verderf. As ons verby haar kyk, sien ons God in hemelse glorie sit op die troon, en Hy regeer! Hy het steeds alles onder beheer.

Wanneer Johannes hierdie visioen sien, verstaan hy nie mooi al hierdie dinge nie. Daar is ‘n verborge betekenis agter alles. Die

engel neem daarom nou vir Johannes en dan verduidelik hy vir hom baie mooi waaroor dit eintlik gaan. DV. kyk ons more na die engel se verduideliking.

Gebed:

Here, as ons die “vrou” aanskou, dan wil ons harte ineenkrimp van vrees. Hou asseblief ons oog gevestig op Jesus, waar al ons hulp vandaan kom, en hou ons geborge in U, ons Vader.

# Wat Beteken die Dier?

# Openbaring 17:7-18

## Luister

Johannes verwonder hom oor die sedelose vrou en die vuurrooi dier waarop sy sit. Wat kan die betekenis hiervan tog wees? Dat dit uit die bose is, is baie duidelik, maar hierdie verskriklike tweetal moet beslis ‘n diepere betekenis hê! Dan kom verduidelik ‘n engel vir Johannes waarvoor dit alles gaan. En Johannes dink seker: “Aaaaah, maar natúúrlik!” Maar as jy hierdie verduideliking lees, laat dit jou nog net dieper in die duisternis. In vers 8 lees ons byvoorbeeld van die dier wat eers was en nie nou is nie, en dat hy uit die onderaardse diepte gaan kom. Dit maak nie sin nie! Dit is om hierdie rede dat baie mense Openbaring begin lees, en dan neersit, want dit is tog maar net onverstaanbaar!

As ons egter die geskiedenis van die tydperk ná Christus in gedagte hou, dan begin jy lig

sien. Om daardie rede is dit baie belangrik om Openbaring te lees saam met ’n goeie kommentaar wat vir jou die agtergrond geskiedenis kan skets. Vir die eerste lesers van Openbaring was dit eenvoudig, want hulle het die dinge rondom hulle sien afspeel. Hierdie gedeelte handel oor ‘n spesifieke tydperk in die geskiedenis, maar nog belangriker is dat ons hierin moet sien dat deur selfs die verskriklikste fases in die geskiedenis, God steeds in beheer is.

Die engel vertel vir Johannes dat die dier eers was en dat hy nou nie meer is nie. Hierdie dier is presies die teenoorgestelde van Christus. Jesus was en is en sal wees! Die dier is dus ‘n nabootsing van Christus, en sy ontstaan en bestemming is die verderf. Die Romeinse keiser Nero word gewoonlik hiermee in verband gebring. Volgens legendes sou Nero na sy dood terugkeer uit die onderwêreld om weer te regeer (hy sal weer uit die onderaardse diepte kom – vers 8).

Die dier het sewe koppe. “Hulle is sewe berge”, verduidelik die engel, en hy voeg by dat wysheid en verstand nodig is om dit te begryp. Rome is op sewe heuwels gebou, en die vrou, so het ons gister gesien, word met Rome geassosieer. “Die sewe koppe is ook sewe konings”, vertel die engel, om dit nog meer geheimsinnig en ingewikkeld te maak. Die betekenis hiervan is dat dit waarskynlik die opeenvolging van Romeinse keisers is.

Hierdie keisers staan egter nie alleen in die stryd teen die Christendom nie. Daar is die tien horings van die dier, wat tien konings voorstel wat vir ‘n kort, afgemete tydjie (simbolies een uur) gesag kry om saam met die dier oorlog te voer. Dit dui op ‘n volledige getal (10) Partiese heersers wat sal opdaag. Hulle is bondgenote en sielsgenote van die dier, en hulle streef presies dieselfde doel na, om die gelowiges te oorwin. Hierdie gesamentlike kragmonstering loop uit op oorlog teen die Lam en sy volgelinge. Volgens ‘n Griekse legende sou Nero, wat intussen weer lewendig geword het, saam

met die Partiërs eers teen Rome optrek, en dan sou die gesamentlike magte die stryd aanknoop teen die Lam en sy navolgers.

Nou kom die vrou aan die beurt, en die engel verduidelik oor haar lot. Die waters waar die vrou bly, verteenwoordig die hele wêreld, uitgesonder natuurlik die navolgers van die Lam. Die tien heersers (tien horings) en die dier het teen die vrou gedraai, en hulle bewerk haar ondergang op allerhande maniere. Hulle haat haar, maak haar kaal en verlate, eet haar vleis en verbrand haar met vuur. Net soos 'n uitgeskopte straatvrou word Rome kaal en verlate gelaat nadat sy "gebruik" is. Al haar weelde en losbandigheid is iets van die verlede. Sy is tot niet gemaak. Inderdaad het die bose magte van die dier en die vreemde magte saamgewerk om God se plan om Rome tot 'n val te bring tot volvoering te bring. God het toegelaat dat die bose homself vernietig!

Blaai ons deur die geskiedenisboeke, sien ons so dikwels hoedat bose regerings,

heersers of mense hulle eie ondergang bewerkstellig. ‘n Voorbeeld hiervan is die wêreld van die Mafia van Al Capone in Amerika. Hierdie skurke se grootste vyand was nie die polisiemag wat so hard probeer het om hulle te beheer nie, maar hulle eie sielsgenote. ‘n Mafialeier se lewe was nie ‘n sent werd nie, want daar was gedurigdeur iemand anders wat aspirasies gehad het om leier te word, en dan is talle mede-skurke koelbloedig vermoor in hierdie stryd. In ons eie land voer die bendes op die Kaapse vlakte ‘n skrikbewind, maar hulle grootste vyand is weereens ander bendes. Mense wat gewelddadig leef se lewe kom gewoonlik gewelddadig tot ‘n einde.

Daarteenoor is iemand wat die liefde van Jesus uitstraal se gesindheid aansteeklik. ‘n Persoon wat byvoorbeeld opgewek en vrolik by sy werkplek instap, met Jesus se liefde wat helder op sy gesig skyn en uit sy lewe straal, veroorsaak dat almal rondom hom naderhand opgewek en vrolik is.

Kom ons probeer vandag ‘n verskil maak, en vrolik die wêreld rondom ons op met Jesus se onoorwinbare liefde.

Gebed:

Here, maak my asseblief vandag ‘n toonbeeld van U wonderbare lig en liefde.

# Babilon Val!

# Openbaring 18:1-10

## Luister

Die hoogtepunt van God se oordeelsvoltrekking breek nou aan as ‘n engel met groot gesag uit die Hemel te voorskyn kom. Omring in ‘n gloed van heerlikheid, hef hy ‘n jubelende gedig aan oor die oordeel oor Babilon. Jy sal onthou dat Babilon eintlik simbolies staan vir die stad Rome.

Ek dink nie ons besef vandag hoe reusagtig sterk en groot die Romeinse ryk in daardie jare was nie. Hulle het absoluut die hele bekende wêreld oorheers met brute krag, en gemaak en gebreek net soos hulle wil. Die ryk het gestrek oor die ganse suidelike helfte van Europa, Duitsland, Frankryk, Portugal en Spanje en het die hele gebied gedek tot by Turkye en Sirië in die ooste. Suid het dit gestrek tot by Egipte en die totale noordelike kusgebied van Afrika. Dit was ’n

asemrowende groot gebied wat die totale middelandse see-gebied ingesluit het.

Die episenter van hierdie magtige regering was die stad Rome, met die keiser wat op die troon sit en dink dat hy self God is. Rome was dus die versinnebeelding van die ganse, magtige Romeinse ryk. ‘n Welvarende stad met kultuur wat skrik vir niks. Vandag nog staan talle standbeelde en geboue wat uit daardie bloeitydperk dateer. Sékerlik die bekendste van die gruwelike Romeinse kultuur, die Kolosseum, waar talle Christene wreedaardig moes ly vir hulle geloof, pryk vandag as die geraamte van Rome se bose bloedlus. Inderdaad is dit nou net ’n hol, dooie geraamte, en nooit weer sal die bloeddorstige juigkrete van bloed-honger en geweld-honger Romeine daaruit opstyg nie!

Die aankondiging van die engel was eenvoudig: “Geval, geval het die grote Babilon.” Sommer net so! En dan volg die jubelende klaagliedere. Vir almal wat bande met Rome gehad het, is dit ‘n klaaglied. Maar

al die gelowiges jubel! In ‘n uiters dramatiese lied beskryf die engel hoedat hierdie eens lewendige stad in totale verlatenheid verval. Die stad moet boet vir al die afskuwelike goddeloosheid wat deur die jare daar geheers het. En nou word dit “die blyplek van bose geeste, die skuilplek van alle onrein geeste, onrein roofvoëls en van alle afskuwelike onrein diere”. (18:2)

Die onsedelikheid van die stad was ‘n gruwel! Konings het, by wyse van spreke, onsedelike omgang met haar gehad, en die sakemanne het hulleself verryk uit haar weelde. Die invloedrykes het Rome se aanspraak op goddelikheid aanvaar omdat hulle daaruit voordeel getrek het.

Dan volg daar ‘n ander stem uit die Hemel, die stem van God, en Hy praat met al Sy kinders. Hy sê vir die gelowiges dat hulle die stad moet verlaat. Hulle moenie deel hê aan haar sondes nie, en ook nie aan haar straf nie. Die sondes van die stad het opgehoop tot teen die Hemel. (vers 5) God is regverdig,

en die sonde kan nie ongestraf bly nie. Om daardie rede gaan Babilon (Rome) nou die oordeel van die regverdige God smaak. Van dieselfde sondige brousel wat sy vir die nasies voorgesit het, gaan sy nou sélf moet drink, en sy kry dit in ‘n dubbele dosis terug. Pes, hongersnood, droefheid en vuur oorval haar.

Hierdie sedelose vrou het gesit en pronk asof sy totaal onaantasbaar is. “Ek sit as koningin op my troon”, sê sy vir haarself, en verlustig haar in alles wat sleg is. “Ek sal nooit óóit nodig hê om te treur nie!” Sy is só vol van haarself, dat sy nooit eers gedink het aan God nie! Sy het Hom nie nodig gehad nie! Só het sy gedink!

Maar dan tref God se oordeel haar. Haar val is groot! Hierdie berugte sedelose vrou se reuse val word bitterlik beween deur al haar vennote: heersers, sakelui en seelui. Klaagliedere klink op, en die konings huil onbedaarlik, bitterlik oor die verskriklike verlies van ‘n wellustige verkeer met Rome.

Die heersers huil en gaan te kere, want hulle eens-magtige bondgenoot het in een oomblik tot niet gegaan (vers 9). Hulle staan verstom, want dit kan tog nie moontlik wees nie! Rome was dan so absoluut onvernietigbaar?

“Hoe vreeslik, hoe vreeslik!” kerm die konings, “Die groot stad, Babilon, die sterk stad!” Hulle is verdwaas. Hulle kan dit net eenvoudig nie begryp nie. “In een oomblik het die oordeel oor jou gekom!”

Edward Gibbon het in 1776 ‘n massiewe boek van 6 volumes geskryf oor die val van Rome, “The History of the Decline and Fall of the Roman Empire.”

Vandag raak ons gelowiges dikwels moedeloos as ons die verskriklike onreg sien afspeel voor ons oë. En soms vra ons: “Maar sien God dan nie die dinge raak nie? Hoe kan Hy toelaat dat magtige mense hulleself verryk ten koste van die armes?” Ons sien hoedat Rome (Noord Korea?) floreer en goddelose dinge doen. Ons sien hoedat talle

gelowiges wreed vervolg word regoor die wêreld, en ons vra: “Here, gaan U nie iets daaromtrent doen nie?”

Dit is egter nie vir ons om te oordeel nie. God se regverdige oordeel sal ook híérdie Babilon tref!

Gebed:

Dankie Here, dat ons al die oordeel aan U kan oorlaat. Dankie ook dat U my verskriklike sondes vrygespreek het uit U groot genade.

# Almal Huil

# Openbaring 18:11-24

## Luister

Die wêreld is verslae oor die val van die groot en wonderlike stad Babilon (Rome). Die manne met groot mag - die konings en heersers, is sekerlik die swaarste getref deur haar val, want is dit dan nie juis sý wat aan hulle soveel plesier verskaf het nie? Was sý nie die een wat verantwoordelik was dat hulle soveel bloeddorstige vermaak kon beleef nie?

Sakelui is egter nét so bedroef oor al hulle winsgewende transaksies met die spandabelrige, ryk kliënt wat nou skielik opgedroog het. Spandabelrig was Rome beslis! Daar word vertel dat keiser Nero eenmaal rose uit Egipte laat kom het, teen ‘n astronomiese prys. Die lys van luukshede wat in vers 12 en 13 opgenoem word is ‘n toonbeeld van die lewe van die rykes van Rome, wat ‘n uitspattige lewe geleef het van

partytjies en niksdoen. “Goue goed en silwergoed, edelstene en pêrels, fyn pers klere en helderrooi syklere, allerhande skaars soorte hout, allerhande dinge van ivoor en allerhande dinge van duur hout, van koper, van yster en van marmer, kaneel en speserye, wierook, reukolie en reukwater, wyn en olyfolie, koring en meel, beeste en skape, perde, waens en slawe en selfs die lewens van mense.” Ja, inderdaad het hulle selfs slawe (menselewens) gekoop wat hulle werk vir hulle moes doen.

Die sakemanne en konings aanskou die ondergang van die stad op ‘n afstand, bevrees om nader te gaan, want dan mag hulle dalk ook deur God se oordeel getref word. In een enkele oomblik is al die fabelagtige rykdom waarvan hulle afhanklik was, tot niet.

“Hoe vreeslik, hoe vreeslik!” kerm hulle. “Die groot stad, uitgedos in fyn klere, pers en helderrooi, en opgetooi met goud, edelstene

en pêrels! In een oomblik is soveel rykdom verwoes!”

Ook die seelui word in sak en as gedompel, want hulle het baie geld gemaak uit hierdie spandabelrige kliënt waarvoor hulle reuse vragte luukshede moes aanry. Ook húlle staan op ’n afstand om die verskrikking te aanskou. Nes die sakelui en konings is hulle te bang om dit naby die gevalle stad te waag. Hulle het ‘n uiters gewaardeerde kliënt sommer so eensklaps verloor. Nou gooi hulle stof op hulle koppe en hulle skreeu en huil en kerm om te wys hoe verskriklik bedroef hulle is oor hulle verskriklike verlies. “Hoe vreeslik, hoe vreeslik! Die groot stad!” kerm hulle onbedaarlik (vers 19).

Saam met hulle klaaglied, klink ‘n vreugdelied op uit die Hemel, want soos wat die meulsteen wat die engel simbolies in die see gooi sink, so sink die goddelose stad Rome in die dieptes van vergetelheid. Jolige musiek en kuns, handelstransaksies en feeste sal daar nooit weer wees nie. Spele

en teaters se vrolike klanke is uitgedoof. Die stad is dood.

“Verheug jou daaroor, Hemel, en julle, gelowiges, apostels en profete! God het die oordeel waarmee sy (Babilon) julle getref het, oor haar voltrek.” (v. 20)

Nou sien ons eers tot hoe ‘n mate die stad sélf getref is deur God se oordeel. Absoluut alles kom tot stilstand. Droefheid sak oor die stad toe, en die vrolike musiek droog op, want skielik is daar géén werk meer vir ‘n ambagsman nie. Die industrieë knars krakend tot stilstand. Al die weelderige dinge wat gemaak is vir die rykes, word nie meer benodig nie. Daar is géén nut meer daarvoor nie.

Selfs die meul se wiel hou op om te draai, en ‘n doodse stilte sak oor die stad toe. Die dreuning van ‘n meul wat meel maal, sterf weg. Kos sal daar nie weer gemaak word nie.

En die klokhelder lag van ‘n bruidjie wat haar sterk bruidegom tegemoet loop, sal nie meer in die sombere stad gehoor word nie. Droefheid hang soos ‘n swaar, pikswart gordyn oor die stad. “Babilon is skuldig aan die bloed van die profete en die gelowiges, almal wat op die aarde doodgemaak is” (v. 24). Vrolike fakkels se flikkerende vlammetjies sal nie meer die strate verlig nie, en duisternis sak oor die stad toe. Duisternis simboliseer dat sonde tot die val van die stad gelei het.

Hierdie gedeelte moet vir ons as gelowiges ‘n troos, maar ook ‘n vermaning wees, want so dikwels skreeu ons wraak wanneer iemand wat verskriklike misdade pleeg ongestraf daarvan afkom. Onthou: God se oordeel is regverdig, en ons moet ons nie daaroor kwel nie. God se tyd is ook baie anders as ons tyd. Ons wil ongeduldig raak as iets nie dadelik begin nie. God se oordeel sal op die regte tyd - op God se tyd, kom.

Die volgende hoofstuk begin dan ook met ‘n groot gejubel en ‘n “Prys die Here!” En skielik vergeet ons van al die slegte dinge, want daar is gróót opgewondenheid.

**Gebed:**

**Dankie Here, dat ons al die oordeel aan U kan oorlaat. Dankie ook dat U my verskriklike sondes vrygespreek het uit U groot genade.**

# Die Bruilof van die Lam

## Openbaring 19:1-10

## Luister

“Pa, hy het my gevra om met hom te trou!” Een enkele sinnetjie van my dogter, Anita het reuse nagevolge! Sommer dadelik begin die beplanning. Die regte plek moet gevind word vir die onthaal, ‘n tema, ‘n koek moet ontwerp word, ‘n begroting moet opgestel word. Ek raak lam in die kniëe! Maar die opgewondenheid is GROOT!

Skoondogter Claudette neem genadiglik die beplanning oor. Vergaderings word gehou tot in die middernagtelike ure, en elke moontlike en onmoontlike moontlikheid word bekyk, bepeins, bedink, be-droom en die opgewondenheid raak al groter. Haar rok - daar móét blink steentjies en pêreltjies op wees, en natúúrlik moet dit skitterwit wees - so hoort dit mos!

Om ‘n plek te kry om die onthaal te hou is absoluut ‘n nagmerrie. Hierdie plek is nie goed genoeg nie, dáárdie een te duur, die ander een te ver en ‘n ander is sommer jiggie! Uiteindelik kry ons een, maar daar is sommer baie tekortkominge. Die plek is oud en vervalle, maar met baie potensiaal. Met goeie beplanning en baie sweet kan dit mooi genoeg gemaak word vir ‘n sprokieshuwelik!

Hoe nader die groot dag kom, hoe groter raak die opgewondenheid, en hoe meer hardloop almal heen en weer om alles betyds gereed te kry. En hoe leër raak my sak!

Ten einde laaste breek die dag tóg aan, en almal se senuwees is gedaan. Die bruidjie tree na vore en na ‘n volle halwe dag se mooimaak, optof, hare doen en tittewyt, snak almal na hulle asems: So mooi het sy nog nooit gelyk nie! Stralend van blydskap en opgewondenheid, getooi in ‘n spierwit rok met blink steentjies en pêreltjies wat skitter in die helder sonlig, verskyn sy.

‘n Stokou model A Fordjie is die troukar. Ek klim langs haar in op die agtersitplek. So ver as wat ons ry klap die skares langs die strate vir ons hande, toeters blaas en honde blaf histeries! By die ingang van die landgoed waar die onthaal gehou word, klim ons oor op ‘n perdekar. Die laaste entjie kom die bruid en haar breëbors pa (dis nou ekke!) met ‘n spoggerige spaaider en twee trotse perde, kompleet met die drywer getooi in pluiskeil en manel, ingetrippel tot by die opgewonde wagtende skare.

Die huwelik het uiteindelik aangebreek!

Openbaring 19 begin met ‘n lofsang van ‘n groot menigte wat uit die Hemel opstyg: “Loof die Here!” Die vreugde in die Hemel is groot, want God se oordeel het die bose stad getref, en al die verskriklike dinge wat die stad die gelowiges aangedoen het, is vergeld. God se oordeelsvoltrekking is nie uit persoonlike wraak aangevuur nie maar omdat Hy regverdig en reg is. Geregtigheid het uiteindelik geseëvier. “Prys die Here!”

En dan hoor Johannes ‘n groot gedruis, soos ’n groot watermassa, donderend, druisend - ‘n reuse skare mense wat baie opgewonde is. “Prys die Here! Prys die Here!” jubel die skare. Waaroor is almal dan so opgewonde? Die bruilof van die Lam het aangebreek!

In talle plekke in die Bybel word die verhouding tussen God en Sy volk as ‘n huwelik beskryf. In die Ou Testament word Israel as die vrou in die huwelik beskryf, en keer op keer is sy ontrou. In die Nuwe Testament is Christus die Bruidegom en die kerk, oftewel die gelowiges die bruid. Volgens huweliksgebruike in Israel gaan die bruidegom eers na die bruid se huis toe om haar te gaan haal, en dan vertrek hulle saam na die bruidegom se huis, waar die bruilofsfees dan plaasvind.

In hierdie lig gesien, wag ons as die bruid van die Lam opgewonde vir die Bruidegom, Christus, om ons te kom haal en saam te neem na die groot bruilofsfees in die Hemel. Is dit nie ‘n pragtige beeld nie? Die bruid (ek

en jy) het die allermooiste trouklere aan, fyn, spierwit en helderblink. O, verséker is dit nie ons natuurlike klere nie, want dié is vieslik vuil en pers gevlek van die sonde, maar hierdie nuwe klere wat ons nou dra is spierwit-skoon gewas in die kosbare bloed van die Lam.

Watter bruidjie se are bruis nie van afwagting op daardie dag waar die minute stadig aftik vir die groot oomblik nie? My meisiekind was so opgewonde dat jy kon toor met haar! Ek en jy behoort óók al só opgewonde te wees, want die Bruidegom is al op pad om ons te kom haal. Wanneer Hy presies hier gaan wees, weet ons nie, maar ek kan al die skare hoor borrel van opgewondenheid in die verte!

Die groot vraag is of ons al gereed is. As Hy, die Bruidegom, nou hier sou opdaag - het jy klaar jou helderwit klere aan, en is jy gereed om te gaan? Alleen húlle wat Jesus as Verlosser aangeneem het is deel van die bruid. As jy dit nog nie gedoen het nie, het jy

geen deel aan die bruilof nie. Dalk is vandag die regte tyd om daardie stap te neem.

**Gebed:**

**Here, die opgewondenheid bruis in my, want ek wéét ek is deel van die bruid van die Lam, en ek sien met groot afwagting uit na daardie dag van die groot bruilofsfees!**

# Ruiter op die Wit Perd

## Openbaring 19:11-21

## Luister

‘n Ruiter op ‘n perd het my verbeelding aangegryp toe ek ‘n jong seun was. Ek het die wonderlikste verhale gelees van helde wat tydens die Anglo-Boereoorlog, onverskrokke op hulle perde teen die magtige Britse Ryk opgetrek het. Vandag word die heldemoed van manne soos De la Rey, onlosmaaklik van sy troue perd, steeds triomfantlik besing, en dan sweep dit reuse skares mense op om patrioties saam te staan en op te staan. As die Kakies nie vuil gespeel het, en begin oorlog maak het teen die vrouens en kinders nie, sou die uitslag van die oorlog moontlik héél anders gewees het!

Ja, die ruiter-held op sy perd is natuurlik baie ge-romantiseer, en talle fiktiewe karakters het die lig gesien in mense se verbeelding, soos byvoorbeeld die Ruiter in die Nag en al sy

tydgenote, almal figure wat ons kinders oopmond met verwondering gelaat het. ‘n Triomfantlike ruiter op ‘n trotse perd, verkieslik ‘n spierwitte, is ‘n gesig wat groot gesag afdwing.

Dit is dus géén wonder dat hierdie beeld ook deel van Johannes se visioen uitmaak nie. Met hierdie triomfantlike beeld van die Ruiter op die wit perd word die laaste reeks visioene ingelei. Die laaste keer dat ons Jesus sien ry het op die rug van ‘n rydier, was dit ‘n nederige donkie waarop Hy Jerusalem binnegery het. Dit was op die vooraand van die grootste krisis ooit in die mensegeskiedenis, en Jesus was die hoofrolspeler. Kort na Sy triomfantlike intog was Hy gemartel, verneder, gespot en aan ‘n vloekhout vasgespyker. In hierdie visioen is die prentjie egter totaal anders. Nou is Hy die triomfantlike Ruiter op die spierwit perd wat heers en wat oordeel, ook diegene wat Hom destyds so wreed veroordeel het met hulle bloeddorstige gille: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!”

Wanneer hierdie Ruiter op die wit perd uit die Hemel te voorskyn tree, boesem Hy vrees in, want Sy oë vlam soos vuur, en die baie heerserskrone simboliseer Sy onbeperkte mag, majesteit en heerskappy. Die skerp swaard wat uit sy mond gaan, vul elkeen wat teen Hom te staan kom verder met vrees en bewing. Sy wit klere is reeds met bloed bevlek van die verskriklike oordeel wat voltrek word. Wat dit nog meer vreesaanjaend maak is die reuse leër wat saam met Hom uit die Hemel optrek, almal geklee in skitterwit klere. Hierdie hemelse leër is engele en martelare wat saam met Christus optrek, en ook húlle ry op wit perde. Dit is egter slegs die ongelowiges, die draak en sy meelopers wat nodig het om te vrees. Die gelowiges kan jubel en juig, en na Hom kyk met verwondering, want dit is immers Hy wat ons kom verlos het. Inderdaad is ons reeds beoordeel, en op grond van Sy groot soenverdienste is ons regverdig verklaar.

By die son sien Johannes ‘n engel staan. Dáár kan almal hom sien. Hy nooi al die

roofvoëls uit om te kom deel in die feesmaal om die vleis van die goddeloses te eet. Hierdie gruwelike maaltyd staan in skrille kontras met die bruilofsmaal van die Lam. As jy al ooit gesien het hoe aasvoëls ‘n karkas verslind, dan sal jy verstaan hoe afgryslik die gesig moet wees van roofvoëls wat die lyke van die bose konings en heersers en al hulle meelopers uitmekaar skeur en verslind. Hierdie oproep kom op die vooraand van die groot slag, die grootste veldslag van almal, wat sal plaasvind. Die konings en heersers is alreeds besig om hulle leërs te mobiliseer vir hierdie moeder van alle oorloë!

Dan word die dier, oftewel die Antichris, asook die vals profeet gevange geneem. Hulle word lewend in die vuurpoel gegooi wat met swael brand. Dink maar hoe dit sou lyk as jy in ‘n aktiewe vulkaan inkyk! Hierdie is die plek van ewige straf, oftewel die Hel. Die res van die goddeloses word deur die oordeel van God wat uit die ruiter se mond uitgaan doodgemaak, en die roofvoëls vier lustig fees, totdat hulle dik gevreet is. Met

hierdie beeld word die volledige oordeelsvoltrekking van God oor die goddeloses uitgebeeld.

Dit is gru-beelde wat vir ons geskets word, en as ons hierdie perikoop op sy eie lees, kan ons só maklik die prentjie kry van ‘n God van wraak en wreedheid. As ons dit egter lees teen die agtergrond van die res van Openbaring, sien ons ‘n gans ander prentjie – die beeld van ‘n genadige God wat oor en oor en oor kans gee, soebat en smeek dat mense hulle tot Hom bekeer. Hierdie finale en gruwelike oordeel is slegs oor diegene wat volstrek geweier het om gehoor te gee aan God se dringende pleidooie.

In ons volgende oordenking sien ons DV ook hoedat die duiwel finaal die onderspit delf, en dan volg die groot dag waarop alle gelowiges al so lank gewag het - die nuwe Jerusalem!

Maar nou loop ek die verhaal mos vooruit!

**Gebed:**

**Dit is met groot ontsag dat ons vanoggend U almag en heerskappy aanskou, Here, en ons aanbid U want U is genadig. U oordele is reg en regverdig.**

# Satan se Einde

## Openbaring 20

## Luister

Die gedeelte wat ons vanoggend lees het al tot sommer baie verskillende interpretasieverskille gelei, en gelowiges was al in vurige debat gewikkel hieroor. Die verskille is egter van só 'n aard dat dit nie die wesenlike van ons geloof raak nie. Sommige mense sien hierin dat daar nog 'n duisendjarige vrederyk voorlê (die "chiliaste"). Ander glo dat Jesus tweemaal sal kom. Dan is daar boonop die kwessie van die "wegraping". As ons hierdie gedeelte op sy eie lees of dit te letterlik probeer interpreteer, dan kan jy baie maklik tot allerhande gevolgtrekkings kom. Hierdie perikoop moet egter binne die raamwerk van die geheelboodskap van Openbaring gelees word om dit reg te kan verstaan.

Ons het nou gekom by die einde van Satan en die bose, asook by die finale oordeel.

Johannes sien in sy visioen ‘n engel wat van God af kom - hy het toegang tot die onderaardse diepte, oftewel die woonplek van die bose. Die engel kom en bind Satan vas met ‘n groot ketting. Dit is simbolies om sy mag te beperk. Hy word in die onderaardse diepte gehou vir ‘n duisend jaar, en dan word hy vir ‘n kort rukkie vrygelaat. Ons kan nie die duisend jaar as ‘n letterlike tyd vertolk nie, maar weereens, soos ons al so dikwels in Openbaring gesien het, is hierdie ‘n simboliese getal wat daarop dui dat hy vir die volle tydperk wat God vir hom bestem het, gebind is. In die lig van die boodskap van Openbaring as ‘n geheel, kan ons hieruit verstaan dat Satan gebind is vir die tydperk tussen Jesus se eerste koms (2000 jaar gelede) en sy wederkoms. Deur Jesus se sterwe en opstanding, het Hy Satan oorwin. Hy is dus gebind. Die klein rukkie wat hy losgelaat word dui op die verskriklike intensiteit van sy aanslag kort voor die einde.

Jy kan jouself dalk die vraag afvra, waarom ons dan so baie van die duiwel se aktiwiteite

sien as hy in boeie in die verdoemenis sit? Dikwels sien jy dat ‘n baie invloedryke gevangene wel in die tronk toegesluit is, maar steeds sy invloed buite die tronk kan uitoefen. Hy het sy meelopers wat sy werk vir hom doen. Hy is toegesluit, maar geensins magteloos nie. As ons egter die boosheid van die wêreld om ons vandag aanskou, wonder jy of ons nie dalk reeds in die tydperk begin leef waar die duiwel losgemaak is nie! Persoonlik dink ek dat die eindtyd nou baie naby moet wees, want alles versnel net eenvoudig met ‘n duiselingwekkende spoed.

Intussen sien Johannes ook in sy visioen “siele” op trone sit en regeer. Dit is mense wat vir hulle geloof gesterf het, asook al die gelowiges wat reeds te sterwe gekom het. Hulle het die eerste opstanding beleef pas nadat hulle dood is. As ek hierdie gedeelte reg verstaan, dan is daar géén eerste opstanding vir die ongelowige nie, en bly hy dood tot met die wederkoms. Lees ons egter die gelykenis wat Jesus vertel het van die ryk man en Lasarus (Lukas 16), dan lyk dit

anders. Ons kan dus eintlik maar net raai. Daar sal ook ‘n tweede dood wees, maar gelowiges wat die eerste opstanding beleef het, sal nie die tweede dood beleef nie, hulle is mos vrygespreek!

Uiteindelik breek die groot dag vir Satan aan, waar hy vrygelaat word. Vir oulaas wys hy sy spiere as hy die goddelose nasies van regoor die hele wêreld bymekaar roep vir die oorlog van alle oorloë. Die nasies word Gog en Magog genoem, simbolies daarvan dat die goddelose nasies so baie soos die sand van die see is. In hulle miljoene trek hulle op teen Jerusalem, die geliefde stad, totdat die hele stad omsingel is. Dan tref God hulle met swael en vuur uit die Hemel, en die ganse leër word deur God se vuur verteer. Die duiwel word saam met die dier en die vals profeet in die poel van vuur gegooi, waar hulle vir ewig gepynig word.

Uiteindelik breek die laaste oordeel aan. Op ‘n groot wit troon sit God. Só groot is die mag en majesteit van God se verskyning, dat die

ganse skepping voor Hom padgee. Die ou bedeling met sy sondesmet kan nie bestaan voor God se heerlikheid nie. Almal verskyn voor die troon vir die finale oordeel. Niemand word oorgeslaan nie, en twee boeke word oopgemaak. Elkeen word geoordeel volgens wat hy met sy lewe gedoen het. Dit beteken nie noodwendig dat sy dade hom kan verlos nie. In die tweede boek is die name geskryf van húlle wat die ewige lewe het, dié wat in Christus is. Dit is die burgerskapsregister. As jou naam nie daar is nie, dan het ‘n goeie lewe géén invloed op jou redding nie! Diegene wie se name nie in die Boek van die Lewe verskyn nie, word in die vuurpoel gegooi. Kort en saaklik! Maar wat van die ander? Wat gebeur met hulle? Daardie antwoord sien ons binnekort!

Is jou naam in die Boek van die Lewe? Myne is beslis - ek weet!

**Gebed:**

**Dankie, genadige Hemelse Vader, dat U ook my naam in die Boek van die Lewe geskryf het. U kry al die eer daarvoor, want dit is nie my dade wat dit meegebring het nie, maar slegs die losprys wat U Seun, Jesus, aan die kruis vir my betaal het.**

# Alles Nuut!

## Openbaring 21:1-8

## Luister

“Ek sien 'n nuwe Hemel kom,

'n aarde nuut en vry.

Die see en al wat skei, verdwyn.

God self kom by ons bly.”

Hoe heerlik sal dit nie wees om weer ‘n slag na grendeltyd hierdie besielende lied saam met die gemeente uit volle bors te sing nie! Wanneer jy dit sing, sien jy in jou verbeelding ‘n skitterblink nuwe wêreld sonder enige smet of sonde, en die asemrowende stad Jerusalem, gebou uit suiwer goud en die allermooiste edelstene en reuse pêrels waaruit die poorte gekerf is.

Die afgelope paar weke se dagstukkies was in ‘n sekere sin uiters depressief, want ons het net gelees van die duiwel se

skrikwekkende opmars teen alles wat heilig is, en die aaklige dinge wat hy en sy trawante doen teen die gelowiges. Ons het ook gelees van God se verskriklike oordeel oor die bose, maar hoedat Hy terselfdertyd so dringend gepleit het vir hulle bekering.

Baie jare gelede sit ‘n klompie van ons een oggend baie vroeg bo op die Drakensberge by Giants Castle om die sonsopkoms te beleef. Dit was bitter koud en nog pikdonker, en voor ons voete ‘n gapende afgrond van 1000m hoog. Ek kry ‘n ysige beklemming om die hart om so weerloos daar te sit. Maar geleidelik begin dit verander, en die skrikwekkende donker maak plek vir die dagbreek. Sagte pastel-kleure begin vorm oor die uitgestrekte heuwellandskap wat voor ons ontvou - ‘n donsige oranje, ‘n poeierkwas-sagte rooi. Die nag was verby! Die dag in sy volle glorie was op pad!

So beskryf Johannes ook hierdie wonderlike gesig wat hy beleef, van die vernuwing van die Hemel en die aarde, waar die volmaakte

gemeenskap met God nou aangebreek het. Ja, die ou bedeling het verdwyn. Die eerste Hemel en aarde, volmaak geskep deur God, is totaal verwoes deur die mens en Satan se sonde. Die ou aarde waar pyn en lyding, as gevolg van sonde, so ‘n verskriklike werklikheid is, word nou vervang deur ‘n splinternuwe wêreld van ewigdurende volmaakte heerlikheid saam met God. Selfs die see verdwyn, omdat dit in die antieke denke beskou is as die woonplek van die bose. Die bose is nou vernietig, en daarmee saam sy woonplek.

Op ‘n dramatiese manier beskryf Johannes hoedat die nuwe Jerusalem uit die Hemel neerdaal. Dit moet ‘n aangrypende gesig wees want elders beskryf hy dat die stad twaalfduisend kilometer lank en breed en hoog is. Dit is só ondenkbaar groot dat ‘n honderd Suid-Afrikas’s daarin sal pas. Dan nog boonop daardie duiselingwekkende hoogte, wat amper tot by die maan reik!

In skrille teenstelling met die berugte sedelose vrou, Babilon, word hierdie stad beskryf as ‘n versierde hemelse bruid wat in blosende glorie vir God gereed gemaak is. Die nuwe Jerusalem word nou God se woonplek by die mense, en God kom dus in volle glorie en heerlikheid by die gelowiges bly, waar hulle Hom van aangesig tot aangesig kan aanskou terwyl Hy op sy troon sit.

God het destyds ‘n verbond met Abraham gesluit. Hy het vir Abraham gesê dat Hy vir hom ‘n God sou wees, en Abraham vir Hom ‘n volk. Nou word hierdie verbond opnuut weer waar gemaak wanneer ‘n harde stem uit die Hemel aankondig dat die gelowiges God se volk is en dat Hy by hulle bly. Al die pyn en lyding van die ou bedeling, sê die stem, is iets van die verlede, want God sal self hulle trane afdroog. Die dood sal nie meer ‘n verskrikking wees nie, want dit sal eenvoudig nie meer bestaan nie.

Vir die eerste keer in Openbaring hoor ons God se eie stem van die troon af as Hy sê: “Kyk, Ek maak alles nuut.” Die mense en die ganse skepping word totaal vernuwe deur ‘n volmaakte nuwe verhouding met God. Dit is waarna die hele skepping só smagtend uitgesien het. God verklaar verder dat Hy die Alfa en die Omega is, die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet. Dit beteken dat Hy die oorsprong en bestemming van alles en almal is, en net soos die eerste en laaste letters van die alfabet die ganse alfabet omvat, so omvat God die totale skepping. Hy sê ook dat diegene wat dors het by Hom die water van die lewe kan kom drink. In volmaakte gemeenskap met God sal niemand ooit weer dors hoef te ly nie.

Ons gelowiges kan nou deel in die oorwinning wat God behaal het. Die beloning is om alles te ontvang en in volkome gemeenskap met God te kan leef. Om ‘n intieme, persoonlike verhouding met Hom te hê. Inderdaad is ons Sy erfgename, Sy kinders, en het ons deel aan dit alles! Hierdie

wonderlike waarheid dra ons as gelowiges, God se kinders jubelend dwarsdeur al die eindgebeure!

**Gebed:**

**O Here, dit is met ‘n jubeling in ons harte dat ons vanoggend U Woord lees en die wonderlike dinge deur Johannes se oë sien. Dankie vir daardie wonderlike vooruitsig van dit wat op ons wag!**

# Die Nuwe Jerusalem

# Openbaring 21:9-22:5

## Luister

Nadat Johannes die stem van God gehoor het, neem ‘n engel hom na ‘n hoë berg, en wys hom die nuwe stad, Jerusalem, waarvan ons gister gelees het. Dit is ‘n asemrowende gesig, en Johannes beskryf in fyn detail wat hy sien, want alles is te wonderlik. Die beelde wat hy gebruik is natuurlik weereens propvol simboliek en beeldspraak om sekere waarhede by ons tuis te bring.

Johannes vertel dat die hele stad glinster soos ‘n kristalhelder opaal, ‘n edelsteen wat altyd met God geassosiëer word. Dit beklemtoon bloot dat die stad vol is van God se teenwoordigheid en heerlikheid. Sy heerlikheid is stralend en glinsterend. Die hoë muur met twaalf poorte benadruk die feit dat daar voldoende toegang is vir al die navolgers van die Lam, terwyl die muur terselfdertyd dien as ‘n skeiding tussen die

gelowiges binne en die ongelowiges buite die stad. Daarom word die toegange bewaak om slegs die gelowiges toe te laat. Ons sien dat die name van die twaalf stamme van die volk Israel op die poorte geskryf is, en die name van die twaalf apostels op die fondamente. Die simbool hiervan is dat die Ou-Testamentiese sowel as die Nuwe-Testamentiese geloofsvolk van God deel het aan die stad.

Die stad word nou deur ‘n engel gemeet met ‘n goue meetstok. Hiermee wil die engel sê dat hierdie God se eiendom is wat blyplek gee aan almal wat daar hoort. Die stad is in die vorm van ‘n kubus - ‘n ontsaglike groot kubus van 12’000x12’000x12’000 kilometer. Weereens is hier simboliek by betrokke. Die allerheiligste in die tempel was in die vorm van ‘n kubus, en hierdie beklemtoon eenvoudig dat God se teenwoordigheid die ganse stad vul.

Die muur van 144m hoog dui op God se volledige beskerming aan al die inwoners

van die stad. Die muur is van opaal, wat weereens die goddelikheid daarvan, of eerder God se teenwoordigheid daarin beklemtoon. Die fondamente van die muur is met twaalf edelstene versier, wat herinner aan die twaalf edelstene aan die borssak van die hoëpriester. Die twaalf poorte in die stadsmuur is elk uit een enkele pêrel gekerf.

Die stad self is van suiwer goud, en so ook die strate. Nie alleen is dit onbeskryflik waardevol nie, maar het ook ewigheidswaarde. As ons nou na ‘n geheelprentjie kyk van die goue stad en die waardevolle edelstene, en hoe dit aan priesterlike dinge herinner, dan moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die ganse stad, net soos ‘n priester, in diens van God staan. Die hele stad is ‘n tempel omdat God en die Lam daar teenwoordig is, en daarom word daar ook pertinent genoem dat daar gladnie ‘n tempelgebou in die stad is nie, want dit is nou totaal oorbodig!

Nog ‘n wonderlike aspek van hierdie stad is dat die natuurlike lig van die son en maan totaal oorbodig is, want die heerlikheid van God verlig die stad. Die glansryke heerlikheid van die Goddelike teenwoordigheid dien as ligbron om in te leef. Daar is dus ook gladnie meer ‘n onderskeid tussen dag en nag nie. Om die waarheid te sê, bestaan daar nou gladnie meer so ‘n ding soos nag nie!

Die stadspoorte word nooit meer gesluit nie - dit staan heeldag lank oop omdat die bose mos nou reeds vernietig is. Boonop het slegs gelowiges burgerskap in hierdie stad. Dit het hulle natuurlik gekry op grond van die offer van die Lam.

Nadat Johannes hom verkyk het aan hierdie wonderlike stad, wys die engel hom ‘n ander wonderwerk: die rivier met die water van die lewe. Hierdie rivier stroom kristalhelder uit die troon van God en die Lam. Dit is simbolies van God wat die lewe, die éwige lewe gee. Tussen hierdie wonderlike rivier en die hoofstraat staan daar ‘n boom - die boom

van die lewe. Hierdie boom dra heel jaar deur vrugte, twaalf keer per jaar. Jy onthou seker nog die boom van lewe in die Paradys? Dit was beskryf heel aan die begin van die Bybel, aan die begin van die mens se geskiedenis. En nou sluit hierdie verhaal van God se liefde vir die mens af met ‘n soortgelyke boom. Nou is die paradys dus herstel, en die totale vrede wat daar in die tuin van Eden moes heers, dié kan uiteindelik nou in vervulling gaan. Liggaamlike en geestelike siektes bestaan nie meer nie, en daar is ‘n totale afwesigheid van sonde. Selfs die son en maan is nou onnodig, want God se heerlikheid verlig alles en almal. In volmaakte saamwees met God, regeer die triomferende gelowiges nou vir ewig in ‘n wonderlike en volmaakte gemeenskap met God en die Lam.

Is hierdie nie ‘n wonderlike ding om na uit te sien nie? Hierdie beskrywing wat Johannes gee is genoeg om enige gelowige opgewonde te maak, en met groot verwagting te laat uitsien na die eindtyd.

**Gebed:**

**Here Jesus, ek sien so uit na die volmaakte lewe saam met U. Gee my asseblief die krag om hierdie lewe op aarde voluit te leef vir U. En wanneer ek pyn en smart beleef - versterk dan die wete in my dat dit net tydelik is, en dat die volmaakte op my wag.**

**Jesus se Wederkoms**

**Openbaring 22:6-21**

**Luister**

Ons het aan die einde van Openbaring gekom. Vir my persoonlik was dit ‘n reuse ervaring om oor hierdie skatkis van simboliek en beeldspraak te kon skryf. Ek het so verskriklik onwaardig gevoel om dit te durf waag om Openbaring aan te pak, en ek moet vanoggend baie eerlik sê dat ek baie bang was om dit te doen, en baie gebid het voor ek kon waag om oor hierdie wonderlike boek te skryf.

Vir my persoonlik was dit ‘n openbaring, want ek het dit vir baie jare as ‘n geslote en onverstaanbare boek aanskou wat slegs deur ‘n handjievol baie slim manne verstaan kan word. Ek het dit altyd net durf waag om enkele bekende gedeeltes daaruit te lees. Vir my het Openbaring egter nuwe betekenis gekry, die oomblik toe ek lees hoe die verskillende kommentare dit verduidelik. Nou

is Openbaring nie meer vir my die boek van vrees, oordeel en totale misterie nie, maar die boek van God se onverklaarbare gróót liefde en genade. Ek hoop dat jy dit ook so ervaar het.

Johannes beklemtoon dat wat hier geskrywe staan waar is. Die engel het dit immers sélf vir hom gesê!

Daar was destyds talle apokaliptiese geskrifte in omloop, soortgelyk aan Openbaring. Vandag verskyn talle soortgelyke boeke steeds. Die meeste van hulle se inhoud is egter baie verdag, en kan nie die toets van betroubaarheid en waarheid slaag nie. Openbaring is egter totaal anders, daarom beklemtoon Johannes dat hierdie boek waar en betroubaar is. Ons kan nie anders as om die inhoud te glo nie! Die boek se oorsprong is immers die Here God! Ek glo met my hele hart dat dit die Heilige Gees is wat Johannes die inspirasie en opdrag gegee het om hierdie kosbare boek te skryf. Wanneer ons byvoorbeeld lees dat die Here

Jesus se koms naby is, dan is dit uit Sy eie mond wat ons dit hoor (Op. 22:7). Johannes bevestig dan ook dat sy getuienis betroubaar is, want hy het alles gesien en gehoor. Dit was nie maar net ‘n verbeeldingsvlug nie, maar hierdie asemrowende visioene was God se besonderse onthullings aan Johannes.

Baie ander apokaliptiese boeke word verseël totdat die regte tyd aanbreek om dit te lees, of slegs enkele bevoorregte mense kry insae daarin. Johannes kry egter die opdrag om die inhoud van die boek te onthul sodat elke mens op aarde die wonderlike boodskap kan hoor, dat die koms van die Here Jesus naby is! Inderdaad sien ons dit vandag so duidelik in alles wat rondom ons gebeur. Vir die ongelowige is dit ‘n beklemming om die hart om te sien hoedat die wêreld besig is om na sy einde te snel. Aardverwarming, en nou ook die afgryslike Kovid 19 boesem vrees in by elke ongelowige, want hulle sien die einde van die aarde nader spoed. En elke keer as ’n doemprofeet ’n voorspelling maak van ’n

onsigbare planeet wat ons gaan tref of een of ander groot katastrofe, soos byvoorbeeld die Maya's se voorspelling oor die einde van alles in Desember 2012, dan heers daar paniek onder die ongelowiges. Vir die gelowige is dit egter met opgewonde afwagting dat ons die dinge aanskou, want ons weet dat Jesus binnekort gaan kom.

Jesus sê ook vir Johannes dat Hy loon sal saambring. Oor hierdie woorde is daar nie eenstemmigheid nie. Sou dit beteken dat jy tóg beloon gaan word in die Hemel vir dit wat jy op aarde gedoen het? Sal die persoon wat sy hele lewe opgeoffer het vir die Evangelie 'n groter loon kry as dié een wat maar net saamgery het? Sommige teoloë meen dat almal dieselfde loon sal kry, en dat daar géén onderskeid in die Hemel sal wees nie. Die loon is immers om in volmaakte gemeenskap met die Lam te leef. Dit is nie jou dade wat beloon word nie, maar jou dade toon tóg of jy 'n navolger van die Lam is of nie.

Aan die einde van Openbaring moet ek myself vra of Jesus se wederkoms vir my ‘n verskriklike berg is wat voorlê, of ‘n wonderlike gebeurtenis om na uit te sien? Johannes is borrelend opgewonde oor die wederkoms, en die hele skepping smag daarna dat daardie dag moet aanbreek. Vir die gelowige is daar niks om te vrees nie, want ek is reeds vrygespreek van die oordeel. Daarom kan ek saam met ‘n reuse skare gelowiges uitroep: “Kom Here Jesus, kom gou!”

My vraag aan jou vanoggend is egter of jy ook so daaroor voel? Sien jy ook met groot verlange uit na Jesus se wederkoms? Of sit jy dalk met vrees in jou hart, want jy weet nie of jy die binnekant van die Hemel sal sien nie? As jy met daardie verskriklike angs sit, smeek Jesus by jou om te kom en van die water van die lewe te kom drink. Dis verniet! Jy hoef niks daarvoor te betaal nie!

My gebed is, dat jy saam met my smag: Marana ta! Kom Here Jesus, kom gou!

**Gebed:**

**Dankie Here Jesus, vir die groot voorreg wat U my gegee het om hierdie wonderlike boek te kon lees en bestudeer. Dankie vir al die boodskappe van genade en liefde wat opgesluit is hierin, en dat U my opnuut hierdeur versterk en getroos het. Marana ta! Kom Here Jesus!**

*As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik. Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.*

MOSBOLLETJIE BOEKE